# DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID, 1967 - 1990

**Cornelius Frederik Nortman**

**Hons. B.A.**

Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Artium in Geskiedenis in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Leier: Mnr. P.L. Möller

Vanderbijlpark
1995

# VOORWOORD

Graag wil ek die volgende persone en instansies bedank:

- My studieleier, mnr. P.L. Möller, vir sy kosbare tyd wat hy so gewilliglik aan my afgestaan het. Sonder sy bekwame leiding, hulp en aanmoediging sou ek seer sekerlik nie die verhandeling kon voltooi nie.
- Dr. N. Wandrag, vir sy ondersteuning en motivering.
- Mev. S. Opperman vir die hulp met die kontrolering van bronverwysings.
- Mev. M. Rossel vir die tikwerk.
- Mev. P.R. Kühne vir die redigering, formatering en latere tikwerk.
- Mev. E. Mellet vir die taalkundige versorging.
- Personeel van die Militêre Argief, maar in die besonder vir kolonel J.C. Combrinck en kommandeur N. Bredenkamp.
- Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek, PU vir CHO.
- My vrou Marlene, familie en vriende vir hulle belangstelling en meelewing.
- Aan my Hemelse Vader kom al die eer toe. Dankie vir die krag en leiding in die voltooiing van hierdie verhandeling.

## ABSTRACT

An institution such as the State President's Unit of which the guards of King Xerxes of Persia, the Swiss guard of the Vatican City, the English and French Guards as well as the unusual female guards employed by the King of Siam are examples, has a long history which can be traced back to even long before the Middle Ages.

The following article on the English and French guards, deals, among others, with the origin, functions, duties, requirements for admission into these units, as well as with the origin and variations of their uniforms. This serves only as a background and introduction to the article dealing with the State President's unit in the Republic of South Africa.

The origin of the State President's Unit with special uniform, dates back to the early Republican days and the founding of the Artillery Corps by President Brand from the Free State and President Burgers from the Zuid Afrikaansche Republics.

The earliest, as well as the later uniforms, were to some degree based on the ceremonial uniforms of the artillery and underwent respective changes through the years.

The first State President's Unit wore a green uniform which underwent several changes through the years. A blue uniform was for example proposed in 1980, but was rejected by the Prime Minister in 1984. In 1985, however, a new uniform was taken into use. The uniform itself is that of the army with a few essential pieces added, while the helmets to some extent is reminiscent of that of the Union Defence Force.

The State President's Unit has two important functions namely to act as home guard for the State President and also to act as guard of honour at ceremonial occasions. Members of this special guard have to meet specific requirements and are subject to strict selection requirements.

The main function of the State President's Unit is to protect his authority over the state and not to protect his person as many people believe. It is also, incorrectly, believed that the only thing they are capable of doing, is drilling exercises.

If one looks deeper into the training of these men during National Service, one soon gets a better knowledge of their job. The sentries learn to protect their country against outside attacks as well as against internal unrest. The ceremonial function is of great importance. This is the reason for the high standard of training for the Unit as home guard, as well as for the training as guard of honour.

# INHOUDSOPGAWE


**INLEIDING** ..... 1
**HOOFSTUK 1** ..... 4
**MILITêRE BESKERMING VAN STAATSHOOFDE: AGTERGROND EN HERKOMS** ..... 4
1. POSISIE VAN SUID-AFRIKA EN DIE WEERMAG GEDURENDE DIE SESTIGERJARE ..... 4
1.1 HERORGANISASIE VAN DIE WEERMAG ..... 6
1.2 MILITêRE EERBETONING AAN EN VERWELKOMING VAN BELANGRIKE BESOEKERS ..... 9
1.3 DIE GOEWERNEUR-GENERAAL WAGTE (GG-WAGTE) EN STAATSPRESIDENT SE HUISWAGTE ..... 12
2. MILITêRE BESKERMING VAN STAATSHOOFDE ..... 15
2.1 INLEIDING ..... 15
2.2 HOUSE CARLS EN DIE ONTSTAAN VAN DIE ENGELSE WAG ..... 16
2.3 PHILLIPPE II SE FRANSE WAG ..... 16
2.4 DIE PERSOONLIKE WAG VAN RICHARD I ..... 17
2.5 HENDRIK VIII SE GENTLEMEN-PENSIONERS IN ENGELAND ..... 17
2.5.1 KEURINGSVEREISTES VIR DIE FRANSE EN BRITSE KONINGSWAGTE ..... 18
2.6 SIAM (THIALAND) SE VROUEWAG ..... 18
2.6.1 INLEIDING ..... 18
2.6.2 DIE KONING VAN SIAM (THAILAND) SE VROUEWAG ..... 19
2.7 DIE SWITSERSE WAG IN DIE VATIKAANSTAD ..... 20
3. SLOT ..... 21

**HOOFSTUK 2** ..... 22
**DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID** ..... 22
1. AGTERGROND ..... 22
2. DIE DOEL VAN DIE EENHEID MET STIGTING ..... 25
3. AANVANKLIKE PERSONEEL EN GROEI IN PERSONEELSTERKTE ..... 26
4. DIE BEVELVOERDERS EN REGIMENTSERSANTMAJOORS (RSM) SEDERT ONTSTAAN TOT DIE DEAKTIVERING ..... 28
5. KEURINGSVEREISTES VIR LEDE VAN DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID ..... 30
6. FUNKSIES VAN DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID ..... 31
7. ORGANISASIE VAN DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID ..... 32
8. BASISVERANDERINGE ..... 41
9. DIE FUNKSIONERING VAN DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID EN DIE AMALGAMERING MET DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE ..... 43
9.1 EVALUERING/KOMMENTAAR TEN OPSIGTE VAN HIERDIE HANDELSWYSES ..... 46
10. SAMEVATTING ..... 48

**HOOFSTUK 3** ..... 50
**DIE UNIFORM VAN DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID - HERKOMS EN TRADISIES** ..... 50
1. INLEIDING ..... 50
2. DIE TRANSVAALSE STAATSARTILLERIE ..... 51
2.1 OORSPRONG ..... 52
2.1.1 DIE BYDRAE VAN HENNING PRETORIUS IN DIE RE-ORGANISASIE VAN DIE TRANSVAALSE STAATSARTILLERIE ..... 53
2.2 KEURINGVEREISTES WAARAAN LEDE VAN DIE STAATSARTILLERIE MOES VOLDOEN ..... 54
2.3 BEPALINGS VAN ARTIKEL 91 VAN WET NR. 1 VAN 1898 IN VERBAND MET DIE UNIFORM VAN DIE TRANSVAALSE STAATSARTILLERIE ..... 55
2.4 DEELNAME AAN OORLOGSTEATERS TYDENS DIE ANGLO-BOERE-

OORLOG ........ 64
3. DIE VRYSTAATSTE ARTILLERIEKORPS / ARTILLERIE-CORPS VAN DEN ORANJEVRIJSTAAT ........ 65
3.1 OORSPRONG ........ 65
3.2 BEPALINGS VAN ORDONNANSIE 3 VAN 1876 TEN OPSIGTE VAN TOELATINGSVEREISTES ........ 66
3.3 EERSTE UNIFORMS VAN DIE VRYSTAATSE ARTILLERIEKORPS ........ 67
4. DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID ........ 74
4.1 EERSTE SEREMONIëLE UNIFORM KRY SY BESLAG ........ 74
4.2 NUWE OORWEGINGE EN BESLUITE VIR 'N MEER AANVAARBARE UNIFORM ........ 79
4.3 'N NUWE SEREMONIëLE UNIFORM VIR DIE STAATSPRESIDENTS-EENHEID ........ 80
5. SAMEVATTING ........ 84

**HOOFSTUK 4** ........ **85**
**DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID IN SY KAPASITEIT AS SEREMONIëLE WAG ASOOK DIE HERALDIEK VERBONDE AAN DIE EENHEID** ........ **85**
1. INLEIDING ........ 85
2. STAATSPRESIDENTE EN SEREMONIëLE OPTREDES ........ 85
3. STAATSPRESIDENTE (SEREMONIëLE OPTREDES) ........ 87
3.1 C.R. SWART (1961 - 1967) ........ 87
3.2 T.E. DÖNGES ........ 88
3.3 J.J. FOUCHé (1968 - 1975) ........ 90
3.4 N. DIEDERICHS (1975 - 1978) ........ 92
3.5 B.J. VORSTER (1978 - 1979) ........ 95
3.6 M. VILJOEN (1979 - 1984) ........ 96
3.7 P.W. BOTHA (1984 - 1989) ........ 99
3.8 F.W. DE KLERK (1989-1994) ........ 100
4. HERALDIEK ........ 100
4.1 DIE WAPEN VAN DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID ........ 100
4.2 DIE STAATSPRESIDENTSVLAG (14/9/1984 - 26/7/1990) ........ 102
4.3 DIE INGEBRUIKNEMING VAN DIE NASIONALE VAANDEL OP 28 APRIL 1988 ........ 102
4.3.1 AGTERGROND ........ 102
4.3.2 VAANDELS IN DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG ........ 104
4.3.3 DIE AANBIEDING VAN DIE NASIONALE VAANDEL EN EENHEIDSVAANDEL AAN DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID ........ 106
4.3.4 INGEBRUIKNEMING VAN SABELS DEUR DIE STAATS-PRESIDENTSEENHEID ........ 108
5. SAMEVATTING ........ 110

**HOOFSTUK 5** ........ **112**
**DIE OPLEIDING, AANWENDING EN BETROKKENHEID VAN DIE STAATS-PRESIDENTSEENHEID TOT EN MET DIE DEAKTIVERING** ........ **112**
1. INLEIDING ........ 112
1.1 DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID IN SY HOEDANIGHEID AS HUISWAG ........ 113
1.2 DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID IN SY HOEDANIGHEID AS EREWAG ........ 113
2. OPLEIDING VAN DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID ........ 114
3. AANSPORING TEN OPSIGTE VAN OPLEIDING ........ 119
4. VEREISTES VIR 'N INFANTERIE-INSTRUKTEUR IN DIE STAATSPRESIDENTS-EENHEID ........ 120
5. OPERASIONELE AANWENDING VAN DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID ........ 121
5.1 BETROKKENHEID BY OEFENINGE ........ 124
6. BETROKKENHEID BY SPORTAANGELEENTHEDE ........ 125

7. LIEF EN LEED VAN DIE EENHEID .......... 128
8. MEDALJES EN DEKORASIES .......... 129
9. VRYHEID VAN STEDE EN DORPE .......... 132
10. DEAKTIVERING VAN DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID OP 26 JULIE 1990 .......... 133

**HOOFSTUK 6** .......... **136**
**SLOT** .......... **136**

**BRONNELYS** .......... **141**

**BYLAE A** .......... **150**

**BYLAE B** .......... **152**
FOTO'S .......... 152
GRAFIEKE .......... 153
FIGURE .......... 153

# INLEIDING

Die doel van hierdie verhandeling is om 'n wetenskaplike studie oor die Staatspresidentseenheid gedurende die periode 1967 tot 1990 te doen. Voorts is die doel van die ondersoek vierlei van aard naamlik:

- Om 'n algemene perspektief op die ontwikkeling en ontstaan van die Staatspresidentseenheid in die sestigerjare, en daarom ook die plek van die eenheid in die bewapening van die Weermag gedurende daardie jare, in oënskou te neem.
- Om die organisatoriese struktuur en aktiwiteite van die eenheid te skets.
- Om na te gaan watter rol die voorbeeld van buitelandse instellings, in besonder die Franse Wag, Engelse Wag, Switserse Wag en Siam (Thailand) se Vrouewag, in die vestiging en ontwikkeling van die Staatspresidentseenheid gehad het.
- Om te bepaal of hierdie eenheid wel voldoen het aan die eise van sy tyd.

Hierdie studie is noodsaaklik omdat daar nog nie voorheen so 'n ondersoek gedoen is nie. Daar het wel sekere publikasies oor die geskiedenis van die Staatspresidentseenheid verskyn wat òf deur Paratus òf die Militêre Argief òf as populêre leesstof uitgegee is.[1]

As populêre publikasies bied die werke egter 'n baie oppervlakkige weergawe van die Staatspresidentseenheid se geskiedenis.

Vir agtergrondskennis is veral die werke van Brackenbury, Breytenbach, Laffin, Van Jaarsveld, Van Aswegen en Venter gebruik.[2]

---

1 Anon, ***Samestelling van 'n kompanie***, 1977; Anon, ***Staatspresidentswag: 10 jaar van diens***, 1977; C. Barnard, ***Ons eie Presidentswag***, 1968; H.J. Botha & J. Ploeger, ***Die Duitse aandeel in die militêre geskiedenis van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika***, 1970; R.J. Bouch, ***Die uniform van die Transvaalse Staatsartillerie***, 1974; O.J.O. Ferreira, ***Die Staatsartillerie van die ZAR***, 1976; D.F.S. Fourie, ***Waar ontsaan ons militêre tradisies dan?*** 1981; E.M. Meyers, ***Die ontstaan en ontwikkeling van die Staatspresidentswag***, 1986; J. Ploeger, ***Uit die geskiedenis van die "Corps Staatsartillerie" van die ZAR***, 1985; G. Smith, ***Guards of the smallest state***, 1983; A. van de Venter, ***Nasionale vaandel vir alle eenhede***, 1988.

2 H. Brackenbury, ***The nearest guard: a history of Her majesty's Body Guard of the honourable Corps of Gentlemen-At-Arms***, 1892; J.H. Breytenbach, ***Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902***, 1969; J. Laffin, ***Women in Battle***, 1967; F.A. van Jaarsveld, ***'n Inleiding tot die studie van geskiedenis***, s.j.; F.A. van Jaarsveld, ***Van Van Riebeeck tot P.W. Bothe***, 1982; H.J. van Aswegen, ***Geskiedenis van Afrika***, 1980; E.A. Venter, ***400 leiers in Suid-Afrika oor vier eeue***, 1980.

Met die studie is daar gepoog om twee afsonderlike, maar tog nouverweefde ontwikkelingsfases, in 'n sinvolle geheel saam te voeg: die ontstaan en ontwikkeling (organisatoriese struktuur) van die Staatspresidentseenheid en die gepaardgaande herkoms van die uniform (gedateer uit die Vrystaatse Artillerie en die Suid-Afrikaanse Staatsartillerie) van die Staatspresidentseenheid.

In die navorsing is daar veral gebruik gemaak van argivale bronne en sekondêre bronne soos boeke, tydskrifte en koerante. Verskeie onderhoude is ook met oud-lede van die eenheid, asook Staandemaglede gevoer. Hierdie onderhoude was baie insiggewend en het bygedra tot die navorsing oor die ontstaan en ontwikkeling van die eenheid.

Hierdie navorsingstema word teoreties onder die breë terrein van militêre geskiedenis gereken. Hoewel daar nie 'n eenvormige model bestaan wat navorsers vir die bestudering van hierdie vakdissipline kan gebruik nie, is aanvaarde vakkundige navorsingsmetodes en tegnieke gebruik. Dit behels die ses bekende dissiplinêre stappe vir die geskiedskrywingsproses. Die ses stappe wat toegepas is, is vraagstelling, opsporing van bronne, die toepassing van eksterne en interne kritiek, die sintese van feite tot 'n kennisliggaam en die verantwoording van feite in voetnotas en in 'n bronnelys.[3]

Op 1 Mei 1967 het die Staatspresidentseenheid tot stand gekom. Die doel met die stigting van hierdie eenheid was aanvanklik tweërlei van aard.

- In die eerste plek moes hulle deur seremoniële optredes hulle totale toegewydheid aan die amp van die Staatspresident betoon.

- In die tweede plek moes die lede van hierdie eenheid doeltreffend as infanteriste opgelei word.

Primêr het dit hier gegaan om deur hul optrede kleur aan die amp van die Staatspresident te verleen en die beeld van die Staatspresident waardiger te maak en sekondêr die daarstelling van parate infanteriesoldate vir effektiewe aanwending deur die Suid-Afrikaanse Leër. Hierdie funksie is ook later verbreed sodat die Staatspresidentseenheid by gepaste geleenthede, soos onder andere die ontvangs van hooggeplaasde buitelandse besoekers aan Suid-Afrika, as erewag sou optree.

Die aanvanklike benaming was die Staatspresidentswag (1967-1986), wat egter net 'n seremoniële rol vervul het, terwyl die Suid-Afrikaanse Polisie die beskermingsrol hanteer het.

---

3 F.A. van Jaarsveld, *'n Inleiding tot die studie van geskiedenis*, pp.63-65.

Na die amalgamering met die Suid-Afrikaanse Polisie (1986) het die eenheid bekend gestaan as die Staatspresidentseenheid. In hierdie verhandeling sal die benaming Staatspresidentseenheid deurgaans gebruik word.

Die vraag ontstaan: in hoe 'n mate het hierdie eenheid hulle van hul taak gekwyt? Was hulle optrede ten aanskoue van nie alleen hooggeplaastes nie, maar ook van Jan Alleman van so 'n aard dat daar met trots van die Staatspresidentseenheid melding gemaak is? Was hulle opleiding van so 'n aard dat goed toegeruste soldate vir die Suid-Afrikaanse Leër daargestel is?

Om 'n antwoord op hierdie vrae te kry is 'n deeglike studie gedoen van die opleiding, optredes en operasionele aanwending van hierdie eenheid. Na 'n ontleding van bogenoemde het die ondersoeker dan ook tot die gevolg gekom dat hierdie eenheid hom wel onderskei het. Nie alleen is parate soldate vir die Suid-Afrikaanse Leër daargestel nie, maar die Staatspresidentseenheid het deur sy flink en indrukwekkende optrede sinoniem geword met ons land se trotse militêre tradisie.

Voordat daar 'n deeglike studie van die Staatspresidentseenheid gemaak kon word, was dit noodsaaklik om na soortgelyke wagte in ander wêrelddele te kyk. Daarom word daar ook 'n kort historiese oorsig gegee oor die agtergrond en herkoms van die Britse Wag, die Franse Presidensiële Wag, Siam (Thailand) se Vrouewag en die Switserse Wag in die Vatikaanstad.

Deur die navorsing kon 'n duidelike beeld gevorm word van watter rol die Staatspresidentseenheid in Weermagkonteks gespeel het, asook hoe die eenheid ontwikkel het tot 'n selfstandige selfrekenpligtige eenheid. Die ontstaan en ontwikkeling van die eenheid moet ook gesien word teen die agtergrond van die reorganisasie van die Suid-Afrikaanse Weermag en die latere grondwetlike veranderinge in die land.

Die oorsprong van die seremoniële uniform van die Staatspresidentseenheid kan teruggevoer word na die vroeë Republikeinse dae met die stigting van die Artilleriekorpse, onderskeidelik in die Vrystaat en Zuid-Afrikaanse Republieke. In 'n mate was die eerste en latere uniform gebaseer op die seremoniële uniform van die Artilleriekorpse en daarom word beide hierdie uniforms (Artillerie-Corps van den Oranjevrijstaat en Zuid-Afrikaansche Artillerie-Corps) breedvoerig bespreek.

Met die stigting van die eenheid het die klem organisatories hoofsaaklik op seremoniële aspekte geval, bv. 'n tuiswag, 'n erewag en diesmeer. Later was daar 'n klemverskuiwing na 'n meer konstruktiewe opleiding, wanneer lede van die eenheid nie besig was met primêre seremoniële take nie.

# HOOFSTUK 1

## *MILITêRE BESKERMING VAN STAATSHOOFDE: AGTERGROND EN HERKOMS*

### 1. POSISIE VAN SUID-AFRIKA EN DIE WEERMAG GEDURENDE DIE SESTIGERJARE

Een van die belangrikste na-oorlogse ontwikkelings in die wêreld was die politieke evolusie van Afrika. In 1945 was daar slegs vier onafhanklike state op hierdie vasteland te wete Suid-Afrika, Ethiopië, Liberië en Libië. Twintig jaar later was daar meer as 30 onafhanklike Afrikastate. Hierdie transformasie van 'n koloniale vasteland na een van onafhanklikheid kon onder andere toegeskryf word aan veral die rol wat Afrika Nasionalisme sou speel. In sy werk skryf J.L. Henderson soos volg oor hierdie vorm van nasionalisme soos in Afrika geopenbaar:

> Externally, it operates as a force working for the total abolition of the old relationship between superior and inferior - Europe and Africa - and as between European and African. Internally, it is a regenerating force seeking to destroy Africa's 'colonial mentality' and to uplift the African - economically, culturally and socially.[1]

Met die ontstaan van Pan-Afrikanisme het daar 'n begrip van onverbondenheid (non-alignment) ontstaan wat verreikende gevolge vir Afrika ingehou het.[2] Onverbondenheid beteken dat die Afrikastate hulself nie verbind het aan enigeen van die twee groot magsblokke in die wêreldpolitiek nie. Afrikastate wou te alle koste hul nuutgevonde onafhanklikheid bewaar en nasionalisme ontplooi.

Die alternatief sou wees dat Afrika hom aan die kant van òf die Weste òf die Ooste moes skaar. Dit sou 'n wesentlike bedreiging vir hulle onafhanklikheid inhou, aangesien 'n militêre alliansie tussen 'n sterk en swak vennoot noodwendig sou lei tot die onderwerping van die swakkere. Onderliggend aan die beleid van onverbondenheid was daar ook die strewe na 'n eie identiteit (Afrika-persoonlikheid), en om nie as bloot 'n toevoeging tot een van die groot moondhede beskou te word nie.

---

1 J.L. Henderson, ***Since 1945: Aspects of Contemporary World History***, p.3.

2 H.J. van Aswegen, ***Geskiedenis van Afrika***, p.523.

Die begrip Afrika-persoonlikheid het ontstaan uit die verset van die Afrikane teen die Westerse stempel wat deur imperialisme op Afrika afgedruk was.

Ook Suid-Afrika sou die opkoms van 'n ontwakende Afrika nasionalisme ervaar wat veral druk op sy binnelandse beleid sou plaas - druk wat geleidelik tot die isolasie van die res van die wêreld sou lei.

Gedurende die sestigerjare was daar 'n toename in die intensiteit en frekwensie waarmee die sosio-politieke situasie in Suid-Afrika, sowel binnelands as buitelands, onder bespreking was. Dit kon toegeskryf word aan die feit dat die Britse eerste minister, Harold Macmillan, twyfel uitgespreek het oor die rigting van afsonderlike ontwikkeling (apartheid) in Suid-Afrika en dat Brittanje Swart-nasionalisme aanvaar het. Dit het gelei tot die politieke ontvoogding van Britse kolonies en 'n Britse terugtrekking uit Afrika.

Verskeie belangrike gebeure het hieruit voortgevloei. Die belangrikste hiervan was onder meer die uittrede uit die Statebond, die reorganisasie van die Weermag na aanleiding van toenemende rewolusionêre geweld deur Swart-nasionalisme en die afkondiging dat Suid-Afrika voortaan 'n Republiek sou wees.

Benewens hierdie toenemende internasionalisering, het bogenoemde gebeure druk op die totaliteit van Suid-Afrika se magsbasis uitgeoefen, dit wil sê ten opsigte van staatkundige, ekonomiese, maatskaplike en veiligheidsverwante aangeleenthede. Gegewe die diversiteit van die Republiek van Suid-Afrika se bevolkingsamestelling en die gepolariseerdheid van die verskillende gemeenskappe, was dit vanselfsprekend om te beweer dat die impak van bogenoemde gebeure verskillend beleef sou word deur die onderskeie bevolkings- en belangegroepe.

Die mate waartoe gebeure soos hierdie die politieke spektrum beïnvloed het, moes ook verreken word teen die agtergrond van ekonomiese sanksies, disinvestering en politieke onrus (veral uit Swart geledere) op Suid-Afrikaanse bodem.

Die idee om 'n eenheid soos die Staatspresidentseenheid te stig wat die amp van die Staatspresident kon bedien, het veral in die jare kort na Republiekwording sterk na vore gekom en nuwe momentum is verkry in die herbewapening van die Weermag gedurende daardie jare.

Die Staatspresidentseenheid het ontstaan in die tydsvak van toenemende druk van veral Afrika-lande en sommige Westerse lande.

## 1.1 HERORGANISASIE VAN DIE WEERMAG

Vanweë die rewolusionêre klimaat in Suid-Afrika, was dit essensieel dat die Republiek van Suid-Afrika moes saamstaan in 'n poging om 'n militêre vuis daar te stel, waarvan die menslike en ander elemente doeltreffend moes wees, om die aanslae teen die land te weerstaan. Dit was dan ook in die sestigerjare die militêre beleid om met die Weste saam te werk. In die wedywering tussen die Westerse en die groot meerderheid van Oosterse lande om die guns van Afrikastate, het die Republiek van Suid-Afrika die gemeenskaplike skyf geword. Hierdie tydsvak was dan ook gekenmerk deur dreigemente van sommige Afro-Asiatiese lande en wat openlik militêre optrede teen die Republiek bepleit het.

Benewens hierdie druk op die totaliteit van die staat, was dit essensieel dat Suid-Afrika op militêre gebied sterk moes wees, en nie op ander lande alleen moes staatmaak om homself te beskerm nie.

Waar die rol van die Staatspresidentseenheid in hierdie studie beskryf en geëvalueer gaan word, was dit belangrik om die posisie van die Weermag gedurende die sestigerjare in heroënskou te neem. Dit was dan ook die uitgangspunt van die kommandant-generaal R.C. Hiemstra, S.S.A., nadat hy die amp as hoof van die Weermag aanvaar het. Volgens kommandant-generaal Hiemstra moes daar in enige organisasie vooruitgang, of agteruitgang wees, geen organisasie mag staties bly nie.[3] Vooruitgang impliseer ook veranderinge en dit was belangrik om vas te stel of die samestelling en funksionering van die Weermag nog aan die vereistes van die tyd en taak voldoen. Die sestigerjare was dan ook gekenmerk deur die herbewapening van die Weermag. Die Republiek van Suid-Afrika was verplig om 'n intensiewe bewapenings- en militêre opleidingsplanne in werking te stel. Sy skouspelagtige ekonomiese groei het hom krag verleen om sy weerbaarheid in 'n grotendeels vyandige vasteland te versterk.

Tydens 'n beleidsmosie in die Senaat deur die Minister van Verdediging, mnr. J.J. Fouche, in 1960, was die Senaat meegedeel dat 'n Raad vir Verdedigingsnavorsing in die lewe geroep is.[4] Hierdie Raad het ontstaan as gevolg van die uittrede van die Republiek uit die Gemenebes wat meegebring het dat Suid-Afrika geïsoleer was. Die doel van hierdie Raad

---

3 Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) - Argief, Pretoria, Hoof van die Leër, (H-Leër) groep 4, houer 4, lêerno. G/SD/3/O; inlaag 9, ***Die Transvaler***, 1 Oktober 1960: berig.

4 SAW-Argief, Pretoria, Adjudant-generaal/Hoof van Weermag Administrasie (AG/HWA), houer 119, lêerno. AG/508/3/2, inlaag 17, ***Beleidsmosie in die Senaat***, 12 Maart 1960.

was om wetenskaplikes in eie geledere te werf en hul kennis en dienste ten volle te benut tot voordeel van.die land.

Weens die uittrede was Suid-Afrika afgesny van een van sy hoofbronne van inligting oor die resultate van verdedigingsnavorsing.

Volgens die Hoof van die Weermag, kommandant-generaal Hiemstra het daar 'n dringende behoefte ontstaan vir 'n koördinerende stafgroep in die hoofkwartierorganisasie onder 'n eie hoof vir die koördinering van die Weermag se wyduiteenlopende bedrywighede, vir die voortdurende bestudering van die nuutste ontwikkelinge in die buiteland, vir breë strategiese en vooruitbeplanning en vir die behartiging van ander take van gemeenskaplike belang vir die drie Weermagsvertakkinge.[5] Enersyds moes leemtes geïdentifiseer word en andersyds oplossings aangebied word. Om paraat te wees, moes die gehalte, intensiteit, die omvang en aard van militêre opleiding, aandag geniet.[6]

Die sestigerjare was gekenmerk deur 'n algehele opknapping en uitbreiding van die Suid-Afrikaanse Weermag, wat gemeet teen wêreldstandaarde, reeds verouderd was. Die Weermag moes planmatig uitgebou word om sy slaggereedheid so doeltreffend moontlik te maak om enige aggressie na die beste van sy vermoë te bekamp. Om dit te kon vermag, moes kommando's gereorganiseer word, die bestaande Burgermag moes uitgebrei word, die Staande Mag moes aansienlik vergroot word en 'n doeltreffender bevelstruktuur moes geskep word.[7]

Suid-Afrika (weens uittrede uit die Statebond) was nou genoodsaak om op militêre gebied, selfvoorsienend te wees, juis as gevolg van die onbestendige wêreldpolitieke situasie en in die lig van oplaaiende dreigemente van buite.[8]

---

5 SAW-Argief, Pretoria, H-leër, groep 4, houer 4, lêerno. G/SD/3/0, inlaag 9, ***Die Transvaler***, 1 Januarie 1960: berig.

6 SAW-Argief, Pretoria, Minister van Verdediging, P.W. Botha-groep (MVB), houer 69, lêerno. 70/4 deel 1, inlaag 18, ***Ons Republiek: sy Weermag, 1961-1971***, 12 Januarie 1971.

7 SAW-Argief, Pretorie, AG/HWA, houer 119, lêerno. AG/508/3/2, inlaag 17, ***Beleidsmosie in die Senaat***, 12 Maart 1960.

8 SAW-Argief, Pretoria, AG/HWA, houer 119, lêerno. AG/508/3/2, inlaag 17, ***Beleidsmosie in die Senaat***, 12 Maart 1960.

In hierdie verband het lede van die Weermag voortdurende hul aandag bepaal by die toets van verbeterde en nuwe idees vir gebruik deur die Weermag.[9]

Hier het dit nie net gegaan om die verkryging van moderne tegnologie en wapens nie, maar ook die daarstelling van parate, weerbare manskappe. Volgens mnr. Fouché, minister van Verdediging, was die belangrikste faktor nog steeds die man agter die wapen. Effektiewe opleiding en die uitdaging van intensiewe opleidingsprogramme verskaf 'n goeie soldaat met dissipline en selfvertroue om sy take met gemak in rewolusionêre situasies te hanteer. Daarom was dit dus belangrik dat die moraal van die Weermag reg moes wees. Volgens mnr. Fouché moes hierdie geestelike eienskappe, gerugsteun deur moderne wapentuig, Suid-Afrika sterk maak in hul stryd om voortbestaan.[10]

Suid-Afrika se isolasie het meegebring dat die land self in sy eie behoeftes van wapentuig moes voorsien. Daar moet egter vermeld word dat Suid-Afrika wel wapentuig van oorsee aangekoop het en hierdie kontrakte ook voorsiening gemaak het vir vervaardigingsregte. Afgesien van regstreekse militêre ondersteuning, was Suid-Afrika 'n geïndustrialiseerde land wat daartoe in staat was om 'n waardevolle bydrae te lewer deur die vervaardiging van krygstuig. Dit het gelei tot die aankoop van planne, spesifikasies en lisensies van oorsese ontwerpe van sekere krygstuig. Daaruit het nuwe wapen- en ammunisiebedrywe ontstaan, onder andere vir die bou van straalvliegtuie. Sy militêre voorbereidings het die Republiek in die sestigerjare in staat gestel om die status quo in Suidwes-Afrika (Namibië) te handhaaf asook om die aanslae van groepe goed gewapende terroriste af te weer.

Die nasionale dienspligstelsel was herroep en die Weermag moes noodgedwonge weer gaan kyk het na die beskikbaarheid van troepe. Die dienspligstelsel in 1960 was geheel en al ontoereikend en hierdie stelsel sou dringend aanpassings verg. Dit het dan ook tot gevolg gehad dat die Verdedigingswet (Wet nommer 44 van 1957) gewysig is om voorsiening te maak vir voldoende mannekrag.[11] So kan genoem word dat in 1960/61 die voorsiening van die Departement van Verdediging 0,9% van die Bruto-volksproduk verteenwoordig het,

---

9 SAW-Argief, Pretoria, AG/HWA, houer 119, lêerno. AG/508/3/2, inlaag 17, ***Beleidsmosie in die Senaat***, 12 Maart 1960.

10 SAW-Argief, Pretoria, AG/HWA, houer 119, lêerno. AG/508/3/2, inlaag 17, ***Beleidsmosie in die Senaat***, 12 Maart 1960.

11 SAW-Argief, Pretoria, Minister van Verdediging, P.W. Botha-groep (MVB), houer 69, lêerno. 70/4 deel 1, inlaag 18, ***Ons Republiek en sy Weermag, 1961-1971***, 12 Januarie 1971.

terwyl die voorsiening vir verdediging in 1968/69 tot 2,5% van die geskatte volksproduk gestyg het.[12]

Dit was dan ook in hierdie tydvak dat die Staatspresidentseenheid sy beslag gekry het.

## *1.2 MILITêRE EERBETONING AAN EN VERWELKOMING VAN BELANGRIKE BESOEKERS*

Enige land wil deur presisiedrilvertonings luister aan geleenthede verskaf waar sy eie staatshoof en of belangrike oorsese besoekers optree. Vervolgens word 'n kort historiese oorsig gegee oor die aard en omvang van Protokol. Dit sou dus nie vreemd wees as die Republiek sy ontvangs- en vertrekseremonies wysig om by plaaslike omstandighede aan te pas nie. Veral nou dat die Republiek nie meer lid van die Statebond was nie, het verskeie van die tradisies in onbruik geraak en hulle kon dus gewysig word om 'n meer tradisionele Suid-Afrikaanse kleur daaraan te verleen.

D.F.S. Fourie beweer in 'n artikel in Militaria dat tradisie 'n belangrike rol speel in die lewe van die krygsman omdat dit die taak van die leier soveel makliker maak deur aan sy ondergeskiktes 'n besondere, samebindende fokus vir hulle lojaliteit te gee.[13] Binne enige Weermag bestaan daar sekere tradisies, gebruike en seremonies en is daar spesiale melding gemaak vir die ontvangs en militêre eerbetoon aan staatshoofde, regeringshoofde en kabinetsministers. Daarom was dit belangrik dat seremoniële optredes reg laat geskied aan die besoeker se amp en die aard van sy besoek.

Die Departement van Buitelandse Sake het gedurende Julie 1963 die Republiek se Ambassades in Londen, Washington, Parys, Den Haag, Brussel, Rome en Lissabon besoek om vas te stel welke gebruik bestaan in bovermelde lande wat betref die militêre eerbetoon aan belangrike buitelandse besoekers.[14] Die sake waaroor die Departement veral duidelikheid wou verkry, was:[15]

---

12 SAW-Argief, Pretoria, Minister van Verdediging, P.W. Botha-groep (MVB), houer 69, lêerno. 70/5 deel 1, inlaag 18, ***Ons Republiek: sy Weermag, 1961-1971***, 12 Januarie 1971.

13 D.F.S. Fourie, "Waar ontstaan ons militêre tradisies dan?", ***Militaria***, vol. 11, no.3, 1981, p.35

14 SAW-Argief, Pretoria, AG/HWA, houer 179, lêerno. AG/538/1, vol. 3, inlaag 111, ***Militêre eerbetoning en verwelkoming van belangrike buitelandse besoekers***, 12 Maart 1965.

15 SAW-Argief, Pretoria, AG/HWA, houer 179, lêerno. AG/538/1, vol. 3, inlaag 111, ***Militêre eerbetoning aan en verwelkoming van belangrike buitelandse besoekers***, 12 Maart 1965.

(i) of gebruik gemaak word van erewagte, en indien wel, by welke geleenthede volle erewagte en by welke ander geleenthede halwe erewagte gebruik word;

(ii) of die volkslied gespeel word;

(iii) of 'n kanonsaluut gevuur word;

(iv) welke eerbetoon besoekende Eerste Ministers en kabinetsministers te beurt val;

(v) watter wesenlike verskil daar tussen seremonies by staatsbesoeke en amptelike besoeke bestaan.

In hierdie verband wou die Departement van Buitelandse Sake voorskrifte opstel en die prosedure finaal koördineer. Die aangeleentheid was voorgelê aan die Departement van Verdediging, Departement van die Eerste Minister en die Kantoor van die Staatspresident vir insette. Volgens Staandemag-regulasies kon 'n erewag vir hooggeplaaste persone by hul aankoms en vertrek in die Republiek verskaf word. Hierdie regulasies het egter nie voorsiening gemaak vir hooggeplaaste persone wat binne die Republiek rondreis nie.

Die Protokolafdeling van Buitelandse Sake het 'n duidelike onderskeid getref tussen staats-, regerings-, amptelike- en privaatbesoeke. Alvorens die prosedurebeleid vir militêre eerbetoon bepaal kon word, moet ondervermelde besoeke eers gedefinieer word:[16]

(a) 'n Staatsbesoek - wat alleenlik gebring kon word deur staatshoofde (van onafhanklike state) as uitgenooide gaste van die Staatspresident.

(b) 'n Regeringsbesoek - 'n besoek aan die Republiek deur 'n Eerste Minister of Kabinetsminister op uitnodiging van die regering.

(c) 'n Amptelike besoek - 'n besoek wat 'n Eerste Minister of Kabinetsminister aan die Republiek bring sonder dat hy/sy uitgenooi is.

(d) 'n Privaatbesoek - 'n besoek wat 'n lid van 'n vreemde regering aan die Republiek gebring het in 'n algehele private hoedanigheid.

Die volgende voorstelle is gemaak ten opsigte van die ontvangs en vertrek van hooggeplaaste persone en is later amptelik aanvaar.

---

16 SAW-Argief, Pretoria, AG/HWA, houer 179, lêerno. AG538/1, vol. 3, inlaag 111, ***Militêre eerbetoning aan en verwelkoming van belangrike besoekers***, 12 Maart 1965.

(a) **Staatsbesoeke**

Staatshoofde: By aankoms en vertrek: Volle erewag (100 man) - vreemde Volkslied - die Stem van Suid-Afrika - presenteer van wapens - inspeksie van die erewag - 21 kanonsaluut.

(b) **Regeringsbesoeke**

(1) Eerste Ministers: By aankoms en vertrek: Halwe erewag (50 man) - generale saluut - inspeksie van erewag - presenteer van wapens - 19 kanonsaluutskote.

(2) Kabinetministers: By aankoms en vertrek: Halwe erewag (50 man) - generale saluut - presenteer van wapens.

(c) **Amptelike besoeke**

(1) Eerste Ministers: By aankoms: Halwe erewag (50 man) - generale saluut - presenteer van wapens.

(2) Kabinetministers: Geen militêre formaliteite by aankoms of vertrek nie. Hy word verwelkom deur sy Suid-Afrikaanse eweknie en die Hoof van Protokol.

(d) **Privaat-besoeke**

Geen voorgeskrewe prosedure het bestaan nie. Welwillendheid wat deur die Suid-Afrikaanse owerhede aan die besoeker betoon word, was natuurlik geheel en al vrywillig.[17]

Hooggeplaaste persone wat Suid-Afrika besoek moes met hoflikheid, vriendelikheid en takt behandel word, en die optrede teenoor die gaste moes tot eer van Suid-Afrika strek en moes in ooreenstemming wees met die aanvaarde beginsels van protokol.

Daar moet egter vermeld word dat protokoloptredes reeds voorheen bestaan het, maar is eers in 1964 as prosedurebeleid geformuleer.

---

17 Vergelyk SAW-Argief, Pretoria, AG/HWA, houer 179, lêerno. AG 538/1, vol. 3, inlaag 111, ***Militêre eerbetoning aan en verwelkoming van belangrike buitelandse besoekers***, 12 Maart 1965; SAW-Argief, Pretoria, AG/HWA, houer 179, lêerno. AG 538/1, vol. 3, inlaag 1, ***Voorskrifte: erewagte, musikale en geskutsalute***, 16 September 1964.

## 1.3 DIE GOEWERNEUR-GENERAAL WAGTE (GG-WAGTE) EN STAATSPRESIDENT SE HUISWAGTE

Die Goewerneur-generaal wagte (ook bekend as GG-wagte) en later die Staatspresident se huiswagte het aanvanklik die seremoniële pligte van die Staatspresidentseenheid (voor die eenheid se ontstaan) verrig. Territoriale kommandemente was verantwoordelik vir reëlings in verband met die koördinering van seremoniële parades en funksies. Dit was na gelang van omstandighede op 'n ad hoc-basis besluit en die Adjunk-generaal van die Weermag het die nodige opdragte in die verband uitgereik.[18]

Dit impliseer dat verskillende vertakkinge van die Weermag verantwoordelik was vir die voorsiening van 'n geskutsaluut, erewagte vir seremoniële optredes en wagte by die Staatspresidentswoning. Die bewegings van die Uniale Goewerneur-generaal en die latere Staatspresident het bepaal watter regiment of eenheid hierdie funksie moes verrig. Eenhede wat diens gedoen het, was die Lugmaggimnasium, die Leërgimnasium, die Vlootgimnasium, die Maritieme groep en 2 Mobiele Wag. Hierdie eenhede was dan ook verantwoordelik vir die vlaghysing- en vlagstrykingseremonie by die Presidentsiële huis.

Die GG-wagte en Staatspresident se huiswagte het voor die Presidensiële woning as skildwagte opgetree. Van hierdie skildwagte is vereis om te alle tye spesiale eerbewyse teenoor hooggeplaaste persone te betoon. Alle pogings is aangewend om skildwagte van die nadering van 'n persoon aan wie die Wag militêre eer moes betoon, vroegtydig in kennis te stel. Skildwagte moes korrek en volgens regulasies marsjeer.[19] Die kommandementsoffisier aan diens moes hierdie skildwagte daagliks opstel, teenwoordig wees wanneer die wagte gewissel word, besoek en inspekteer gedurende sy rondtes.[20]

Die pligte van hierdie skildwagte stem baie ooreen met die latere Staatspresidentseenheid. Van hierdie skildwagte is verwag om hulle gewere vir die Staatspresident en gewapende magte asook ander hooggeplaaste persone of besoekers te presenteer.

Dat hierdie skildwagte slegs vir seremoniële doeleindes aangewend is, blyk duidelik uit 'n briefwisseling tussen die bevelvoerder van Kommandement Noord-Transvaal en Lugmaggimnasium. In 1960, volgens majoor J.H. Eccles, van die Lugmag, het gevalle

18 SAW-Argief, Pretoria, AG/HWA, groep 3, houer 118, lêerno. AG 508/2/3, inlaag 28a, ***Teleks***, 1962.

19 SAW-Argief, Pretoria, Kommandement Noord-Transvaal (Kmdt.N.T.) groep 4, houer 47, lêerno. A/Vis/2, inlaag 82, ***Staande order***, aanhangsel B, 14 Desember 1962.

20 SAW-Argief, Pretoria, Kmdt. N.T., groep 4, houer 47, lêerno. A/Vis/2, inlaag 107, ***Bewegings van die Staatspresident***, 12 Augustus 1963.

voorgekom waar wagte van die Suid-Afrikaanse Lugmaggimnasium deur onverantwoordelike lede van die publiek lastig geval is. Hierdie wagte het die sypaadjie voor die Goewerneur-generaal se woning gepatrolleer en was dikwels blootgestel aan uittarting sonder verweer. Majoor Eccles het Kommandement Noord-Transvaal versoek om vertoë tot die kontroleur van die Huishouding te rig om die wagte binne die omheining te laat patrolleer.[21]

Kommandement Noord-Transvaal se reaksie hierop was dat die wagte soos opgestel by die Goewerneurswoning niks anders was as 'n seremoniële Wag nie. Sou die Wag binne die omheining patrolleer, min of meer uit die oog van die publiek, beantwoord dit nie aan die doelstelling daarvan nie.[22] Na aanleiding van hierdie probleem is 'n elektriese klokkie aangebring wat skildwagte in staat gestel het om die wagbevelvoerder onmiddellik te ontbied.

Tydens 'n persoonlike onderhoud met doktor Nic Wandrag, wat in 1959 as vrywillige vir 'n tydperk van een jaar by Leërgimnasium ingedeel was, en later diens as skildwag by die Goewerneurswoning verrig het, is die versekering gegee dat hierdie wagte slegs vir seremoniële doeleindes aangewend is.[23] Die aanname kon gemaak word dat die Staatspresidentseenheid wel 'n voorganger gehad het, naamlik die Goewerneur-generaal wagte en die Staatspresident se huiswagte. Eers later sou die behoefte ontstaan vir die daarstelling van 'n eenheid wat hierdie seremoniële funksie moes verrig.

Die stelsel om een of ander bevelvoerder of organisasie aan te wys vir seremoniële funksies, het heelwat kritiek uitgelok. In die praktyk het heelwat probleme ontstaan juis as gevolg van die Weermag se benadering om territoriale kommandemente aan te wys. Drie misverstande wat groot verleentheid veroorsaak het, kan as voorbeelde genoem word.

Die eerste probleem wat ontstaan het, was tydens 'n seremoniële funksie in 1962. Die offisier wat vir die seremonie verantwoordelik was, het nooit die terrein vooraf geïnspekteer om die posisie van die vlagpaal te bepaal nie en seker te maak dat daar wel 'n vlag beskikbaar was nie.[24] Met die aanvang van die seremonie het kaptein J.P. Pretorius

---

21 SAW-Argief, Pretoria, Kmdt. N.T., groep 4, houer 47, lêerno. A/Vis/2, inlaag 17, ***Wagte: Goewerneur-generaal se woning***, 1 Maart 1960.

22 SAW-Argief, Pretoria, Kmdt. N.T., groep 4, houer 47, lêerno. A/Vis/2, inlaag 19, ***Wagte: Goewerneurswoning***, 24 Maart 1960.

23 N. Wandrag, Onderhoud, 1991.

24 SAW-Argief, Pretoria, AG/HWA, groep 3, houer 118, lêerno. AG 503/2/3, inlaag 28a, 28b en 28c, ***Teleks***, 1962.

(tweede in bevel van A-kompanie, Leërgimnasium) besef dat daar geen vlag of paal beskikbaar was nie. As gevolg hiervan moes die seremonie gewysig word en kon geen vlaghysing of vlagstryking gehou word nie.

Die tweede probleem was met die verhoor van adjudant-offisier (AO1) Willem Lodewyk Smith, RSM van die Leërgimnasium, wat aangekla is volgens die oortreding van Art. 19(2)RVD, deurdat hy versuim het om die Wag by die Staatspresidentswoning, op 3 Augustus 1962, op te stel.[25]

Die derde probleem is veroorsaak deur die misverstand dat daar nie 'n erewag teenwoordig was toe die nuwe ambassadeur van Nederland, mnr. Henry Helb, sy geloofsbriewe aan die Staatspresident oorhandig het nie. Die *Sunday Express* het hieroor berig: Defence Force slip caused red faces at Government House. No guard of Honour for Dutch envoy"[26] en dit het 'n groot verleentheid vir die Wag meegebring.

Die vraag ontstaan egter: in hoe 'n mate het hierdie verleenthede die beeld van die Suid-Afrikaanse Weermag beïnvloed? Om 'n antwoord op hierdie vraag te kry, moes die optrede van territoriale kommandemente ondersoek word. Nadat die bydraes van die onderskeie Suid-Afrikaanse Weermagvertakkinge ontleed is, het die ondersoeker tot die volgende slotsom gekom. In die eerste plek het daar wel 'n behoefte bestaan vir die stigting van 'n eenheid wat hierdie funksie moes verrig. In die tweede plek kon Suid-Afrika weens isolasie (beleid van afskeiding) nie soortgelyke situasies bekostig nie, en moes die land voortdurend daarna streef om sy beeld na buite te verbeter.

As gevolg van veranderinge wat in die opleidingstelsel gedurende die sestigerjare ingetree het, het die aanvanklike doelstellings van die drie gimnasia in 'n groot mate verval. Veral die Leërgimnasium was deur hierdie besluit geraak. Die Leërgimnasium sou in die toekoms gevoed word deur dienspligtiges wat gekeur was vir opleiding as offisiere en onderoffisiere in die Burgermag en verander dus sy status na 'n rigting vir hoër opleiding. Hierdie organisatoriese en administratiewe klemverskuiwing by die Leërgimnasium het meegebring dat die eenheid nie meer hierdie seremoniële funksie kon hanteer nie.

Dit het nou al hoe duideliker geword dat daar wel 'n behoefte was vir die daarstelling van 'n eenheid sodat soortgelyke verleenthede voorkom kon word. Wanneer vreemde staatshoofde

---

25 SAW-Argief, Pretoria, AG/HWA, groep 3, houer 118, lêerno. A/Vis/2, inlaag 64, ***Movements: the State President***, 6 August 1962.

26 ***Sunday Express***, 27 january 1963: report.

en regeringslede amptelike besoeke aan die Republiek bring, moes die seremonies reg laat geskied aan die besoeker se amp en die aard van sy besoek. Protokoloptrede was dus van kardinale belang omdat dit terselfdertyd gedien het as vertoonvenster van die Republiek.

# 2. MILITêRE BESKERMING VAN STAATSHOOFDE

## *2.1 INLEIDING*

Soortgelyke wagte in Europa - soos die Staatspresidentseenheid - het 'n lang en roemryke geskiedenis. Die gebruik van konings en staatshoofde in Europa om gewapende lyfwagte aan te hou, was terugvoerbaar tot die antieke tyd.[27] Genoemde voorbeelde uit die geskiedenis van sodanige wagte was die "Onsterflikes" van koning Xerxes van Persië[28] en die Switserse Wag wat vandag nog diens doen in die Vatikaanstad.[29] 'n Ander voorbeeld hiervan is Julius Ceaser. In die hedendaagse lewe word heelwat soortgelyke wagte aangetref met 'n tweërlei funksie, naamlik 'n seremoniële- en beskermingsrol. Hier word verwys na die Verenigde State van Amerika se Marinierskorps, die Franse Presidensiële Wag en die Britse Wag.[30]

Volgens E.M. Meyers in 'n artikel in ***Militaria*** het Britse konings alreeds in die Anglo-Saksiese tydperk, lyfwagte gehad wat hulle moes beskerm.[31] Met verloop van tyd het die funksie van sodanige wagte uitgebrei sodat daar ook nou seremoniële luister daaraan gekoppel kon word. Die Wag was nou verantwoordelik vir die beskerming van 'n koning of staatshoof maar ook verantwoordelik vir die seremoniële swier.

---

27 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, ***Militêre beskerming van staatshoofde***, 1986.

28 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, ***Militêre beskerming van staatshoofde***, 1986.

29 G. Smith "Guards of the smallest state", ***Soldier***, vol. 39, no.17, September 1893, p.21.

30 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, ***Implimenteringsinstruksie: aktivering van die Staatspresidentseenheid***, 15 Mei 1984.

31 E.M. Meyers, "***Militêre beskerming van staatshoofde...***", p.2.

## 2.2 HOUSE CARLS EN DIE ONTSTAAN VAN DIE ENGELSE WAG

Vir byna 400 jaar was die "Corps of Gentlemen - at Arms,"[32] onder verskillende benaminge, die persoonlike lyfwag van die Koning in Engeland. Die eerste Britse koninklike lyfwag was die van Edwin, die koning van Northumberland in die sewende eeu.[33] Hierdie Wag was die persoonlike lyfwag van koning Edwin en het bekend gestaan as "House Carls."[34]

Vir etlike jare na die Normandiese verowering was daar geen rekord van enige ander amptelike of permanente lyfwag nie. Die volgende amptelike lyfwag het in die agtste eeu ontstaan en was die van Edward III. Hierdie lyfwag was 'n bataljon onder bevel van Sir William de Harcourt en het bestaan uit 500 gewapende man en 2 000 boogskutters. Die boogskutters het tydens 'n veldslag die voorhoede gevorm.[35]

## 2.3 PHILLIPPE II SE FRANSE WAG

Die Franse koning Phillippe II, wat van 1180 tot 1223 n.C. regeer het, het tydens 'n besoek aan Palestina, 'n persoonlike lyfwag gestig met die uitsluitlike doel om hom teen die "ou man van die Berge"[36] en sy persoon te beskerm. Hierdie spesiale Wag is gekies uit die boogskutters van die Franse koning se leër en het uit sowat 200 man bestaan. Hulle was gewapen met pyl en boog asook met 'n stok of staf en het as die "Sergens d'armes" of "Sergens âmace"[37] bekend gestaan.

In 1474 is 'n nuwe Franse Wag gestig wat bekend gestaan het as die "Becs de Corbyn" of "Becs de Faucon".[38] Die benaming is gegee, omdat die punt van hul spies soos 'n snawel van 'n voël gelyk het.

---

32 H. Brackenbury, ***The nearest guard: a history of Her Majesty's bodyguard of the honourable Corps of Gentlemen-at-Arms***, p.17.

33 H. Brackenbury, ***The nearest guard: a history*** ...., p.17.

34 H. Brackenbury, ***The nearest guard: a history*** ...., p.17.

35 H. Brackenbury, ***The nearest guard: a history*** ...., p.17.

36 H. Brackenbury, ***The nearest guard: a history*** ...., p.17.

37 H. Brackenbury, ***The nearest guard: a history*** ...., p.17.

38 H. Brackenbury, ***The nearest guard: a history*** ...., p.30.

## 2.4 DIE PERSOONLIKE WAG VAN RICHARD I

In navolging van die Franse voorbeeld het die Engelse koning, Richard I, sy persoonlike Wag die "Serjeants-at-Arms" genoem.[39]

Richard I van Engeland en Phillippe II van Frankryk was gesamentlik in Palestina en daarom het die "Serjeants-at-Arms" in Engeland en "Serjens d'armes" in Frankryk, dieselfde benaming. Volgens H. Brackenbury in sy werk ***The nearest guard*** is dit ook moontlik dat Richard I sy persoonlike Wag in die Heilige Land gestig het, nadat laasgenoemde die Franse voorbeeld gesien het.[40] Teen die einde van die 13de eeu was die "Serjeants-at-Arms" gevestigde offisiere in die koninklike huishouding.

## 2.5 HENDRIK VIII SE GENTLEMEN-PENSIONERS IN ENGELAND

In 1509 is 'n order gepubliseer wat die vorming van 'n nuwe wag ingelui het, gekies uit manne van adellike bloed. "In the Statutes of the Order of the Garter, as revised by Henry VIII, a gentlemen of blood was defined as one descended of three descents of noblesse, o.e., of name and of arms, both of his father's side and also of his mother's side."[41] Hierdie wedywering tussen die Franse en Engelse howe het volgens H. Brackenbury in sy werk, ***The Nearest guard***, vir Hendrik VIII genoodsaak om in die samestelling van sy lyfwag, die Franse model nie net na te aap nie, maar ook te oortref.[42]

Vir die eerste 50 jaar van sy bestaan was hierdie groep die enigste Staandemag in Engeland.[43]

---

39 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenisléer, léerno. 514/2/9/1, vol. 2, ***Militêre beskerming van die staatshoofde***, 1986.

40 H. Brackenbury, ***The nearest guard: a history...***, p.18.

41 H. Brackenbury, ***The nearest guard: a history...***, p.23.

42 H. Brackenbury, ***The nearest guard: a history...***, p.24.

43 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenisléer, léerno. 514/2/9/1, vol. 2, ***Militêre beskerming van staatshoofde***, 1986.

Die titel "Gentlemen-Pensioners" wat vanaf 1509 dateer, is vir meer as 300 jaar behou. Later het hulle die benaming "Gentlement-of-the-Axe" aangeneem wat soos hul Franse eweknie (die snawel van die spiespunt) op 'n onderskeidende wapen gedui het.[44]

### 2.5.1 KEURINGSVEREISTES VIR DIE FRANSE EN BRITSE KONINGSWAGTE

Vir beide die Franse en Britse Wag was die belangrikste vereiste seer sekerlik hul adellike afkoms. Beide lande se offisiere het dieselfde beveltitels gedra, naamlik die van 'n kaptein en 'n luitenant.[45] Volgens 'n proklamasie in 1509 het die hoeveelheid lyfbediendes, perde asook die soort wapens presies ooreengestem met die van hul Franse eweknie.[46] Hierdie proklamasie het ook voorsiening gemaak dat slegs persone wat hulself alreeds op die slagveld onderskei het, as offisiere aangestel kon word.

Volgens E.M. Meyers in 'n artikel in ***Militaria*** was die korps in 1862 gereorganiseer en keuringsvereistes so gewysig dat almal wat sedert die datum aangestel is, nie ouer as 50 mag gewees het nie.[47] Elke lid wat hierna gekeur is, moes aktief deelgeneem het aan 'n veldslag en moes alreeds in besit van 'n dekorasie wees.

Die bevelvoerder van 'n soortgelyke korps moes homself reeds op militêre gebied onderskei het. Hy moes 'n uitstekende militêre strateeg wees en oor die vermoë beskik om militêre maneuvers uit te voer. Die bevelvoerder van hierdie spesiale wag was heel dikwels 'n bloedverwant of aangetroude familie van die koning. By sy aanstelling as wagbevelvoerder het hy 'n staf ontvang wat by sy uittrede aan sy opvolger oorgedra is.

## *2.6 SIAM (THIALAND) SE VROUEWAG*

### 2.6.1 INLEIDING

Vrouens het met hul deelname aan oorlogsteaters en veldtogte gedurende die 19de eeu hulself onderskei. So het die "Markisin van Chaves"[48] (soos sy bekend gestaan het)

44 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, ***Militêre beskerming van staatshoofde***, 1986.

45 H. Brackenbury, ***The nearest guard: a history ...***, p.25.

46 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, ***Militêre beskerming van staatshoofde***, 1986.

47 E.M. Meyers, "***Militêre beskerming van staatshoofde...***", p.3.

48 J. Laffin, ***Women in battle***, p.45.

haarself tydens die Portugese rewolusie van 1827, as 'n uitstekende militêre aanvoerder onderskei. Sy het die rang van kaptein beklee. 'n Ander voorbeeld van so 'n vrou was gedurende die Krimoorlog, 1854-1855, toe 'n Koerdiese vroulike opperhoof 'n heilige oorlog in Konstantinopel van stapel gestuur het. Sy het slegs bekend gestaan as die "Black Virgin"[49] en het heelwat suksesse behaal saam met Omer Pasha (bevelvoerder van 'n leër wat die heilige oorlog gevoer het)..

## 2.6.2 DIE KONING VAN SIAM (THAILAND) SE VROUEWAG

In 1857 is in 'n Franse publikasie "Moniteur de l'Armie" melding gemaak van die ontstaan van 'n vrouewag bekend as die koning van Siam (Thailand) se vrouewag.[50] Hierdie Wag is reeds in die begin van die 19de eeu gestig en het bestaan uit uitgesoekte vrouesoldate wat Siam as sy persoonlike Wag aangehou het. Hierdie eenheid het bestaan uit 400 vrouekrygers, wat saamgestel is uit die mooiste en sterkste jong vrouens uit die land.[51] Hulle het goeie betaling ontvang en daar was van hulle verwag om buitengewoon gedissiplineerd te handel. Lede van hierdie Wag moes tussen 13 en 25 jaar oud wees. Indien so 'n lid ouer as 25 jaar was, is die lid oorgeplaas na 'n ander eenheid met die taak "to guard the Royal Palaces and the Crown Lands".[52]

Die uniforms van hierdie korps was 'n wit geweefde wollerige rok wat met goud geborduur is. 'n Ligte jas en 'n vergulde borsharnas het die rok bedek, en op die kop het hulle 'n vergulde helmet gedra.

Die Wag moes met staatsgeleenthede met volle seremoniële uniform verskyn en het slegs 'n lans as wapen gedra. Wanneer hulle in gevegsuitrusting verskyn het, is 'n geweer gedra.[53]

J. Laffin beweer in sy werk ***Women in Battle***, dat hul seremoniële optredes van so 'n hoogstaande gehalte was, dat "the men of the ordinary army could not even approach the finesse with which the she-soldiers performed their drill".[54] Vir die koning was hierdie Wag

---

49 J. Laffin, ***Women in battle***, p.45.

50 J. Laffin, ***Women in battle***, p.45.

51 J. Laffin, ***Women in battle***, p.45.

52 J. Laffin, ***Women in battle***, p.46.

53 J. Laffin, ***Women in battle***, p.46.

54 J. Laffin, ***Women in battle***, p.47.

baie kosbaar en is die Wag nooit in 'n geveg gebruik nie, maar wel om die koning in gevaarlike situasies te beskerm.

## *2.7 DIE SWITSERSE WAG IN DIE VATIKAANSTAD*

Die wêreld se kleinste staat, die Vatikaanstad van wie die Pous die staatshoof is, word deur 'n spesiale Wag, bekend as die Switserse Wag, bewaak en beskerm.[55] Hierdie roemryke tradisie bestaan al meer as vier eeue lank.

Die Switserse Wag is 'n militêre eenheid wat in 1506 amptelik gestig is en het 'n tweërlei funksie naamlik die beskerming van die Pous, sowel as die bewaking van die Vatikaanstad.[56] Die Switserse Wag vergesel die Pous op sy oorsese reise en is ook belas met honorêre pligte wanneer buitelandse staatslui en ambassadeurs verwelkom is.[57] Tydens sulke geleenthede het die Wag in hul volle seremoniële blou, rooi en geel uniform verskyn.

In die begin van die 17de eeu het 189 manskappe van dié Wag gesneuwel nadat 20 000 Duitse en Spaanse huursoldate die Vatikaanstad binnegeval het en Pous Clement VII se veiligheid bedreig het.[58] Tydens die slag het die Wag 'n taktiese aftog geloods en daardeur voldoende tyd geskep sodat Pous Clement VII veilig kon ontsnap. Die laaste van hierdie manskappe het voor die altaar beswyk. Sedertdien het die Wag onvoorwaardelik diens aan die Pous gelewer en was die Wag nog nooit weer in soortgelyke situasies nie.

In 1981 het kaptein Estermann vreesloos bo-op die gewonde Pous Johannes gaan lê na die moordaanslag op die Pous se lewe.[59] Hieruit blyk dit duidelik dat lede van hierdie Wag bereid was om hul lewe te gee vir die beskerming van die Pous en die Vatikaanstad.

Volgens E.M. Meyers im 'n artikel in ***Militaria***, was lidmaatskap van die Switserse Wag, wat uit meer as 100 inwonende lede bestaan, eksklusief en streng vereistes is aan voornemende rekrute gestel.[60] 'n Lid moes 'n Switserse burger wees, van Katolieke agtergrond wees en

55 E.M. Meyers, ***"Militêre beskerming van staatshoofde ..."***, p.2.

56 G. Smith, ***"Guards of the smallest ..."***, p.22.

57 E.M. Meyers, ***"Militêre beskerming van staatshoofde ..."***, p.2.

58 G. Smith, ***"Guards of the smallest ..."***, p.23.

59 G. Smith, ***"Guards of the smallest ..."***, p.22.

60 E.M.Meyers, ***"Militêre beskerming van staatshoofde ..."***, p.2.

'n onbesproke karakter gehad het.[61] Sodanige lid moes ongetroud wees, moes ten minste 1,74 meter lank wees, moes onder 30 jarige ouderdom wees en reeds sy basiese militêre opleiding in Switserland voltooi het. Voornemende kandidate moes bereid wees om ten minste twee jaar diens te verrig en daar was van lede verwag om nie net Duits, Frans en Engels magtig te wees nie, maar ook Italiaanse lesse te neem terwyl hulle in Rome was.[62]

# 3. SLOT

Die beskerming van staatshoofde dateer reeds vanaf die antieke tyd. Aanvanklik was die primêre funksie om die persoon van die Staatshoof te alle tye te beskerm. Later is hierdie funksie uitgebrei om seremoniële glans te verleen tydens staatsfunksies. Hierdie Wagte moes te alle tye bereid wees om hul lewens op te offer vir die saak wat hulle gedien het.

In teenstelling met die Franse en Engelse Wagte, wie se maatstaf by aanstelling hul adellike afkoms was, is streng militêre keuringsvereistes aan die Switserse Wag en Siam se vrouewag, gestel. Die vraag wat hierdie Wagte beweeg het om hulself beskikbaar te stel vir hierdie mate van dienslewering, bly steeds onbeantwoord. Waarskynlik het lede van sodanige Wagte 'n militêre loopbaan vol opwinding in die vooruitsig gestel.

Hierdie Wagte het sekere tradisies, gebruike en seremonies begin, wat vandag nog deur hul nasate in Europa nagevolg word.

Soos bogenoemde militêre eenhede het ook Suid-Afrika 'n Staatspresidentseenheid in die lewe geroep wat die beskerming van die staatshoof in Suid-Afrika as primêre funksie sou hê.

61 G. Smith, "*Guards of the smallest ...*", p.23.

62 G. Smith, "*Guards of the smallest ...*", p.23.

# HOOFSTUK 2

## *DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE STAATS-PRESIDENTSEENHEID*

## 1. AGTERGROND

Republiekwording het 'n lang ontwikkelingsgang wat die politieke denke en strewe van die Afrikaanssprekende in die geskiedenis van Suid-Afrika betref, afgesluit. Hoewel die Republiek van Suid-Afrika uit die Gemenebes getree het, het sy Britse konstitusionele patroon basies onveranderd gebly.

'n Ander belangrike faset van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gedurende die sestigerjare was die triomf wat die Afrikaner-nasionalisme oor Britse imperialisme behaal het. Waar die Afrikaner voorheen in 'n wurggreep was, het hy daarin geslaag om sy teenstaander (Britse imperialisme) te omseil en homself te bevry. Die Afrikanerdom wou met alle geweld wegdoen met die imperialistiese elemente om sodoende die tekens van sy eie vernedering in die verlede uit te wis.

Met die ontstaan van die Staatspresidentseenheid het tradisies 'n belangrike rol gespeel. Volgens kommandant D.F.S. Fourie in 'n artikel in die tydskrif ***Militaria*** was dit al daardie kultuurgoedere van 'n eenheid, sy tradisionele gebruike, drag en ander voorwerpe wat hom die persoonlikheid gee waarmee individuele lede kon identifiseer.[1] Dit was dan juis by die uitbou van 'n samehorige identiteit dat tradisie so belangrik geword het. Dit was ook opvallend hoedat die bestaan van militêre tradisies vir soldate dikwels die maatstaf van andere geword het.[2] Hierdie siening geld nie net ten opsigte van 'n land se eie soldate nie, maar ook vir vreemde soldate.

Instellings soos die Staatspresidentseenheid het 'n lang geskiedenis. Aangesien Suid-Afrika vir 'n baie lang periode deur Brittanje as kolonie beheer is, is dit te wagte dat Suid-Afrikaanse instelling van Britse kant sterk beïnvloed sou word.[3] Om bogenoemde stelling te bevestig moes daar noodwendig na die Skotse en Ierse regimente gekyk word.

---

1 D.F.S.Fourie, "***Waar ontstaan ons militêre ...***", p.36.

2 D.F.S. Fourie, "***Waar ontstaan ons militêre ...***", p.36.

3 E.M. Meyers, "***Militêre beskerming van staatshoofde ...***", p.1.

Beïnvloeding by hierdie regimente was uiters waarneembaar in hul gewoontes, kleredrag en tradisies.

Die instelling van 'n Presidentswag en die heringebruikneming van tradisionele uniforms is sterk bepleit deur die Federale Raad van Afrikaanse Skakelkomitees in Johannesburg.[4] Hierdie organisasie het hom beywer om uniforms wat kenmerke toon uit die verlede, weer in gebruik te stel. Hul optrede kon ook gesien word as reaksie teen Britse beïnvloeding. Kultureel en intellektueel het die Afrikaner sedert 1961 sterk ontwikkel om veral Engelse oorheersing aan die Rand te voorkom. By die Engelse aan die Rand was nog altyd die gevoel van meerderwaardigheid teenoor die Afrikaner en in reaksie daarop is 'n Afrikaansmedium-universiteit in 1968 in Johannesburg opgerig. Die Engelstaliges was bevrees dat hulle gestroop sou word van alles wat hulle identiteit as die Britte kon bevestig - gesien hulle minderheid en die geleidelike afskaffing van Britse simbole.

Vertoë is tot die destydse Minister van Verdediging, sy Edele P.W. Botha en die Kommandant-generaal van die Weermag, generaal R.C. Hiemstra gerig, om tradisionele Republikeinse uniforms vir Afrikaanse eenhede te gebruik, soos die tradisionele Britse uniforms vir Engelse eenhede gebruik word. Daar is aangevoer dat baie van ons eg-Afrikaanse kultuurbesit na die Tweede Vryheidsoorlog tot niet geraak het en slegs nog in museums en geskiedenisboeke bewaar word.[5] Die eenheid moes as seremoniële Wag vir die Staatspresident dien en by gepaste geleenthede as erewag opgetree het.

Tot op daardie stadium was die posisie van die Staatspresident niks meer as 'n voortsetting van die amp van Goewerneur-generaal met 'n blote naamsverandering nie.[6] Daar is besef dat die posisie van die Staatspresident in heroënskou geneem moes word om die Staatspresident se beeld groter en waardiger te maak. Vervolgens is die Opperbevel van die Weermag versoek om 'n Staatspresidentseenheid op die been te bring.[7]

---

4 C. Barnard, "Ons eie Presidentswag" *Huisgenoot*, 22 Maart 1986, p.15.

5 C. Barnard, "*Ons eie Presidentswag*", p.15.

6 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenisléer, léerno. 514/2/9/1, vol. 2, *Ontstaan van die Staatspresidentswag: herkoms en tradisie*, 1986.

7 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenisléer, léerno. 514/2/9/1, vol. 2, *Gedenkuitgawe: tiende verjaarsdagviering van die Staatspresidentswag*, 1986.

Die Presidentswag kon dus gesien word as 'n toevoeging tot die reeks van erfdinge uit die Suid-Afrikaanse verlede wat weer bruikbaar gemaak is.[8] Wanneer daar later na die oorsprong van die uniform van die Staatspresidentseenheid gekyk word, sal bovermelde stelling beter begryp word. Ander voorbeelde hiervan is dat alle Suid-Afrikaanse simbole wat die stempel van onderhorigheid aan Brittanje gedra het, in ooreenstemming met die land se soewereine status gebring is. Soms is dit so ver gevoer dat selfs algemene benamings van Engelse oorsprong vervang is deur argaïese woorde. So het die Minister van Justisie (C.R. Swart) selfs "magistraat" deur "landdros" laat vervang en die Minister van Verdediging (F.C. Erasmus) die benaming "luitenant" na "veldkornet" (in die Weermag) en "lugkornet" (in die lugmag) laat verander.[9]

In die moderne wêreld was sodanige wagte in die meeste state eerder die reël as die uitsondering. Hierdie eenheid moes 'n tradisionele instelling word rondom die amp van die Staatspresident. Die Federale Raad van Skakelkomitees in Johannesburg, wat namens die Afrikaanse Kultuurorganisasie opgetree het, het dan ook die Minister van Verdediging bedank vir sy prysenswaardige stap om die Staatspresidentseenheid in te stel met uniforms wat kenmerke getoon het, uit die Suid-Afrikaanse verlede.[10]

Die ontstaan en stigting van die eenheid was vanuit 'n kultuur-historiese uitgangspunt benader. Soos in ander lande was die Staatspresidentseenheid gestig en aangepas vir plaaslike omstandighede. Kommandant D.F.S. Fourie het voorts beweer dat tradisie 'n gulde geleentheid bied vir die bou van nasietrots.[11] Hierdie samehorigheidsgevoel en nasietrots is versterk met die vyfde verjaarsdag van die Republiek van Suid-Afrika. Tydens hierdie feesvieringe het die behoefte vir 'n prestige militêre eenheid ontstaan. Hierdie Republiekfees is deur *Die Transvaler* as die magtigste skouspel op Suid-Afrikaanse bodem beskou.[12] Hierdie verteenwoordig sekerlik een van die grootste defilieermars in die Suid-Afrikaanse Weermag. Na die Fees is vanuit alle oorde, die stigting van die eenheid bepleit.

---

8 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, ***Gedenkuitgawe: tiende verjaarsdagviering van die Staatspresidentswag***, 1986.

9 C.F.J. Muller, ***500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis***, p.448.

10 SAW-Argief, Pretoria, MVB, houer 48, lêerno. 42/8, inlaag 17, ***Brief insake Presidentswag***, 1 Februarie 1968.

11 D.F.S. Fourie, "***Waar ontstaan ons militêre ...***", p.37.

12 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, groep 3, houer 81, inlaag 91, ***Die Transvaler***, 12 Mei 1966: berig.

## 2. DIE DOEL VAN DIE EENHEID MET STIGTING

Op 19 Mei 1967 in die Suid-Afrikaanse Weermagorder (S.A.W.O.) word die instelling en aanwysing van 'n nuwe eenheid van die Suid-Afrikaanse Weermag bekragtig:[13]

SAWO 63/67 - Die Minister, handelende kragtens die bevoegdheid aan hom verleen by sub-artikel (2) van artikel vyf-en-sewentig van die Verdedigingswet, 1957 (Wet nr. 44 van 1957) het die ondergenoemde eenheid ingestel en aangewys as 'n eenheid van die S.A. Weermag, S.A. Lêer, (SM) - S.A. Infanteriekorps met ingang van 1 Mei 1967 -

| Afrikaanse benaming | Afkorting | Engelse benaming | Afkorting |
|---|---|---|---|
| Staatspresidentseenheid | SP eenheid | State Presidents Unit | SP Unit |

Die doel van die eenheid was om deur seremoniële optredes totaal toegewyd te wees aan die amp van die Staatspresident en om alle lede doeltreffend op te lei in die infanterierol. Primêr het dit gegaan om kleur en eer aan die amp van die Staatspresident te verleen en sekondêr die daarstelling van parate infanterie soldate vir effektiewe aanwending deur die Suid-Afrikaanse Leër. Uit 'n notule blyk dit ook dat kommandant-generaal R.C. Hiemstra gesê het, dat dit nie die bedoeling was om die Wag slegs vir die Staatspresident te gebruik nie, maar wel ook vir gepaste geleenthede soos byvoorbeeld as 'n erewag vir die ontvangs van baie belangrike besoekers.[14] Dit impliseer dus dat die eenheid ook getaak was vir seremoniële optredes.

Die doelstellings van die Staatspresidentseenheid is as volg in hul credo uiteengesit.[15]

1. Om die beeld van die Staatspresident groter en waardiger te maak.

2. Om alle lede van die Staatspresidentseenheid totaal weerbaar te maak.

3. Om gesonde gebalanseerde gesindhede te bevorder en die wat twyfel positief te beïnvloed.

---

13 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, ***Suid-Afrikaanse Weermagorders***, 1967.

14 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, groep 4, houer 4, lêerno. G/SD/3/O, inlaag 63, ***Uittreksel van notule van vergadering van die Opperbevel gehou te Pretoria***, 7 en 8 Augustus 1967.

15 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, ***Doelstellings van die Staatspresidentseenheid***, 1985.

4. Om almal te oortuig dat Suid-Afrika die vermoë het om te wen en om die wil om te wen te versterk.

5. Om die staflede van die Staatspresidentseenheid binne die konsep van groepsdinamika in 'n hegte eenheid saam te snoer.

6. Om doelgerigte opleiding aan te bied ten einde goed toegeruste soldate vir die Suid-Afrikaanse Leër daar te stel.

7. Om die prioriteit van die Suid-Afrikaanse Leër na te kom.

8. Om vermoëns en prioriteite as integrale deel ter bereiking van die doel toe te pas en te beplan.

9. Om binne die lede se vermoë navorsing te doen ten einde by te dra tot 'n beter stelsel, prosedures en uitrusting.

10. Om met die taking van operasies dit professioneel goed te beplan en doelgerig binne die spektrum van die opdrag uit te voer.

Hierdie doelstellings sal later weer ter sprake kom wanneer die ondersoeker hierdie eenheid gaan evalueer aan die hand van bovermelde doelstellings.

## 3. AANVANKLIKE PERSONEEL EN GROEI IN PERSONEELSTERKTE

'n Keurraad bestaande uit kaptein J.E. Swarts, veldkornet J. van Niekerk en AO2 C.J.J. Buitendag, was saamgestel met die uitsluitlike doel om Suid-Afrikaanse Infanteriekorps Nasionale Dienspligtiges te keur vir die Staatspresidentseenheid.[16] Die Keurraad het 4 Veld Opleidingsregiment, 1 Suid-Afrikaanse Infanterie Opleiding en Opleidingsregiment, 1 SDB[17] besoek en 'n totaal van 117 lede[18] gekeur vir oorplasing na die Staatspresidentseenheid. Finale keuring moes teen 21 Augustus 1967 afgehandel wees.

---

16 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, groep 4, houer 361, lêerno. A/Vis/1/1, inlaag 92, ***Aanstelling van 'n keurraad: Staatspresidentswag***, 9 Augustus 1967.

17 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, groep 4, houer 361, lêerno. A/Vis/1/1, inlaag 92, ***Aanstelling van 'n keurraad: Staatspresidentswag***, 9 Augustus 1967.

18 Vergelyk SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenis lêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 143, ***Die Staatspresidentswag***, 1967; en SAW-Argief, H-Leër, groep 4, houer 361, lêerno. A/Vis/1/1, inlaag 92, ***Aanstelling van 'n keurraad: Staatspresidentswag***, 9 Augustus 1967.

Die eerste dienspligtiges het op 31 Augustus 1967[19] by die Leërgimnasium se geriewe in Voortrekkerhoogte, wat as die Staatspresidentseenheid se opleidingsbasis gebruik is, aangemeld. Later in 1969 is die getal verander na 'n getalsterkte van 130 lede per inname. Voor die twee jaar diensplig amptelik in 1977 begin het, was daar 2 innames per jaar, en slegs dienspligtiges in die 12 maande groep is opgelei. Namate die take van die Staatspresidentseenheid geformuleer is, is die innames dan ook dienooreenkomstig verhoog. In Januarie 1970 is die innames vergroot tot 'n getalsterkte van 186[20] en in 1975 tot 220 lede[21]. Met die twee jaar diensplig is slegs een inname in Julie ingeneem.

In 'n verslag oor die organisasie en diensstaat van die Staatspresidentseenheid in 1984, moes die eenheid oor 'n sterkte van 150 lede per inname beskik om byvoorbeeld aan die volgende vereistes te voldoen:[22]

| Aktiwiteite | | Aantal lede benodig |
|---|---|---|
| Parlementsopening (Erewag, Binnewag, Parlementswag) | - | 170 |
| Reserwe lede as gevolg van medies | - | 10 |
| Sekerheidswagte | - | 42 |
| SP huiswagte | - | 20 |
| 'n Totaal van | - | 232 |

Die getalsterkte per inname is verlaag nadat die twee jaar dienspligstelsel ingestel is. Die rede was voor die handliggend; dienspligtiges was nou vir 'n langer periode beskikbaar om dienste te verrig. Dit het meegebring dat die Staatspresidentseenheid oor twee kompanies beskik het, dus voldoende mannekrag. 'n Wanindruk kan egter ontstaan dat die eenheid nie al sy lede ten volle benut het nie. Daar moet egter in gedagte gehou word dat daar as gevolg van die een-inname-per-jaar-reëling, twee groepe lede in die eenheid was, wat elk op

---

19 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenisleër, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 143, ***Die Staatspresidentswag***, 1968.

20 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenisleër, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 143, ***Die Staatspresidentswag***, 1970.

21 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenisleër, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 143, ***Die Staatspresidentswag***, 1975.

22 SAW-Argief, Pretoria, Verslae groep, houer 177, lêerno. HSP/DBD/503/2/1, ***Verslag oor die organisasie en diensstaat van die Presidentswag***, 9 Maart 1984.

'n verskillende stadium van opleiding aangewend is. Terwyl die een inname dienspligtiges hoofsaaklik vir seremoniële take aangewend is, het die ander inname opleiding ondergaan.[23]

Met die totstandkoming van die eenheid in 1967 het die Staatspresidentseenheid oor die volgende Staandemag personeel beskik: 5 offisiere, 1 adjudant-offisier en 8 onderoffisiere. Die getalsterkte van Staandemagpersoneel het na gelang van die personeelsituasie ook veranderings ondergaan.[24]

Tot en met 1982 het die getalsterkte van offisiere onveranderd op vyf bly staan. Twee adjudant-offisiersposte is ingestel, waarvan een die pos van Regiment Sersant-majoor was. Daar is in 'n toenemende mate van dienspligtige offisiere en onderoffisiere gebruik gemaak[25] vir die effektiewe funksionering van die Staatspresidentseenheid.[26]

Nadat die eenheid in 1982 van die Suid-Afrikaanse Leërkollege afgestig het, het die eenheid rekenpligtige status verkry. Dit impliseer dat die eenheid verplig was om verantwoording te doen van uitgawes en inkomstes en dat die eenheid voortaan self sy geldelike funksie moes hanteer het. Dit het meegebring dat die eenheid 'n personeeltekort ten opsigte van die transport, die kwartiermeesterseksie en die administratiewe seksie gehad het.[27] Nuwe poste moes dus geskep word om te voldoen aan die eise en dit het meegebring dat die voorsiening van Staandemagpersoneel volgens die postestrukture, gewysig is.

## 4. DIE BEVELVOERDERS EN REGIMENT-SERSANTMAJOORS (RSM) SEDERT ONTSTAAN TOT DIE DEAKTIVERING

Die eenheid het vanaf sy ontstaan tot en met die deaktivering, tien bevelvoerders gehad. Die voorsitter van die Keurraad, vir die keuring van Nasionale Dienspligtiges vir die Staatspresidentseenheid, in 1967, kapt. J.E. Swarts, was dan ook die eerste bevelvoerder

23 SAW-Argief, Pretoria, Verslae groep, houer 177, lêerno. HSP/DBD/503/2/1, ***Verslag oor die organisasie en diensstaat van die Staatspresidentswag***, 9 Maart 1984.

24 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 143, ***Die Staatspresidentswag***, 1984.

25 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 143, ***Die Staatspresidentswag***, 1984.

26 SAW-Argief, Pretoria, Staatspresidentseenheid (SP-eenheid), houer 1, lêerno. 101/1, vol. 1, inlaag 23, ***Behoeftestelling: NDP leiergroep SP-Wag***, 3 Novemver 1982.

27 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 54, lêerno. 106/1/1, inlaag 15, ***Organisasie van die Staatspresidentswag***, 23 Maart 1982.

van die Staatspresidentseenheid. Met sy aanstelling as bevelvoerder het hy die rang van majoor ontvang.[28] Hier volg 'n lys van bevelvoerders met hulle periode van diens.

Maj. J.E. Swarts (Mei 1967 - Jan. 1971) en daarna maj. S.J.P.K. Steenkamp (Maart 1971 - Mei 1973); maj. C.J. Louwrens (Mei 1973 - Jan. 1977); maj. F.A. Botes (Jan. 1977 - Jan. 1980); maj. J.H. Nawn (Jan. 1980 - Des. 1981); maj. H.G. de Witt (Jan. 1982 - Des. 1984);[29] maj. P.J. de Witt (Jan. 1985 - Jan. 1986);[30] kmdt. F.J. Weilbach (Jan. 1986 - Des. 1986);[31] kmdt. C.V. Geldenhuys (Jan. 1987 - Des. 1989);[32] en heel laaste was kmdt. J.H.S. Pretorius (Jan. 1990 - Aug. 1990).[33]

Die eerste regiment-sersantmajoor was AO2 C.J. Buitendach (1967 - 1969) gevolg deur AO1 D.J. Oosthuizen (1969 - 1976); AO2 J.M. Brand (1976 - 1980);[34] AO2 J.P. Wiese (1980 - 1981);[35] AO1 R.J.L.B. Ras (1982 - 1983); en AO1 W.P. Wiese (1984 - 1986).[36] Sedert 1987 was dit AO1 P.R. Schutte[37] en laasgenoemde was die RSM tot die deaktivering van die eenheid.

---

28 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, groep 4, houer 361, lêerno. A/Vis/1/1, inlaag 92, ***Aanstelling van 'n keurraad: SP-Wag***, 9 Augustus 1967.

29 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 113, ***SP-eenheid***, aanhangsel A, 1984.

30 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 115, lêerno. 501/3, inlaag 82, ***Oorname van pligte en verantwoordelikhede***, 6 Januarie 1985.

31 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 115, lêerno. 501/3, inlaag 53, ***Oorname van pligte en verantwoordelikhede***, 7 Januarie 1986.

32 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 115, lêerno. 501/3, inlaag 40, ***Oorname van pligte en verantwoordelikhede***, 12 Januarie 1987.

33 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 116, lêerno. 501/3, inlaag 17, ***Oorname van pligte en verantwoordelikhede***, 1 Januarie 1990.

34 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1,inlaag 142, ***Die SP-Wag***, 1981.

35 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 142, ***Die SP-Wag***, 1981.

36 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 112, ***Die Staatspresidentseenheid***, 1986.

37 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 112, ***Die Staatspresidentseenheid***, 1986.

# 5. KEURINGSVEREISTES VIR LEDE VAN DIE STAATS-PRESIDENTSEENHEID

Aangesien die eenheid as pronkeenheid moes dien, is streng vereistes gestel waaraan die dienspligtiges moes voldoen.

Die eerste lede wat in 1967 gekeur is, moes aan die volgende vereistes voldoen. Hulle moes volkome tweetalig wees en hulle mag nie langer as 6 voet 11 duim (200 cm) of korter as 5 voer 11 duim (175 cm) gewees het nie. Verder mag hulle nie ligter as 155 pond (70 kg) en swaarder as 180 pond (82 kg) geweeg het nie. 'n Verdere vereiste was dat kandidate oor ten minste 'n St. 8-sertifikaat moes beskik, 'n goeie voorkoms moes hê en ongetroud moes wees sonder huislike probleme.[38] Dat die keuring nie altyd na wense was nie, blyk duidelik uit 'n brief in 1969, waarin die Hoof van die Leër verwys na "SP Wag kandidate van twyfelagtige karakter".[39]

'n Verdere vereiste was die sekerheidsklaring wat alle lede moes ondergaan. Militêre Inligting was die enigste afdeling van die Weermag wat sekerheidsklarings hanteer het. Hierna is daar slegs van Staandemaglede gebruik gemaak.[40]

Die keuringsvereistes vir dienspligtiges vir die Staatspresidentseenheid is in 1982 meer verfyn en 'n lid moes aan die volgende profiel voldoen het:[41]

(a) Lede moes 'n normale voorkoms hê.

(b) 'n Kandidaat vir die Staatspresidentseenheid mag nie korter as 175 cm en nie langer as 185 sentimeter wees nie.

(c) Wat die akademiese kwalifikasies betref, moes lede van die Staatspresidentseenheid 'n Standerd 10-sertifikaat hê.

(d) Daar mag beslis geen tatoeëermerke op die kandidaat se liggaam wees nie.

---

38 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, groep 4, houer 361, lêerno. A/Vis/1/1, inlaag 92, ***Aanstelling van 'n keurraad: SP-Wag***, 9 Augustus 1967.

39 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, groep 4, houer 120, lêerno. G/SD/3/6, inlaag 4, ***Die Staatspresidentswag***, 5 September 1969.

40 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, groep 4, houer 120, lêerno. G/SD/3,6, inlaag 4, ***Die Staatspresidentswag***, 5 September 1969.

41 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 5, lêerno. 102/5/3, inlaag 11, ***Keuringsvereistes: Staatspresidentseenheid***, 10 Februarie 1983.

(e) Indien 'n lid van die Staatspresidentseenheid 'n bril gedra het, was die vereiste dat so 'n lid sonder 'n bril aan parades moes kon deelneem, aangesien die bril nie saam met die Staatspresidentseenheid se uniform gedra kon word nie.

(f) 'n Kandidaat moes medies geskik wees om normale infanterieopleiding te kon deurloop en ook baie stremmende paradegrondwerk te kon volhou.

(g) Lede moes tweetalig wees, aangesien parades in albei landstale gedoen sou word.

(h) Geen duidelike littekens mag op 'n lid se gesig wees nie en lede moes ook nie 'n ernstige akneeprobleem hê nie.

(i) Daar moes opgelet word dat lede oor goeie koördinasie beskik het, aangesien dit die lede se drilstandaard sou beïnvloed.

Dienspligtiges wat in die eenheid diens gedoen het, is onderwerp aan streng keuringsvereistes en die kwaliteit was volgens kommandant J.F. Weilbach (bevelvoerder van die eenheid), baie goed. Na 1982 is besluit dat Staandemagoffisiere en onderoffisiere ook gekeur sou word. Die rede vir hierdie keuringsvereistes was voor die handliggend - alle lede van so 'n elite korps moes aan streng keuringsvereistes onderwerp word en nie slegs die dienspligtiges nie.[42] Immers kon die offisiere en/of onderoffisiere 'n verleentheid vir die Staatspresident wees.[43]

Aangesien Staandemagonderoffisiere direk betrokke was by die Staatspresidentseenheid se drilstandaard, word dit vereis dat so 'n lid deur 'n Staandemaginstrukteur opgelei is en oor genoegsame ondervinding beskik het in verband met infanterie opleiding.[44]

## 6. FUNKSIES VAN DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID

Die primêre doel van die Staatspresidentseenheid was om deur hul optrede die beeld van die Staatspresident groter en waardiger te maak. Uit die primêre doel kon drie spesiale funksies geïdentifiseer word.

---

42 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 19, ***Personeelbehoeftes: Staatspresidentseenheid***, 20 Junie 1986.

43 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 19, ***Personeelbehoeftes: Staatspresidentseenheid***, 20 Junie 1986.

44 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 19, ***Personeelbehoeftes: Staatspresidentseenheid***, 20 Junie 1986.

Eerstens om as erewag by amptelike seremoniële optrede van die Staatspresident soos met die opening van die parlement, die inhuldiging van nuwe Staatspresidente, staatsbegrafnisse, die ontvangs van hoogwaardigheidsbekleërs en by die oorhandiging van geloofsbriewe, op te tree.

Tweedens om voltyds as presidensiële skildwagte, by die woning en kantoor van die Staatspresident te dien. Dit het skildwagte by die Staatspresident se woning in Kaapstad en Pretoria geïmpliseer. By die ingang van Tuynhuis in Kaapstad of die Uniegebou in Pretoria, afhangende van waar die Staatspresident hom bevind. By die vlaghysing, vlagstryking en formele vertonings by die Staatspresident se woning. As skildwagte by die "Vlam van Herinnering"[45] tydens parlementêre sittings en sedert 1986 die weeklikse wagwisseling te Stalplein of die Uniegebou.

Derdens om as deelnemer aan skoue en ander publieke vertonings deel te hê soos: skynaanvalle, sierdrilvertonings en parades by onder andere die Durbanse Taptoe, Kaapse Taptoe, ens. Drilvertonings is ook gelewer tydens begrafnisse, liefdadigheid en by skole om die beeld van die eenheid aan die publiek oor te dra.

Hierdie funksies is in 'n neutedop saamgevat en sal in 'n latere hoofstuk breedvoerig bespreek word.

## 7. ORGANISASIE VAN DIE STAATSPRESIDENTS-EENHEID

Met die ontstaan van die Staatspresidentseenheid in 1967, was die eenheid op die organisasie van 'n infanteriekompanie geskoei[46] en daar is geen voorsiening vir administratiewe personeel gemaak nie. Die volgende reëlings ten opsigte van die administrasie, beheer en organisasie is gemaak. Die eenheid is as 'n loseerdereenheid by ander eenhede ingedeel. Hierdie eenhede sou dus vir die volgende ten opsigte van die Staatspresidentseenheid verantwoordelik wees; huisvesting, personeeladministrasie, uitreiking van wapens, mondering, klerasie, ensovoorts, die verskaffing van opleidingsfasiliteite, vervoer en bewegingsreëlings, dissipline en beheer.[47] Die opleiding

45 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, ***Program vir de-aktivering***, 1986.

46 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, groep 4, houer 361, lêerno. A/Vis/1/2, inlaag 1, ***Teleks: SP-Wag***, 10 Desember 1967.

47 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, groep 4, houer 361, lêerno. A/Vis/1/2, inlaag 1, ***Teleks: SP-Wag***, 10 Desember 1967.

van die eenheid sou ten alle tye die verantwoordelikheid van die Staatspresidentswagbevelvoerder wees. Die gedeelte van die eenheid wat tydens die parlementsitting in Kaapstad vertoef het, sou van Hoofkwartier Kommandement Westelike Provinsie afhanklik wees vir die huisvesting, opleidingsfasiliteite, vervoerreëlings, en andere.

Die idee om die Staatspresidentseenheid as loseerdereenheid by ander eenhede in te deel, het heelwat probleme veroorsaak, waarvan die belangrikste die hele kwessie rakende die kampkommandant was. Die kampkommandant was verantwoordelik vir take soos die opstel, verspreiding en byhou van Staande Voorskrifte. Dit het verder die beheer van nie-blanke arbeid behels (met die administratiewe prosedures daaraan verbonde). Die hantering, bewaring en aanwending van gereedskap en sportuitrusting. Reëlings vir die onderhoud van kwartiere, geboue en gemeenskaplike dienste. Beheer van offisiere en onderoffisiere aan diens (dit sluit in diensroosters, publikasies, ens.)[48]

Om die probleem ten opsigte van die posisie van die kampkommandant op te los, is die volgende aanbeveel:[49]

(a) dat die Staatspresidentseenheid selfrekenpligtige status toegeken word, indien die eenheid se bevelvoerder aangestel word as kampkommandant;

(b) dat 'n selfstandige eenheid van kampkommandant gestig word. (Die kampkommandant moes 'n selfrekenpligtige of nie-rekenpligtige eenheid op sy eie wees, met ander woorde onafhanklik van enige eenheid in die gebied.);

(c) dat die volgende bevelvoerder van die selfrekenpligtige eenheid aangestel word met 'n hoër rang as die bevelvoerder van die nie-selfrekenpligtige eenheid."

Die bevelvoerder, majoor J.E. Swarts, was egter ten gunste van punt (b) in vorige paragraaf. Dit was, volgens sy mening, die beste oplossing en sou meebring dat net 'n kampkommandant en Regiment-sersant-majoor aangestel moes word. Daar is besluit dat die Staatspresidentseenheid dissiplinêre beheer sou kry en nie selfrekenpligtige status nie. Dit het meegebring dat die eenheid self verantwoordelik was vir die toepassing van orde en tug maar die geldelike funksie is steeds deur 'n ander eenheid hanteer.[50] Die eenheid sou dus

48 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, groep 4, houer 120, lêerno. G/SD/3/6, inlaag 6, ***Aanstelling van kampkommandant***, 20 Oktober 1969.

49 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, groep 4, houer 120, lêerno. G/SD/3/6, inlaag 6, ***Aanstelling van kampkommandant***, 20 Oktober 1969.

50 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, groep 4, houer 120, lêerno. G/SD/3/6, inlaag 6, ***Aanstelling van kampkommandant***, 20 Oktober 1969.

voortgaan om as 'n loseerdereenheid by ander eenhede in te skakel, tot en met Januarie 1982.

Bogenoemde posisie ten opsigte van die Staatspresidentseenheid as loseerdereenheid sou vir die volgende vyftien jaar onveranderd bly. As loseerdereenheid was die logistieke afdeling deur ander eenhede beheer. Dit was dan ook een van eenheid se die doelwitte[51] in 1981 om selfrekenpligtige status te verkry.

Met ingang van Januarie 1982 is die Staatspresidentseenheid onder bevel van die Bevelvoerende Generaal van Kommandement Noord-Transvaal[52] geplaas. Dit het meegebring dat die organisatoriese struktuur van die Staatspresidentseenheid gewysig moes word, om vir die uitvoering van gewysigde administratiewe- en ander verantwoordelikhede voorsiening te maak.[53] Dit het impliseer dat die eenheid na 15 jaar selfrekenpligtige status verkry het. Dit het ook meegebring dat die eenheid 'n personeeltekort gehad het.[54]

51 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 9, lêerno. 103/1/B, inlaag 36, ***Doelwitte: SP-Wag***, 29 Mei 1981.


52 SAW-Argief, Pretoria, Verslae groep, houer 177, lêerno. DSP/DBD/503/2/1, ***Verslag oor die organisasie en diensstaat van die Staatspresidentswag***, 9 Maart 1984.

53 SAW-Argief, Pretoria, Verslae groep, houer 177, lêerno. HSP/DBD/503/2/1, ***Verslag oor die organisasie en diensstaat van die Staatspresidentswag***, 9 Maart 1984.

54 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 54, lêerno. 106/1/1, inlaag 15, ***Organisasie van die Staatspresidentswag***, 23 Maart 1982.


As 'n selfrekenpligtige eenheid is die organisatoriese struktuur gewysig soos hieronder voorgestel: (Figuur 2)

**Figuur 1: 'n Organogram van die SP Eenheid as loseerdereenheid:**[55]




55 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 54, lêerno. 106/1/1, inlaag 12b, ***Skematiese uiteensetting van SP-Wag***, 20 Augustus 1981.

**Figuur 2: Hoofkwartier**[56]




56 SAW-Argief, Pretoria, Verslae groep, lêerno. HSP/DBD/503/2/1, ***Verslag oor die organisasie en diensstaat van die Staatspresidentswag***, 9 Maart 1984.

Vanweë die verandering in die bevelstatus van die eenheid, het die kernstruktuur verander en daarom is dit derhalwe nodig om eers te gaan kyk na die funksies en postestrukture, nadat die eenheid selfrekenpligtige status gekry het.

**Punt A. (Figuur 1)**

Die doel van die hoofkwartier was om meer luister aan die Staatspresidentsamp te verleen. Voorts was die hoofkwartier verantwoordelik vir die opleiding en aanwending van lede van die Staatspresidentseenheid in die seremoniële/infanterie rolle. Verdere pligte het behels die uitvoer, hantering en bedryf van die administratiewe, finansiële en logistieke aangeleenthede van die eenheid. Vir hierdie funksies is die volgende poste geskep:[57]

1 x m majoor/Suid-Afrikaanse Infanteriekoprs/staandemag, bevelvoerder

1 x kaptein/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/staandemag, tweede-in-bevel

1 x luitenant/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/dienspligtige, adjudant

1 x luitenant/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/staandemag, sekerheidsoffisier

1 x Adjudant-offisier/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/staandemag, regiment-sersant-majoor

1 x korporaal/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/dienspligtige, klerk, SP huis ordonanse."

Punt B. (Figuur 1)

Die administratiewe seksie was verantwoordelik vir die uitvoer van alle personeellede se personeeladministrasie en rekordhouding.[58]

Die bedryf van gedesentraliseerde personeelbestuur ten opsigte van Staandemag lede. Die hantering van die algemene administrasie van die eenheid. By hierdie seksie was die volgende poste geskep:[59]

"1 x staf-sersant/Personeel Diens Korps/staandemag, hoofklerk

---

57 SAW-Argief, Pretoria, Verslae groep, houer 177, lêerno. HSP/DBD/503/2/1, ***Verslag oor die organisasie en diensstaat van die Staatspresidentsweg***, 9 Maart 1984.

58 SAW-Argief, Pretoria, Verslae groep, houer 177, lêerno. HSP/DBD/503/2/1, ***Verslag oor die organisasie en diensstaat van die Staatspresidentsweg***, 9 Maart 1984.

59 SAW-Argief, Pretoria, Verslae groep, houer 177, lêerno. HSP/DBD/503/2/1, ***Verslag oor die organisasie en diensstaat van die Staatspresidentsweg***, 9 Maart 1984.

1 x sersant/Personeel Diens Korps/staandemag, personeelklerk

1 x sersant-Personeel Diens Korps/staandemag, administratiewe klerk

1 x Administratiewe Assistent/ /burgers, registrasie en administratiewe klerk

1 x tikster/ /burgers/tiksters

1 x skutter/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/dienspligtige/drywer

1 x datatikster/ /burger/datatikster.

**Punt C. (Figuur 1)**

Die doel van die betaalseksie was om die eenheid se finansiële aangeleenthede te hanteer. Dit behels die behartiging van salarisse, soldy, lone, subsidies en toelaes van alle personeel van die eenheid. Die betaalseksie was ook verantwoordelik vir die hantering van Staatsgelde, voorskotrekenings, belastingsertifikate en eenheidsfondse.[60] Vir die effektiewe funksionering van die seksie was die volgende poste geskep:[61]

"1 x Adjudant-offisier/Finansiële Diens Korps/staandemag, betaalmeester

2 x korporaal/Finansiële Diens Korps/dienspligtige, betaalklerk

1 x korporaal/Finansiële Diens Korps/dienspligtige, fondse en inrigtingsklerk".

**Punt D. (Figuur 1)**

In die logistieke afdeling was twee vertakkings waarneembaar naamlik die kwartiermeesterseksie en die transportseksie. In breë trekke was die kwartiermeesterseksie verantwoordelik vir die verkryging, ontvangs, bewaring en verrekening van voorraaditems, skryfbehoeftes, klerasie, wapens en uitrusting.[62] Daarteenoor was die transportseksie

---

60 SAW-Argief, Pretoria, Verslae groep, houer 177, lêerno. HSP/DBD/503/2/1, ***Verslag oor die organisasie en diensstaat van die Staatspresidentswag***, 9 Maart 1984.

61 SAW-Argief, Pretoria, Verslae groep, houer 177, lêerno. HSP/DBD/503/2/1, ***Verslag oor die organisasie en diensstaat van die Staatspresidentswag***, 9 Maart 1984.

62 SAW-Argief, Pretoria, Verslae groep, houer 177, lêerno. HSP/DBD/503/2/1, ***Verslag oor die organisasie en diensstaat van die Staatspresidentswag***, 9 Maart 1984.

verantwoordelik vir alle vervoerreëlings, asook die instandhouding daarvan. Vir hierdie seksies is die volgende poste geskep:[63]

1. LOGISTIEKE AFDELING

"1 x kaptein/Krygdienskorps/staandemag, kwartiermeester

2. KWARTIERMEESTERSEKSIE

1 x Adjudant-offisier/Krygdienskorps/staandemag, regiment sersant 2 kwartiermeesters

1 x staf-sersant/Krygdienskorps/staandemag, hoofpakhuisman

1 x sersant/Krygdienskorps/staandemag, tegniese pakhuisman

3 x korporaals/Krygdienskorps/dienspligtiges, pakhuisman, kaserne onderoffisier en bewyse- en bestellingsklerk

1 x weerman/Krygdienskorps/dienspligtige, handboek- en mediasentrumklerk

1 x AA/ / - /burger, grootboekklerk

3. TRANSPORTSEKSIE

1 x luitenant/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/dienspligtige, transport offisier

1 x korporaal/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/dienspligtige, transport onderoffisier

1 x weerman/Krygdienskorps/dienspligtige, klerk".

Punt E. (Figuur 1)

Die doel van die kompanies was om lede van die Staatspresidentseenheid in hul seremoniële en infanterierolle op te lei en aan te wend. In die organogram kon duidelik gesien word dat 'n kompanie uit ses pelotons bestaan het. 'n Peloton word weer in drie seksies verdeel. Die kompanie hoofkwartier bestaan uit:[64]

---

63 SAW-Argief, Pretoria, Verslae groep, houer 177, lêerno. HSP/DBD/503/2/1, ***Verslag oor die organisasie en diensstaat van die Staatspresidentsweg***, 9 Maart 1984.

64 SAW-Argief, Pretoria, Verslae groep, houer 177, lêerno. HSP/DBD/503/2/1, ***Verslag oor die organisasie en diensstaat van die Staatspresidentsweg***, 9 Maart 1984.

"1 x kaptein/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/staandemag, kompanie bevelvoerder

1 x AO /Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/staandemag, kompanie sersant-majoor

1 x korporaal/Kryg Diens Korps/dienspligtige, kompanie pakhuisman

6 x skutters/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/dienspligtiges, trompetblasers

1 x korporaal/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/dienspligtige, inligtings-onderoffisier

1 x korporaal/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/dienspligtige, radiobediener

1 x korporaal/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/dienspligtige, kompanie transport onderoffisier

2 x skutters/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/dienspligtiges, drywer bediener

1 x skutter/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/dienspligtige, kompanie klerk

1 x skutter/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/dienspligtige, mediese ordonans

2 x skutters/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/diendspligtiges, baardraers."

'n Peloton hoofkwartier bestaan uit:[65]

"1 x luitenant/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/staandemag, peloton bevelvoerder

1 x sersant/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/staandemag, pelotonsersant

1 x korporaal/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/dienspligtige, peloton onderoffisier

1 x skutter/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/dienspligtige, bataljon seiner

1 x skutter/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/dienspligtige, mediese ordonans

2 x skutter/Suid-Afrikaanse Infanteriekorps/dienspligtiges, drywers B voertuie." 'n Seksie het bestaan uit 'n seksiebevelvoerder (korporaal), 'n seksie tweede in bevel (onderkorporaal) en agt skutters.

Tref 'n mens egter 'n vergelyking tussen Figuur 1 en 2 ten opsigte van die organogram, kon duidelik waargeneem word dat slegs die logistieke seksie toegevoeg is. Om uitvoering van groter verantwoordelikhede te hanteer, is die administratiewe en finansiële seksies

65 SAW-Argief, Pretoria, Verslae groep, houer 177, lêerno. HSP/DBD/503/2/1, ***Verslag oor die organisasie en diensstaat van die Staatspresidentswag***, 9 Maart 1984.

aangepas. Die mees geskikte tipe organisasie wat vir die uitvoer van die seremoniële-, opleidings- en operasionele verpligtinge benodig is, is die van die normale infanterie peloton/seksie organisasie.[66] Die struktuur van die kompanie is nie gewysig nie en die basiese peloton/seksie samestelling het bly voortbestaan. Die Staatspresidentseenheid het voortaan oor twee kompanies beskik om uitvoering te gee aan hul primêre en sekondêre take. Die selfrekenpligtige status van die Staatspresidentseenheid het ook finansiele implikasies meegebring. Nuwe poste moes geskep word en die uitbreiding sou 'n verdere finansiële las van R249 411,00[67] teweeg bring. Met die voorgestelde nuwe organisasie is 45 poste aanbeveel, wat 'n vermeerdering van R10 338,00 per jaar aan salarisse weerspieël het. Baie van hierdie poste is deur dienspligtiges gevul ten einde 'n effektiewe funksionele stelsel daar te stel.

Die samestelling van die Staatspresidentseenheid het voorsiening gemaak vir 'n Presidensiële Wag, Ministriële Wag en 'n Wag vir die Hoof van die Leër. Met die herorganisasie van die Staatspresidentseenheid in 1985, is voorsiening gemaak dat bevelvoerders eventueel kommandant/luitenant-kolonel sou wees.

## 8. BASISVERANDERINGE

Met die oorspronklike instelling van die Staatspresidentseenheid in 1967 is die eenheid toegevoeg tot die Leërgimnasium in Pretoria. Die gekeurde lede moes nie later as 31 Augustus 1967 aanmeld nie.[68]

Die doel van die Leërgimnasaium op daardie tydstip was die opleiding van Suid-Afrikaanse Infanteriekorps Burgermag kandidaatoffisiere en regiments onderoffisiere wat as assistentinstrukteurs aangewend moes word. Ook die opleiding van Staandemag kandidaatoffisiere is deur die Leërgimnasium hanteer.[69] Weens 'n personeel tekort om hierdie opleiding te

---

66 SAW-Argief, Pretoria, Verslae groep, houer 177, lêerno. HSP/DBD/503/2/1, ***Verslag oor die organisasie en diensstaat van die Staatspresidentswag***, 9 Maart 1984.

67 SAW-Argief, Pretoria, Verslae groep, houer 177, lêerno. HSP/DBD/503/2/1, ***Verslag oor die organisasie en diensstaat van die Staatspresidentswag***, 9 Maart 1984.

68 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, groep 10, houer 85, lêerno. A/CER/5/2/19, inlaag 92, ***Keuring van Suid-Afrikaanse Infanterie Korps (SAIK) nasionale dienspligtiges***, 9 Augustus 1967.

69 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, houer 57, lêerno. G/SD/25/1 deel I, inlaag 11, ***Organisasie: die Leërgimnasium***, 4 Desember 1967.

behartig, en gebrek aan voldoende fasiliteite, kon die Leërgimnasium nie die Staatspresidentseenheid akkommodeer nie.[70]

Met die verskuiwing van Leërgimnasium na Heidelberg het die eenheid onder die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Dienste Opleidingsentrum geressorteer.[71] In Januarie 1969 het die eenheid as gevolg van akkommodasieprobleme na Wonderboom verskuif, na die standplaas van 4 Provooskompanie.[72] Daar moet egter gemeld word dat 4 Provooskompanie voorheen 'n inwonende eenheid by Diensvakskool was. Op 22 April 1971 is besluit om 'n nuwe Basishoofkwartier te skep naamlik Wonderboombasis.[73] Hierdie basis moes die permanente tuiste van die Staatspresidentseenheid, 4 Provooskompanie en Kommandosekerheidswagte word. Gevolglik moes 'n uitgebreide opknappingsprogram aan geboue van stapel gestuur word en skaars ses maande later is besluit om die Staatspresidentseenheid na Heidelberg te verskuif. Heelwat besware is aangeteken oor hierdie verskuiwing. Vanuit kerklike kringe is aangevoer dat die Staatspresidentseenheid 'n mobiele eenheid was, wat saam met die President moes beweeg en daarom logies vanaf sy hoofsetel moes opereer.[74]

Ten spyte van die besware is die eenheid in Oktober 1971 na die nuwe standplaas van die Leërgimnasium te Heidelberg, verplaas. Aangesien dit die eenheid ver van Pretoria geplaas het, waar die meeste van sy funksies uitgevoer moes word, is daar in Desember 1973[75] teruggetrek na Pretoria, en totdat beter fasiliteite in Mei 1974 beskikbaar was, is die eenheid

---

70 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, houer 57, lêerno. G/SD/25/1 deel I, inlaag 11, ***Organisasie: die Leërgimnasium***, 4 Desember 1967.

71 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 5, inlaag 127, ***Staatspresidentswag***, 1972.

72 Vergelyk SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, houer 17, groep 3, lêerno. G/SD/25/5/1, vol. 1, inlaag 69, ***Moving of State Presidents Guard from SAMC Training Centre to Wonderboom Military Base***, 7 January 1969; H-Leër, groep 4, houer 4, lêerno. G/SD/3/0, inlaag 27, ***Moving of the State Presidents guard***, 8 January 1969.

73 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, groep 3, houer 120, lêerno. G/SD/3/6, inlaag 15, ***Skepping van 'n Basishoofkwartier: Wonderboombasis***, 22 April 1971.

74 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, groep 4, houer 561, lêerno. G/SD/20, deel 2, inlaag 5C, ***Brief gerig aan die Minister van Verdediging, Mnr. P.W. Botha***, 1972.

75 SAW-Argief, Pretoria, Kmdt. N.T. HK-eenheid, groep 5, houer 1011, lêerno. Q/ACCN/18, inlaag 11, ***Vorderingsverslag ten opsigte van afsluiting en verskuiwing na Infanterieskool en 2 Seinregiment***, 3 Desember 1973.

by 2 Sein Regiment gehuisves.[76] Die vraag ontstaan of hierdie verskuiwing finansieel geregverdig was, omdat dit geweldige kostes meegebring het en skaars twee jaar later het die eenheid weer na Pretoria teruggetrek. In 1974 is die eenheid tot die Suid-Afrikaanse Leërkollege toegevoeg. Alhoewel die eenheid, met ingang Januarie 1982, selfrekenpligtige status verkry het, het die eenheid eers in April 1985[77] na 'n nuwe standplaas langs kommandement Noord-Transvaal Onderhoudseenheid[78] verskuif. Hier sou die eenheid gehuisves word tot en met die deaktivering.

## 9. DIE FUNKSIONERING VAN DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID EN DIE AMALGAMERING MET DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE

Buiten die Staatspresidentseenheid se seremoniële funksie, is die eenheid dan ook effektief aangewend vir ander doeleindes. Aangesien die Staatspresidentseenheid die enigste Infanterie-eenheid in die Pretoria omgewing was, is dit aangewend as noodmag van Kommandement Noord-Transvaal. Daar moet onthou word dat die Staatspresidentseenheid as doelwit gestel het die opleiding van Infanteriesoldate en ironies genoeg laat die seremoniële optrede van die eenheid mense dink dat hulle net mooi kon dril. 'n Kykie na die aanwending van die eenheid sou die leser tot ander insigte bring. Daarom moes die Staatspresidentseenheid te alle tye gereed wees en as sulks kon 'n seksie van 'n peloton nie uit die Kommandementsgebied verplaas word nie.

Die Staatspresidentseenheid is ook aangewend vir die beskerming van die volgende persone, naamlik:[79]

(a) Minister van Verdediging

(b) Hoof van die Weermag

---

76 SAW-Argief, Pretoria, Kmdt. N.T. HK-eenheid, groep 5, houer 1011,lêerno. Q/ACCN/18, inlaag 5, ***Administratiewe instruksie: Stigting van nuwe eenhede***, 24 Oktober 1973.

77 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 120, lêerno. 502/6, inlaag 6, ***Verskuiwing van SP-Wag***, 24 April 1985.

78 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 120, lêerno. 502/6, inlaag 7, ***Verskuiwing van SP-Wag***, 26 April 1985.

79 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, Houer 7, lêerno. 102/12/B, inlaag 4, ***Take van die SP-Wag***, 9 Augustus 1978.

Lede wat die sekerheidstaak by die Minister van Verdediging verrig het, mag vir geen ander doel aangewend gewees het nie. Hierdie verpligtinge moes uitgevoer word te Kaapstad en Pretoria en indien omstandighede dit vereis het, moes die eenheid in staat gewees het om hierdie beskerming gelyktydig in Pretoria en Kaapstad te verleen. Dienspligtiges wat die taak verrig het, het normale opleiding ondergaan en is in die sekerheidstaak aangewend binne die raamwerk van 'n infanterie organisasie. Ander operasionele take van die Staatspresidentseenheid was die beskerming van die Adjunk-minister van Verdediging, die Hoof van die Leër en die Hoof van Staf Inligting.[80]

Op 1 Desember 1985 is die sekerheidstaak met die amalgamering van die Staatspresidentseenheid en die Presidensiële wag, gestaak en die beskerming van belangrike persone (BBP) was aan ander instansies opgedra.

Op 29 Augustus 1985 is 'n ondersoek geloods oor die aanwending van die Staatspresidentseenheid. Die volgende riglyne was toe verskaf:[81]

(a) Daar moes spesifiek gelet word op die moontlikheid van die samevoeging van die seremoniële- en beveiligingselemente van die eenheid onder een bevel.

(b) Dit was verkieslik dat die eenheid diens verrig het, in 'n 'neutrale' uniform wat die eenheid nie aan die Suid-Afrikaanse Polisie of Suid-Afrikaanse Weermag sal koppel nie.

Daar moet onthou word dat die beveiliging van die Staatspresident nog altyd die verantwoordelikheid van die Suid-Afrikaanse Polisie was. 'n Gesamentlike Suid-Afrikaanse Weermag/Suid-Afrikaanse Polisie werkskomitee is gevolglik gestig om die ondersoek van stapel te stuur.[82] Daar was gesamentlik tot die slotslom gekom dat daar drie moontlike handelswyses bestaan het om bogenoemde riglyne te hanteer.

---

80 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 10, ***Aanwending van die Staatspresidentswag***, 20 Augustus 1985.

81 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 34, ***Ondersoek na die aanwending van die SP-Wag***, 29 Augustus 1985.

82 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 34, ***Ondersoek na die aanwending van die SP-Wag***, 29 Augustus 1985.

## *HANDELSWYSE 1*

**Gesamentlike verantwoordelikhede met behoud van eie funksies en take**[83]

Die Suid-Afrikaanse Polisie en Suid-Afrikaanse Weermag behou hul eie verantwoordelikhede. Bevel en beheer word egter geformaliseer deur die aanstelling van 'n oorhoofse bevelvoerder vir 'n tydperk van twee tot drie jaar.[84]

Ten einde eenvormige optredes en volle samewerking te verseker, moes aanvaarde Staande Werksprosedures daargestel word.[85] 'n Dokument waarin die Suid-Afrikaanse Weermag en Suid-Afrikaanse Polisie die beginsel van 'n oorhoofse bevelvoerder aanvaar, moes opgestel word.

## *HANDELSWYSE 2*

**Of die Suid-Afrikaanse Weermag òf die Suid-Afrikaanse Polisie verantwoordelik**

Die seremoniële- en beveiligingselement word deur òf die Suid-Afrikaanse Polisie òf Suid-Afrikaanse Weermag verrig. Indien die verantwoordelikheid deur die Suid-Afrikaanse Weermag verrig was, sou regsbevoegdheid deur wetgewing verkry moes word.[86] Indien die Suid-Afrikaanse Polisie die verantwoordelikheid oorneem, sou seremoniële verpligtinge deur hulle verrig moes word. 'n Voordeel van hierdie handelswyse was daarin geleë dat min spesiale opleiding benodig was en slegs bykomende mannekrag verky moes word.

Die bevelvoerder word beurtelings uit die geledere van die Suid-Afrikaanse Polisie en Suid-Afrikaanse Weermag verkry. Die administrasie en logistiek moes afsonderlik bedryf word en die Suid-Afrikaanse Weermag was dus vir sy eie lede verantwoordelik.

---

83 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 34, ***Ondersoek na die aanwending van die SP-Wag***, 29 Augustus 1985.

84 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 155, lêerno. 520/1. inlaag 34, ***Ondersoek na die aanwending van die SP-Wag***, 29 Augustus 1985.

85 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 34, ***Ondersoek na die aanwending van die SP-Wag***, 29 Augustus 1985.

86 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 34, ***Ondersoek na die aanwending van die SP-Wag***, 29 Augustus 1985.

### *HANDELSWYSE 3*

**Samestelling van 'n nuwe wag vir die Staatspresident**

Dit het die samestelling van 'n selfstandige eiesoortige Wag behels wat saamgestel kon word uit die verskillende Departemente of deur kandidate van elders te werf.[87]

Hierdie eenheid moes 'n selfstandige eenheid wees wat aan hulle eie behoeftes moes voorsien ten opsigte van die infrastruktuur, administrasie, logistiek, opleiding, uitrusting, terreine en geboue.[88]

## *9.1 EVALUERING/KOMMENTAAR TEN OPSIGTE VAN HIERDIE HANDELSWYSES*

Wanneer daar na die drie moontlike handelswyses gekyk word, sou gesien word dat HANDELSWYSE 1 die minste ontwrigting sou veroorsaak. Die finansiële implikasies was gering en kon op die kort termyn geïmplementeer word, omdat bestaande infrastrukture reeds bestaan het. Die belangrikste beswaar teen hierdie handelswyse was dat daar 'n oorhoofse bevelvoerder aangestel moes word, wat op 'n roetine basis sou roteer. Hier was nou sprake van 'n verdeelde funksie omdat die Suid-Afrikaanse Weermag/Suid-Afrikaanse Polisie self verantwoordelik was vir hul lede. 'n Verdere probleem was "groepkohesie"[89] wat sou ontbreek, omdat identiteit ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Weermag of die Suid-Afrikaanse Polisie behoue sou bly. Dit het ook tot die beperkte aanwending van lede gelei, aangesien slegs een funksie verrig kon word en derhalwe was mannekrag minder koste effektief.[90] HANDELSWYSE 2 het 'n aanlooptyd[91] benodig en kon dus nie onmiddellik geïmplimenteer word nie. Indien die Suid-Afrikaanse Weermag verantwoordelik was vir die beveiligingsfunksie moes regsbevoegdheid deur middel van wetgewing verkry word. Omdat polisietake 'n groot rol speel, sou opleiding deur die Militêre Polisie hanteer moes word. Dit

87 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 34, ***Ondersoek na die aanwending van die SP-Wag***, 29 Augustus 1985.

88 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 34, ***Ondersoek na die aanwending van die SP-Wag***, 29 Augustus 1985.

89 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 34, ***Ondersoek na die aanwending van die SP-Wag***, 29 Augustus 1985.

90 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 34, ***Ondersoek na die aanwending van die SP-Wag***, 29 Augustus 1985.

91 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 34, ***Ondersoek na die aanwending van die SP-Wag***, 29 Augustus 1985.

sou meebring dat bykomende mannekrag aangestel moes word, wat weer verreikende finansiële implikasies kon teweeg gebring het.

Die stigting van 'n nuwe Wag vir die Staatspresident (HANDELSWYSE 3) sou meebring dat daar net een bevelstruktuur was. Hierdie handelswyse was 'n langtermynprojek as gevolg van die tyd wat dit sou verg om:[92]

(i) nuwe wetgewing daar te stel;

(ii) nuwe eenheidsfasiliteite daar te stel as normale begrotingsaksies van toepassing was;

(iii) finansies vir die verkryging van nuwe eenheidsfasiliteite;

(iv) eenheidslede op te lei en saam te snoer, in 'n parate eenheid en;

(v) nuwe regulasies en 'n nuwe dissiplinêre kode op te stel.

HANDELSWYSE 3 was die mees ideale oplossing, maar dit het ingedruis teen die beginsel van rasionalisasie wat deur die Regering in die tagtiger jare van stapel gestuur was. Wanneer daar gekyk word na die aktivering van die Staatspresidentseenheid in 1985, sou daar gesien word hoe vermelde handelswyses ondersoek en oorweeg is om die funksionele aanwending van die Staatspresidentseenheid en Presidentseenheid te verhoog.

Na ondersoek en oorweging is daar besluit om die Staatspresidentseenheid en die Presidentseenheid te amalgameer (handelswyse 1). Volgens implementeringsinstruksie 5 van 1986[93] sou die Staatspresidentseenheid se naam verander na die Staatspresidentseenheid.[94]

In breë trekke beteken die samevoeging van genoemde eenhede tot 'n enkele eenheid, die behoud van hul onderskeie werksaamhede, dit wil sê 'n seremoniële en 'n bewakingsbeen. Hierdie eenhede was aan die Kantoor van die Staatspresident toegewys, ooreenkomstig hul onderskeie funksies. 'n Bevelvoerder van die Suid-Afrikaanse Weermageenheid en een van die Suid-Afrikaanse Polisie-eenheid, het aan die hoof van die afsonderlike eenhede gestaan

92 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 34, ***Ondersoek na die aanwending van die SP-Wag***, 29 Augustus 1985.

93 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, vol. 3, inlaag 33, ***Magsontwikkeling: implementeringsinstruksie***, 31 Januarie 1986.

94 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, vol. 3, inlaag 33, ***Magsontwikkeling: implementeringsinstruksie***, 31 Januarie 1986.

en was direk aan die Sekretaris-generaal van die kantoor van die Staatspresident verantwoordelik.[95]

Voorts moes 'n neutrale uniform met kentekens vir die Staatspresidentseenheid ontwerp word. Bykomende kentekens sou gebruik moes word om steeds die personeel van Suid-Afrikaanse Weermag- of Suid-Afrikaanse Polisie-herkoms te identifiseer.

Die Suid-Afrikaanse Leër moes die Staatspresidentseenheid, met ingang van 1 Desember 1985, omskep na die seremoniële komponent van die Staatspresidentseenheid.[96] Deur hierdie samesmelting was die Staatspresidentseenheid onderwerp aan die volgende bevelaffiliasies:[97]

- Onder bevel van die Hoof van die Leër.
- Onder funksionele beheer vir seremonieel van Hoof van die Leër Staf Personeel.
- Onder funksionele beheer vir opleiding van Direkteur Opleiding.
- Permanent onder beheer van Kommandement Noord-Transvaal.
- In gebied van Kommandement Westelike Provinsie tydens die jaarlikse Parlementsitting.

## 10. SAMEVATTING

Die Staatspresidentseenheid is gestig vanuit 'n kultuurhistoriese uitgangspunt. Die uitsluitlike doel van die eenheid was om die amp van die Staatspresident te bedien. Die stigting was inherent 'n poging om die eg-Afrikaanse kultuur te laat herlewe wat volgens die Federale Raad van Afrikaanse Skakelkomitees slegs in museums en geskiedenisboeke waargeneem kon word. Die Staatspresidentseenheid kon dus gesien word as 'n toevoeging tot die reeks van erfdinge uit die Suid-Afrikaanse verlede.

---

95 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/1. vol. 2, ***Aktivering van die Staatspresidentseenheid***, 23 November 1985.

96 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenisleër, lêerno. 514/2/1. vol. 2, ***Aktivering van die Staatspresidentseenheid***, 23 November 1985.

97 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 9, ***Oorsig van die Staatspresidentseenheid***, 12 Mei 1986.

Op 1 Mei 1967 het die eenheid ontstaan as 'n eenheid van die Suid-Afrikaanse Infanteriekorps. Dit het meegebring dat die eenheid getaak was vir seremoniële optredes en ook die daarstelling van gevegsopgeleide mannekrag vir Burgermageenhede. Die eenheid was tot 'n hoë mate verantwoordelik vir die beeld van die Suid-Afrikaanse Weermag en daarom was dit noodsaaklik dat die keuringsvereistes van die eenheid hoër sou wees as ander eenhede. As seremoniële kontingent van die Staatspresident was die eenheid gedurigdeur in die publieke oog en dit spreek vanself dat profielvereistes van lede hoër moes wees.

Die kwessie van 'n loseereenheid by ander eenhede was nie baie geslaagd nie. Dit het onwillekeurig meebring dat kultuurgoedere van 'n eenheid, sy tradisionele gebruike, drag en ander voorwerpe in hierdie saamgroepering, verlore geraak het. As selfrekenpligtige eenheid kon die lede 'n samehorige identiteit ontwikkel waarmee individuele lede kon identifiseer.

Skutter P.P. van der Merwe wat diensplig in 1976 verrig het, het tydens 'n onderhoud opgemerk dat die Staatspresidentseenheid by die Suid-Afrikaanse Leërkollege ingedeel was. Volgens hom het aspekte soos lojaliteit, deernis, tradisies, trou aan 'n eenheid, 'n verdeelde betekenis gekry omdat hy as dienspligtige twee bevelvoerders gehad het nl. majoor C.J. Louwrens (bevelvoerder van die Staatspresidentseenheid) en kolonel G. Kruis (bevelvoerder van die Suid-Afrikaanse Leërkollege).[98]

---

98 P.P. van der Merwe, Onderhoud, 1994.

# HOOFSTUK 3

## *DIE UNIFORM VAN DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID - HERKOMS EN TRADISIES*

## 1. INLEIDING

Soos reeds in die vorige hoofstuk vermeld, het die behoefte aan 'n prestige militêre eenheid, asook die heringebruikneming van tradisionele uniforms by verskeie instansies ontstaan. As uitvloeisel daarvan was skrywes tot die destydse Minister van Verdediging gerig waarin die instelling van 'n militêre Wag geklee in spesiale uniforms bepleit is. Die eenheid moes as seremoniële Wag vir die Staatspresident dien en by gepaste geleenthede as erewag optree. Die uniforms moes kultuurhistories verantwoordbaar wees.

Die herkoms en die ontstaan van 'n Staatspresidentseenheid met spesiale uniforms, kon teruggevoer word na die vroeë Republikeinse dae met die stigting van die artilleriekorpse.[1] Hierdie korpse was onderskeidelik deur presidente J.H. Brand[2] en T.F. Burgers[3] van die Vrystaatse en Zuid-Afrikaansche Republiek in die lewe geroep.

Die vorm van die eerste en latere uniforms van die Staatspresidentseenheid was in 'n mate gebaseer op seremoniële uniforms van die artillerie in die Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republieke.[4]

Om hierdie rede word die verskillende uniforms en hul variasies breedvoerig bespreek.

Wanneer die herkoms van 'n miltitêre uniform bestudeer word, is dit interessant om te let op die invloed wat sommige nasies op mekaar uitgeoefen het.[5] 'n Goeie voorbeeld is die helmet wat deur die Pruisiese Weermag gedra is. Dit kan teruggevoer word na Engeland, Oostenryk, Swede, die V.S.A., Mexiko, Columbië, Rusland en Bolivië.[6] Sekere militêre historici beweer dat die punthelmet oorgeneem is van Tsaar Nicholaas van Rusland en dat

---

1 E.M. Meyers, "*Uniforms van die Staatspresidentswag...*", p.5.

2 J.A. Steenkamp, ***Die verdedigingstelsel van die Vrystaatse Republiek, 1854-1899*** (ongep. akademiese verhandeling, UOVS, 1976), pp.154-158.

3 D.J. Haupt, ***Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse Republiek***, (ongep. akademiese verhandeling, UP, 1946), p.2.

4 E.M. Meyers, "*Uniforms van die Staatspresidentswag ...*", p.5.

5 E.M. Meyers, "*Uniforms van die Staatspresidentswag ...*", p.5.

6 E.M. Meyers, "*Uniforms van die Staatspresidentswag ...*", p.5.

Frederik Willem dit as 'n prototipe tydens sy besoek aan die keiser gesien het.[7] By sy terugkeer in Pruise het die helmet dan ook deel van die amptelike uniform geword.

Die amptelike uniforms van die Vrystaatse- en Transvaalse Staatsartillerie was geen uitsondering nie. Beïnvloeding van sommige nasies was duidelik waarneembaar by bovermelde artilleriekorpse. Beide hierdie Artilleriekorpse is volgens die Europese model georganiseer en veral die Vrystaatse Artilleriekorps is deur 'n Duitser wat in die Frans-Pruisiese oorlog geveg het, beheer. Dit was dan ook sy vertrekpunt om die korps soos sy eweknie in Duitsland te hanteer en te laat lyk.

## 2. DIE TRANSVAALSE STAATSARTILLERIE



Foto no. 1: President T.F. Burgers, stigter van die Transvaalse Staatsartillerie

7 E.M. Meyers, "*Uniforms van die Staatspresidentswag ...*", p.5.

## 2.1 OORSPRONG

Die Boere-artillerie het begin met 'n paar ouderwetse stukke onder die bediening van sogenaamde kanonkommandante en het aangegroei tot die gedugte en vermaarde Transvaalse en Vrystaatse Artilleriekorpse, wat heelwat suksesse in die Tweede Vryheidsoorlog verwerf het.

Die begin van die Staatsartillerie in die Zuid- Afrikaansche Republiek kon teruggevoer word na die sogenaamde Battery Dingaan[8], wat deur toedoen van president Burgers in 1875 ontstaan het. Die begin was maar klein en die Battery het slegs uit agt persone bestaan. Die eer vir die bewuste poging om 'n artilleriekorps in die Zuid-Afrikaansche Republiek tot stand te bring, het president Burgers toegekom. Laasgenoemde het die algemene belangstelling gaande gemaak en selfs kanonne is van die buiteland aangekoop. President Burgers het kaptein Otto Riedl van Duitsland in diens geneem om die kanonne te bedien en 'n soort artilleriekorps hier op te rig.[9] Die president het ook baie bygedra tot die aankweking van 'n militêre gees, asook 'n bewuste vaderlandsliefde by die korps.[10]

Teen die einde van president Burgers se regeringstydperk en met die algemene grondwetwysiging van Maart 1877, sou in die grondwet voorsiening gemaak word vir "een algemene landspolitie en een corps artillerie"[11] wat gesamentlik minstens 125 manskappe sterk sou wees.[12]

Skaars 'n maand na die grondwetwysigings het Sir Theophilis Shepstone in April 1877 die Zuid-Afrikaansche Republiek geannekseer.[13] Hierdie eenheid het tydens die anneksasie heeltemal verdwyn en in 1881, na die eerste Vryheidsoorlog, toe die noodsaaklikheid van 'n Verdedigingsorganisasie wat bestand sou wees teen buitelandse vyande, besef[14] was, is die Republikeinse artilleriekorps heropgerig. In dieselfde jaar vind die "Artillerie-Corps der

---

8 SAW-Argief, Pretoria, Kommando-organisasie, MV 75, aanhangsel 9, ***Die Weermag in die Suid-Afrikaanse Republiek***, 1945.

9 D.J. Haupt, ***Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse ...***, p.3.

10 E.M. Meyers, "***Uniforms van die Staatspresidentswag ...***", p.8.

11 SAW-Argief, Pretoria, Kommando-organisasie, MV 75, aanhangsel 9, ***Die Weermag in die Suid-Afrikaanse Republiek***, 1945.

12 D.J. Haupt, ***Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse ...***, p.4.

13 D.J. Haupt, ***Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse ...***, p.4.

14 D.J. Haupt, ***Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse ...***, p.4.

Zuid-Afrikaansche Republiek" sy ontstaan en byna gelyktydig daarmee, die korps bekend as die "Transvaalse Rydende Politie." Hierdie twee ongelyksoortige militêre ondernemings het egter in 1882 verenig onder die Transvaalse Artillerie Korps.[15] Na verskillende naamsveranderings en reorganisasie, het die eenheid in die tagtigerjare 'n ware artilleriekorps geword.[16]

### 2.1.1 DIE BYDRAE VAN HENNING PRETORIUS IN DIE REORGANISASIE VAN DIE TRANSVAALSE STAATSARTILLERIE

Die reorganisasie van die korps het onder leiding van Henning Pretorius plaasgevind. Hoewel hy van die artillerie weinig verstaan het,[17] was hy 'n deeglike offisier uit die ou Boereskool, vir wie sy offisiere, weens sy persoonlike dapperheid en gemoeidheid, die hoogste respek gehad het.[18]

Volgens kommandant J. Ploeger, in 'n artikel in die tydskrif ***Militaria***, het kommandant Henning Pretorius (1844-1897) hom beywer om opbouende werk te verrig deur onder meer 'n afdeling veldtelegrafie aan die eenheid toe te voeg, deur reëlings met betrekking tot die skoolonderrig van artillerie te tref en jong belowende Transvalers na die buiteland te stuur om daar ooreenkomstig die destydse krygskundige beginsels, opgelei te word.[19]

Hierdie reorganisasie was beliggaam in Wet no.1, van 1896 wat as 'n mylpaal in die geskiedenis van die Staatsartillerie beskou kon word. Ten spyte van die reorganisasie het die leemte, naamlik die dubbele funksie van 'n Polisiemag en Staandemag nog bestaan, wat onwillekeurig 'n verdeelde funksie teweeg gebring het.

---

15 E.M. Meyers, "*Uniforms van die Staatspresidentsweg* ...", p.8.

16 J. Ploeger, "Uit die geskiedenis van die 'Corps Staatsartillerie' van die ZAR", *Militaria*, vol. 15, no.4, 1985, p.2.

17 D.J. Haupt, *Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse* ..., p.7.

18 D.J. Haupt, *Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse* ..., p.8.

19 J. Ploeger, "*Uit die geskiedenis van die 'Corps Staatsartillerie'...*", p.2.

Die afsterwe van die Vader van die Staatsartillerie[20] is allerweë betreur en 'n opvolger moes gevind word. Hy is opgevolg deur lt.-kol. S.P.E. Trichardt, wat hoof van die Staatsartillerie was totdat dit opgehou het om te bestaan.[21]



Foto no. 2: Henning Pretorius (1844-1897) vader en eerste Kommandant van die Staatsartillerie

Die Staatsartillerie was onder die opperbevel van 'n kommandant-generaal wat ook die hoof van die Weermag was. Die latere Staatspresidentseenheid het ook onder die hoof van die Weermag geresorteer.

## *2.2 KEURINGVEREISTES WAARAAN LEDE VAN DIE STAATSARTILLERIE MOES VOLDOEN*

Lede van die korps moes burgers wees deur geboorte of naturalisasie. Applikante moes minstens 16 jaar oud wees en indien minderjarig moes hulle skriftelike toestemming van

20 J. Ploeger, *"Uit die geskiedenis van die 'Corps Staatsartillerie ..."*, p.2.

21 E.M. Meyers, *"Uniforms van die Staatspresidentswag ..."*, p.8.

hulle ouers voorlê. Alleen ongetroude applikante met die nodige doktersertifikate en 'n bewys van goeie gedrag is toegelaat tot die korps. Geen skoolprestasie[22] is vereis by die artillerie nie. Slegs by die Veldtelegrafie moes hulle oor minstens 'n standerd drie skoolopleiding beskik. Die Veldtelegrafie moes vir minstens drie jaar attesteer, maar kon hulle dienstyd, na afloop daarvan, vir 'n verdere een tot drie jaar verleng, mits hulle minstens drie maande vooruit kennis aan die owerheid gee van hul voorneme om dit te doen. Ander applikante in die Artillerie moes 'n verbintenis aangaan van minstens drie jaar en onderoffisiere en manskappe sou tot hulle 35ste lewensjaar (in geval van oorlog), diens doen.[23] By indienstreding was die dienseed afgelê en by bevordering tot offisier 'n nuwe eed.

## *2.3 BEPALINGS VAN ARTIKEL 91 VAN WET NR. 1 VAN 1898 IN VERBAND MET DIE UNIFORM VAN DIE TRANSVAALSE STAATSARTILLERIE*

Die Transvaalse Staatsartillerie het gespog met sy eie kenmerkende uniform. Hoewel dit nie voldoen het aan die eise wat klimaatsomstandighede gestel het nie, was dit 'n pronkstuk waarop elke artilleris met reg trots kon wees.[24]

Dit was egter nie altyd so gewees nie. Die kleredrag was in die tagtigerjare soms 'n mengelmoes van uniform en burgerlike klere. Alleen manskappe sou die reg hê om die uniforms te dra[25] en indien dit verontagsaam was, is 'n boete van tien pond of twee maande harde arbeid aan so 'n rekruut opgelê.

Vir offisiere is die "klein of exercitie tenue"[26] gedra en dit het bestaan uit 'n atilla met 'n swart fluweelkraag en drie rye vergulde knope met 'n patroon van gekruiste kanonne.[27] Die skouerbande, kraag en mouversiersels het bymekaar gepas.

---

22 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/1, vol. 2, ***Implementeringsinstruksie: aktivering van SP-eenheid***, 25 November 1985.

23 D.J. Haupt, ***Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse*** ...., p.32.

24 D.J. Haupt, ***Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse*** ...., p.52.

25 D.J. Haupt, ***Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse*** ...., p.52.

26 SAW-Argief, Pretoria, Kommando-organisasie, MV 75, aanhangsel 9, ***Die Weermag in die Suid-Afrikaanse Republiek***, 1945.

27 D.J. Haupt, ***Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse*** ...., pp.52-53.

Die Groot tenue was soos die klein tenue met die volgende veranderings: "die versierselen op kraag, armen enz. van dubbelgoud. De atilla van zwart laken en blaauw manschetten aan de mouwen."[28] Die hooftooisel by die klein tenue, was 'n hoed van donkerblou stof met 'n wit doek daarom. By die groot tenue was 'n helmet met 'n wit pluim van hanevere gedra. Die bandolier was van swart verlakte leer met 'n verguIde lourierkrans in koper. Aan die bandolier het 'n fluitjie gehang. Op die "sjerp" was rooi, wit en blou horisontale bane en die afhangende tooisel groen.

Volgens J.H. Breytenbach in sy werk ***Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid Afrika***, het die manskappe van die artillerie twee tipes uniforms gehad, naamlik 'n velddiens- of someruniform wat van 'n sandkleurige materiaal vervaardig was, asook 'n parade of winteruniform wat donkerblou van kleur was.[29]

Eergenoemde uniform het bestaan uit 'n baadjie met 'n toegeknoopte kraag en skouerstukke,[30] in stede van skoene, is rykamaste met spore en ketting gedra.[31] Hierdie skoeisel was gebaseer op die Hollandse model. By volle mondering is wit seemsleer handskoene gedra. 'n Swart oorjas voorsien van gekruiste kanonne as knope en 'n militêre reënjas met mantel, het die artilleris se uitrusting voltooi.

Die parade-uniform was baie ornamenteel.[32] Die uniform het bestaan uit "van vooren vierkant toeloopende atilla van zwart laken,"[33] met drie rye van ses knope, terwyl rye koord oor die bostuk van die uniform aangebring is.[34] Voor op die helm het die republikeinse wapen in geelkoper, met geelkoper ketting, gepryk. Die sabel, sabeltas en band was van gewone swart leer met die letters Z.A.R. op die tas. Die mus was met kwaste versier om die sierlike uniform af te rond. Hierdie uniform was egter onprakties omdat die uniform geskoei was op Hollandse klimaatomstandighede wat wesenlik van Suid-Afrikaanse

---

28 SAW-Argief, Pretoria, Kommando-organisasie, MV 75, aanhangsel 9, ***Die Weermag in die Suid-Afrikaanse Republiek***, 1945.

29 R.J. Bouch, "Die uniform van die Transvaalse Staatsartillerie", ***Militaria***, vol. 4, no.3, 1974, p.24; J.H. Breytenbach, ***Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902***, p.57.

30 R.J. Bouch, "***Die uniform van die Transvaalse ...***", p.24.

31 D.J. Haupt, ***Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse ...***, p.55.

32 R.J. Bouch, "***Die uniform van die Transvaalse ...***", p.24.

33 D.J. Haupt, ***Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse ...***, p.55.

34 R.J. Bouch, "***Die uniform van die Transvaalse ...***", p.24.

toestande verskil het. Die volgende foto's beeld nie al die gevalle wat hierbo genoem is, uit nie, maar gee 'n redelike beeld van die verskillende variasies.



Foto no. 3: Winter- of parade uniform van 'n korporaal.



Foto no. 4: Winteruniform.



Foto no. 5: Somer velddiensuniform van 'n offisier in die Staatsartillerie.



Foto no. 6: Winteruniform van 'n offisier. Let op pet as hoofbedekking.





Foto no. 7: Variasie van manskap se uniform.




Foto no. 8: Adjudant in 'n variasie van uniform met pet as hoofbedekking



Foto no. 9: Burgerlike klere wat deur die Staatsartillerie gedra is.




Foto no. 10: Parade uniform met meer versierings.

Die bewapening van die artilleris was 'n onmisbare deel van die uniform en het bestaan uit 'n sabel met sabeltas. Voor die sabelhef het 'n draak gepryk. Elke artilleris het behalwe die sabel, ook 'n karabyn gedra soos dit gebruik is by die Britse kavallerie.[35] 'n Offisier en adjudant-onderoffisier het oor 'n rewolwer, 'n sabel en 'n verkyker beskik, terwyl onderoffisiere bewapen is met 'n karabyn, sabel en verkyker. 'n Trompetter weer, het 'n sabel en rewolwer gehad, terwyl die musikante 'n degen en rewolwer gedra het. Die veldtelegrafiste het behalwe die wapens van musikante, ook verkykers besit.

35 D.J. Haupt, ***Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse ...***, p.55.

## 2.4 DEELNAME AAN OORLOGSTEATERS TYDENS DIE ANGLO-BOERE-OORLOG

Die Staatsartillerie, as kern van die Republikeinse krygsmag, het 'n leeue-aandeel gehad in die Tweede Vryheidsoorlog.[36] Op 11 Oktober 1899 het die artillerie onder bevel van kommandant-generaal Piet Joubert, die Natalgrens oorgesteek[37] en nege dae later het die slag van Talana[38] plaasgevind.



Foto no. 11: Genl. Piet Joubert.

36 E.M. Meyers, "*Uniforms van die Staatspresidentswag ...*", p.11.

37 D.J. Haupt, *Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse ...*, p.68.

38 D.J. Haupt, *Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse ...*, p.68.

Tydens die Tweede Vryheidsoorlog het die Staatsartillerie aan verskeie veldslae deelgeneem en gemengde welslae behaal. Haupt beweer dat die korps as eenheid reeds by die uitbreek van die oorlog opgehou het om te bestaan.[39]

Die grootste gedeelte van die Transvaalse Staatsartillerie is na die Natalgrens, waar hulle weer verdeel is onder die verskillende kommando's. Waar die artillerie ingedeel is onder die kommando's, het hulle ook onder die bevelvoerder van die Burgerkommando gestaan. Teaters waaraan die Staatsartillerie deelgeneem het, was onder andere by Elandslaagte,[40] Mafeking, die beleg van Ladysmith, Colenso, Spioenkop, Paardeberg en Kimberley asook die laaste stellingsgeveg van die oorlog by Bergendal (Dalmanutha).[41]

# 3. DIE VRYSTAATSTE ARTILLERIEKORPS / ARTILLERIE-CORPS VAN DEN ORANJEVRIJSTAAT

## *3.1 OORSPRONG*

Hoewel president Boshof reeds in 1857 die noodsaaklikheid van 'n artilleriekorps besef het[42] en die voorbereidingswerk vir die stigting van die korps gedoen het, bestaan daar nie voldoende bewyse dat hy die werklike vader van die korps was nie.[43] Dit lei egter geen twyfel dat daar gedurende sy bewind daadwerklike pogings was vir die stigting van sodanige korps nie.

In 1864 is J.H. Brand tot president van die Oranje-Vrystaat verkies. Hy het vanuit die staanspoor 'n lewendige belangstelling in artillerie gehad en volgens Steenkamp in sy werk die Verdedigingstelsel van die Vrystaatse Republiek, het hierdie belangstelling nou saamgehang met pres. J.H. Brand se vroeëre lidmaatskap van die 'Prince Alfreds Own Cape Field Artillery'.[44] Hoewel die ontdekking van diamante en daarmee saam die anneksasie van die diamantvelde, as grondslag gedien het om die artilleriekorps op te knap, is daar eers na

39 D.J. Haupt, ***Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse*** ..., p.71.

40 H.J. Botha, & J. Ploeger, "Die Duitse aandeel in die militêre geskiedenis van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika", ***Militaria***, vol. 2, no.4, 1970, p.14.

41 Vergelyk Haupt, D.J. "***Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse*** ...",pp.68-90; E.M. Meyers, ***Uniform van die Staatspresidentswag*** ...", p.11.

42 J.A. Steenkamp, "***Die verdedigingstelsel van die Vrystaatse Republiek*** ...", p.152.

43 T.P.E. Swemmer, "***Die geskiedenis van die Vrystaatse artillerie***", (ongep. akademiese verhandeling, UOVS, 1953), p.28.

44 J.A. Steenkamp, "***Die verdedigingstelsel van die Vrystaatse Republiek*** ...", p.55.

1875[45] werklike pogings aangewend vir die daarstelling van 'n effektiewe korps. Brand as president van die Vrystaatse Republiek, het amptelik begin met die stigting van sodanige korps. Brand was dus nie net die stigter nie, maar ook die eerste hoof van die artilleriekorps.

## *3.2 BEPALINGS VAN ORDONNANSIE 3 VAN 1876 TEN OPSIGTE VAN TOELATINGSVEREISTES*

Gedurende die Volksraadsitting van 1875 is 'n kommissie van twee lede aangestel om behoorlike regulasies en vereistes vir die korps op te stel.[46] Hierdie regulasies is in Ordonnansie 3 van 1876 vasgestel. Hiervolgens was bepaal dat alle burgers "boven 16 jaren oud, ongehuwd, gezond van ligchaam" met toestemming van hul ouers, lede van die korps kon word.[47] Alvorens die kwekelinge met hul opleiding begin, moes hulle 'n eed van getrouheid aflê teenoor die staat en offisiere. Voorts moes hulle bereid wees om vir 'n tydperk van drie jaar opleiding te ondergaan. Na voltooiing van die kursus is sy dienstyd as aktiewe artilleris verstreke, maar gedurende oorloë sou die diens voortgesit word.[48]

Die ordonnansie het ook algemene bepalings rakende die gedrag van die artilleriste bevat. Die aktiewe lede moes hul van slegte dade weerhou, hul slaapkwartiere, uniforms, wapens en toerusting in goeie orde hou, terwyl hulle slegs met toestemming van die President in die huwelik kon tree.[49] Artilleriste moes ook edel van karakter wees en hom gevolglik van alle ongeoorloofde dade weerhou, want dit sou die algemene karakter van die korps benadeel. Godsdiensoefeninge moes gereeld bygewoon word.

Opmerklik is dat die vereistes by die Vrystaatse en Transvaalse artillerie baie ooreengestem het. Die Transvaalse Staatsartillerie het heelwat by sy eweknie in die Vrystaat oorgeneem.

---

45 E.M. Meyers, "*Uniforms van die Staatspresidentsweg ...*", p.5.

46 T.P.E. Swemmer, "*Die geskiedenis van die Vrystaatse ...*", p.49.

47 J.A. Steenkamp, "*Die verdedigingstelsel van die Vrystaatse Republiek ...*", p.160.

48 T.P.E. Swemmer, "*Die geskiedenis van die Vrystaatse ...*", p.50.

49 J.A. Steenkamp, "*Die verdedigingstelsel van die Vrystaatse Republiek ...*", p.160.

## *3.3 EERSTE UNIFORMS VAN DIE VRYSTAATSE ARTILLERIEKORPS*

Die Vrystaatse burgers het nooit tydens kommandodiens enige uniforms gedra nie. Die Vrystaatse Artilleriekorps daarenteen het sedert sy stigting militêre uniforms gedra. Die uniforms het aanvanklik 'n Britse voorkoms gehad, maar met die koms van kaptein R.F.W. Albrecht, 'n Pruisiese offisier, het die uniform 'n Duitse karakter ontwikkel.



Foto no. 12: Kapt. R.F.W. Albrecht, bevelvoerder van die Vrystaatse Artillerie.

Oor die eerste uniform bestaan daar geen juiste beskrywing nie en het A.B. Walmsley volgens 'n foto wat ongeveer 1866 geneem is, die volgende beskrywing gegee: "All wearing a dark presumably blue, uniform with a straightsided low crowned peak cap, of French appearance, The tunics are single-breasted, with a standing collar, fastening with seven buttons, probably brass, the skirts being rounded at the front ..."[50]

Gedurende Oktober 1880 is besluit om nuwe uniforms vir die korps te ontwerp en vir die eerste maal word hierdie uniforms deeglik beskryf.

---

50 J.A. Steenkamp, "*Die verdedigingstelsel van die Vrystaatse Republiek ...*", p.173.

Daar moet egter vermeld word dat die uniforms van Engeland bestel is en die gevolg was dat die uniform in snit en algemene voorkoms met die van die Britse "Royal Field Artillery"[51] ooreengestem het.

Die offisieruniform was van donkerblou materiaal, met 'n oranje kraag. Die broek was van dieselfde kleur, maar met 'n goue streep langs die naat. By die groot tenue het alle offisiere kwartierpette van donkerblou materiaal gedra, voorsien van 'n band met goue kant en wit en oranje kokardes.[52] Die Vrystaatse wapen was aan die voorkant van die pet aangebring. Die offisiere was ook van 'n swaard voorsien.

Die klein tenue van offisiere was van blou serge gemaak met swart belegsel "trimmed black mohair with loops and olivettes"[53] Die broeke was van dieselfde materiaal vervaardig, maar met swart kant op die buite nate. Saam met hierdie klein tenue, het offisiere helms gedra wat presies soos die Royal Artillery gelyk het. Die offisiere was ook voorsien van Marokko-skouerbande bedek met goue kant, wit lyfbande met 'n vergulde plaat, swart bandoliers met die Vrystaatse wapen daarop. Die sabelbande was voorsien van silwer klosse, swart sabeltasse met die Vrystaatse wapen daarop.[54] By die groot tenue was 'n slap verebos aan die knop van die helmet gedra. Die nuutste hoofbedekking van die Staatspresidentseenheid was ook 'n wit helmet met die Republiekwapen voorop.

Daar was nie 'n wesenlike verskil tussen die uniform van manskappe en offisiere nie. Die snit en materiaal van die groot tenue was presies dieselfde as die van offisiere. Die enigste werklike verskil was die oranjekleurige versiersels op die kraag en moue. Verder was daar kopergranate op die kraag aangebring en 'n oranje streep op die buitenate van die broek.

Die klein tenue van die manskappe was van bruin wollerige Bedfordkoord gemaak, met 'n swart kraag.[55] Die moue was met swart koord versier en die skouerbande is van dieselfde bruin koord gemaak en voorsien van koper, syfers en granate op die kraag. [56] As

---

51 J.A. Steenkamp, "*Die verdedigingstelsel van die Vrystaatse Republiek ...*", p.174.

52 T.P.E. Swemmer, "*Die geskiedenis van die Vrystaatse ...*", p.61.

53 T.P.E. Swemmer, "*Die geskiedenis van die Vrystaatse ...*", p.61.

54 T.P.E. Swemmer, "*Die geskiedenis van die Vrystaatse ...*", p.61.

55 T.P.E. Swemmer, "*Die geskiedenis van die Vrystaatse ...*", p.62.

56 T.P.E. Swemmer, "*Die geskiedenis van die Vrystaatse ...*", p.62.

hoofbedekking het hulle blou helmets gedra asook pette wat volgens die snit van die Franse infanterie gemaak is.[57]

Met die aanstelling van Albrecht het die uniform 'n Duitse voorkoms gekry. In 1885 het die groot tenue van offisiere uit 'n pet en tuniek bestaan. Alles was van blou laken gemaak, versier met goue koord. Die groot tenue van manskappe was van presies dieselfde stof as dié van offisiere gewees, maar is met oranje koord versier.

Die klein tenue van offisiere het uit dieselfde as die parade uniforms bestaan, maar in hierdie geval was dit van blou sersje gemaak en met swart koord opgemaak.[58] Blykbaar het artilleriste ook wit uniforms gedra wat gebruik was tydens staldiens en parades. Die Volksraad was nie ten gunste van hierdie wit uniforms nie en daar was besluit "dat bij nieuwe aanschaffing van uniforms der artillerie, weder tot de soort uniforms moet worden teruggegaan die vroeger werden gegeven."[59]

By die uniform was 'n helm, wat met 'n slap verebos aan die helmknop voorsien was, gedra. Die Pruisiese Berede Artillerie het presies dieselfde hoofdeksel gedra. In teenstelling met sy eweknie in die Transvaal wat swart lyfbande gedra het, het die Vrystaatse Artilleriekorps wit lyfbande skuins oor die bors en middel gedra. Albrecht het dan ook gepoog om die artilleriekorps op 'n Pruisiese grondslag te organiseer en daarom het hy ook gesorg dat die uniform sterk herinner aan sy verbintenis met Pruise.

---

57 E.M. Meyers, "*Uniforms van die Staatspresidentsweg ...*", p.7.

58 T.P.E. Swemmer, "*Die geskiedenis van die Vrystaatse ...*", p.101.

59 T.P.E. Swemmer, "*Die geskiedenis van die Vrystaatse ...*", p.101.



Foto no. 13: 'n Luitenant van die OVS Staatsartillerie in 1870 in die eerste uniform.



Foto no. 14: 'n Luitenant in die Velddrag van die OVS Staatsartillerie. Die tweede patroon is in 1980-90 gedra.




Foto no. 15: 'n Sersant dra die ou republikeinse velddrag tussen 1880-1890.




Foto no. 16: 'n OVS Staatsartillerie artilleris in volle mondering aangeneem.

Alhoewel president Brand gepoog het om die korps op 'n vaste basis te plaas, het die korps eers in 1880 'n streng militêre karakter aangeneem.[60] Albrecht het dadelik na sy aanstelling 'n skema van reorganisasie opgestel. Hierdie skema het inderdaad die algehele korps tot 'n prestige militêre eenheid georganiseer. Sy skema kenmerk 'n eg Pruisiese grondslag en Albrecht wou die soldaatstand tot erestand verhef.[61] Die algehele opleidingsprogram is

60 E.M. Meyers, "*Uniforms van die Staatspresidentswag ...*", p.7.

61 E.M. Meyers, "*Uniforms van die Staatspresidentswag ...*", p.7.

opgeknap, regulasies vir troepe is ingestel, die korps is versterk van 41 na 100 manskappe en salarisse was verhoog.

Ten einde die korps 'n militêre karakter te gee het Albrecht ook dissiplinêre regulasies opgestel. Hierdie regulasies, in die vorm van militêre strawwe, is reeds in 1882 opgestel, maar eers in 1889 deur die Uitvoerende Raad goedgekeur.[62]

Albrecht se optrede het die Vrystaatse Artillerie die nodige aansien verleen wat dit verdien het. Hoewel die korps voor die Jameson-inval nog nie op werklike militêre status kon aanspraak maak nie, het die inval as spoorslag gedien om die artilleriekorps as kern van die Republikeinse krygsmag daar te stel.[63] Dit het die Vrystaatse Volksraad en Albrecht tot die besef gebring dat die Vrystaat nie met 'n relatief klein artillerie tot 'n oorlog kon toetree nie.

Na die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het die Artilleriekorps van die Vrystaat aangesluit by die magte van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

# 4. DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID

Met die oorspronklike instelling van die Staatspresidentseenheid in 1967 is ook besluit om 'n spesiale uniform te ontwerp vir die inhuldiging van dr. Dönges as tweede Staatspresident van die RSA.[64]

Weens die beskikbaarheid van groen materiaal is besluit om uniforms te ontwerp vir die Staatspresidentseenheid, met hierdie materiaal. Die swart Leërgimnasiumpet met die Republiekwapen[65] voorop sou vir die inhuldiging gebruik word. Hierdie pet is ook deur die Goewerneur-generaal se huiswagte gebruik tydens seremoniële optredes. Die wesenlike verskil tussen hierdie pette was geleë in die wapen.

## *4.1 EERSTE SEREMONIëLE UNIFORM KRY SY BESLAG*

Hierdie uniform wat histories verantwoordbaar moes wees, was gebaseer op die seremoniële uniforms van die Transvaalse en Vrystaatse Artilleriekorpse. Veral die vorm van hooftooisel

62 J.A. Steenkamp, "*Die verdedigingstelsel van die Vrystaatse Republiek ...*", p.176.

63 T.P.E. Swemmer, "*Die geskiedenis van die Vrystaatse ...*", p.95.

64 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenisleër, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 1, *Uniform van die Staats-presidentswag*, 1972.

65 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenisleër, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 1, *Uniform van die Staatspresidentswag*, 1972.

was hierop gebaseer, hoewel die Staatspresidentseenheid volstruisvere in plaas van haanvere gebruik het. E.M. Meyers beweer in 'n artikel in die tydskrif ***Militaria*** dat die hoofbedekking van die Staatspresidentseenheid baie variasies beleef het. Volgens genoemde skrywer het die eerste Wag 'n mus gedra waarvan die oorsprong die Staatsartillerie kon wees.[66] Daar moet egter vermeld word dat daar drie ontwerpuniforms uit hierdie groen materiaal vervaardig was.

Die patroon van die traseergalon op die voorkant van die baadjie van die tweede en derde uniform, en op die skouers van al drie ontwerpe, kon ook teruggevoer word na die ou republikeinse uniforms.[67] Die snit van die tweede en derde uniform wat toeknoop tot bo, kom oorspronklik van die Republikeinse uniform. 'n Mens moet egter in gedagte hou dat die Republikeinse uniforms in Europa deur verskillende instansies vervaardig is en daarom onderling ook van mekaar verskil het.

---

66 E.M. Meyers, "*Uniforms van die Staatspresidentswag ...*", p.8.

67 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 1, *Uniform van die Staatspresidentswag*, 1972.



Foto no. 17: Staatspresidentseenheid lede besig om te masjeer tydens die opening van die parlement (1978-1984).

Die eerste uniform is met 'n swart das en wit hemp gedra en die baadjie het 'n rugslip gehad met twee vals bosakke. Die eerste uniform is nooit in die openbaar gesien nie[68] en slegs 125 van hierdie uniforms is gemaak. Daar was geen galonstrepe op die bors nie, maar slegs

68 SAW-Argief, Pretoria, Dokumentasiediens, houer 58, lêerno. 514/3/4/10/10 MIB, inlaag 48, ***The State President's Guard***, 11 July 1985.

op die moue. Die tweede en derde uniform het geen sakke gehad nie, want dit sou afbreuk doen aan die patroon van die traseergalon.[69]

Met die verskyning van die tweede ontwerp was goue galon in groot hoeveelhede van Engeland en Italië ingevoer, want vir elke uniform was daar meer as 10 meter nodig.[70] Die baadjie is by seremoniële geleenthede met 'n gordel gedra. Op die kraag was 'n metaalkenteken wat die letters SP vorm,[71] gedra. Die skouerepoulette was deur goue koord omvleg, met vier goudkleurige nylonlusse wat op beide bo-arms van die baadjie gedra word.[72]

Die algemene gevoel het bestaan dat die uniform van offisiere en manskappe basies dieselfde moes wees. Nog voor die eerste openbare verskyning is besluit dat die goud galon op die buitenate van offisiere en adjudant-offisiere se broeke breër moes wees as die van onderoffisiere en manskappe.[73]

Al was die Staatspresidentseenheid 'n infanterie eenheid, was daar besluit dat offisiere en adjudant-offisiere seremoniële lugmagdolke sou dra. Dit verskil van ander infanterie eenhede, omdat infanterie eenhede tradisionele sabels gebruik. Daar is besluit dat offisiere wel hul bestaande rangkentekens kon dra, verguld direk op die baadjie se skouerklappe.[74] Adjudant-offisiere het bestaande rangkentekens gedra, verguld terwyl onderoffisiere bestaande 1, 2 en 3-streep, goue draad galon op 'n swart agtergrond sou dra. Wat die lyfbande betref, was in 1967 besluit dat wit leerlyfbande met 'n bajonetlussie gedra sou word. Offisiere en adjudant-offisiere moes egter die Suid-Afrikaanse lugmag seremoniële

---

69 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 1, ***Uniform van die Staatspresidentswag***, 1972.

70 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 1, ***Uniform van die Staatspresidentswag***, 1972.

71 SAW-Argief, Pretoria, Kmdt. N.T. HK-eenheid, groep 5, houer 16, lêerno. A/ADM/5/0, inlaag 27, ***Seremoniële tenue: SP-Wag***, 1969.

72 SAW-Argief, Pretoria, Kmdt. N.T. HK-eenheid, groep 5, houer 16, lêerno. A/ADM/5/0, inlaag 27, ***Seremoniële tenue: SP-Wag***, 1969.

73 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 1, ***Uniform van die Staatspresidentswag***, 1972.

74 SAW-Argief, Pretoria, Kmdt. N.T. HK-eenheid, groep 5, houer 16, lêerno. A/ADM/5/0, inlaag 27, ***Seremoniële tenue: SP-Wag***, 1969.

lyfband[75] dra en die bevelvoerder 'n pet met 'n vergulde omboorsel dra. Wit handskoene was deurentyd gebruik.

Swart skoene is aanvanklik by die uniforms gedra en in 1968 is besluit dat stewels in plaas van skoene[76] gedra moes word. Gewone swart manskapstewels was te grof en het derhalwe lelik vertoon.[77] Daar is op 'n fyner offisierstewel besluit. Aangesien daar nie sulke stewels beskikbaar was nie, is bruin stewels swart gemaak vir gebruik deur die skildwagte. Die bruin skynsel was egter steeds sigbaar en daar moes spesiaal swart stewels vir die Staatspresidentseenheid vervaardig word.

Soos reeds vermeld, is die eerste ontwerp nooit op 'n openbare parade gesien nie. Die tweede uniform het selfs kritiek van die Staaspresident ontlok (weens die groengrys kleur). en is aan net een inname dienspligtiges uitgereik. Ook die derde uniform het klein veranderings ondergaan, "such as brass buttons being change to gold plated"[78] en die insnyding van knoopsgaatjies sodat knope met splitringe vasgesit kon word.[79]

In nog 'n poging om die outensiteit van die oorspronklike uniforms van die Vrystaatse Artillerie en die Transvaalse Staatsartillerie behoue te laat bly, is in Maart 1980 'n skrywe gerig, waarin versoek word om die .303 MK IV geweer met 'n vergulde bajonet vir seremoniele optredes te gebruik.[80] Volgens majoor J.H. Nawn (bevelvoerder van die Staatspresidentseenheid) het die uniform van die Staatspresidentseenheid 'n historiese oorsprong en sou dit van pas wees om 'n wapen wat aan die geskiedenis gekoppel kon word, te gebruik.[81] In 1982 het die ou .303-geweer die R1-geweer vervang. Die tradisie van die .303-geweer het herleef en is gebruik tot en met die deaktivering van die

---

75 SAW-Argief, Pretoria, Kmdt. N.T. HK-eenheid, groep 5, houer 16, lêerno. A/ADM/5/0, inlaag 27, ***Seremoniële tenue: SP-Wag***, 1969.

76 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, houer 120, lêerno. G/SD/3/6, inlaag 4, ***Die Staatspresidentwag***, 5 September 1969.

77 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, houer 120, lêerno. G/SD/3/6, inlaag 4, ***Die Staatspresidentwag***, 5 September 1969.

78 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, houer 120, lêerno. G/SD/3/6, inlaag 4, ***Die Staatspresidentwag***, 5 September 1969.

79 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 134, lêerno. 512/2/1, inlaag 46, ***Wapens vir seremoniële doeleindes: SP-Wag***, 25 Maart 1980.

80 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 134, lêerno. 512/2/1, inlaag 46, ***Wapens vir seremoniële doeleindes: SP-Wag***, 25 Maart 1980.

81 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 111, lêerno. 406/11/1/1, inlaag 6, ***Stafvereiste: voorgestelde nuwe seremoniële uniform vir SP-Wag***, 20 November 1980.

Staatspresidentseenheid. Foto no. 17 gee 'n redelike beeld van hoe die seremoniële uniform gelyk het nadat die uniform vir die derde keer verskyn het.

## *4.2 NUWE OORWEGINGE EN BESLUITE VIR 'N MEER AANVAARBARE UNIFORM*

Gepaardgaande met die behoefte om die ou groen uniform te vervang, is besluit om iets nuuts en anders in die plek daarvan te stel. Die belangrikste aspek was gesetel in 'n meer funksionele uniform wat meer kleurvol was. Die besluit is egter nie oorhaastig geneem nie, maar 'n deeglike studie is gemaak om 'n geskikte uniform daar te stel wat ook aanvaarbaar was vir plaaslike weersomstandighede.

In 1980 verleen die Hoof van die Weermag goedkeuring, dat 'n komitee aangewys word om ondersoek in te stel na 'n geskikte uniform. Aangesien die groen uniforms gedaan was, is besluit om 'n nuwe uniform wat histories verantwoord kon word, te ontwerp.

Daar is besluit dat die husarepet met volstruisveer as hoofbedeksel sou bly voortbestaan. Hierdie mus moes toegerus wees met 'n kenband van koperskakels wat verstelbaar was vir lengte.[82] Daar is voorgestel dat die uniformbroek blou moet wees, met 'n goue streep langs die kant vir offisiere. Die snit van die baadjies moes volgens bestaande prototipes (groen uniform) vir manskappe, offisiere en adjudant-offisiere ontwerp word.

Daar is voorgestel dat die materiaal van ligte polyester-wolmengsel[83] moes wees en die kleur dieselfde oranje as op die landsvlag. Die blou afrondings op die moue en kraag van baadjies moes ooreenstem met die blou van die landsvlag. Vergulde knope met die RSA embleem daarop sou voortaan gedra moes word. Die oranje en blou van die baadjie en broek sou die kleure van die landsvlag verteenwoordig.

Later in 1980 is besluit om die oranje en blou van die baadjie om te ruil sodat die materiaal van die baadjie blou sou wees met oranje koord daarop. 'n Reguit infanteriesabel met koper geves, vlekvrye staal skede en wit sabelkwas word reguit langs die linkersy gedra. Die sabel word gehang aan 'n nylontipe lyfband (wit) soos deur sjefs gedra. Die lyfband moes egter

---

82 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 111, lêerno. 406/11/1/1, inlaag 6, ***Stafvereiste: voorgestelde nuwe seremoniële uniform vir SP-Wag***, 20 November 1980.

83 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 111, lêerno. 406/11/1/1, inlaag 6, ***Stafvereiste: voorgestelde nuwe seremoniële uniform vir SP-Wag***, 20 November 1980.

nie die standaard gespe hê nie, maar moes voorsien word van "Valcro hegstroke"[84] aan die punte. Bo-oor die lyfband word 'n wit satyn lyfband met tossels aan die regterkant gedra.

Teen die middel van 1981 is besluit dat die wit Spesiale Diensbataljon punthelm met penteken gedra sou word.[85] Die nuwe uniform is in Desember 1981 aan die Staatspresident gedemonstreer, deur hom goedgekeur en opdrag was gegee om voort te gaan met die aanskaffing van die nuwe uniform.

Ten spyte van die goedkeuring wat deur die Staatspresident gegee is na die voorlegging van die nuwe uniform wat vir seremoniële gebruik was, is die uniform slegs vir 'n kort periode gebruik (1981-1984).

## *4.3 'N NUWE SEREMONIëLE UNIFORM VIR DIE STAATS-PRESIDENTSEENHEID*

In Januarie 1984 is die uniform deur die Eerste Minister, mnr. P.W. Botha afgekeur en opdrag is gegee om met iets vorendag te kom wat histories verantwoordbaar was in die sin dat dit eg Suid-Afrikaans moes wees.[86] Daar moes ook gepoog word om die landsvlagmotief in die nuwe ontwerp in te vleg. 'n Verdere vereiste vir die nuwe uniform was dat dit goedkoper, geriefliker en meer prakties moes wees.

By die nuwe uniform is die standaarduniform van die leër behou en die belangrikste byvoegings tot die drag was 'n verstelbare helm pleks van die gepluimde hoofdeksel, 'n ruitergordel in die kleure van die Nasionale vlag, versierde epoulette en 'n fluitkoord.[87]

Die nuwe seremoniële uniform moes gesien word teen die agtergrond van die samevoeging van die Staatspresidentseenheid (SAW) en die Presidentseenheid (SAP). 'n Neutrale uniform was dus noodsaaklik wat vir beide die Suid-Afrikaanse Weermag en die Suid-Afrikaanse Polisie aanvaarbaar moes wees.

---

84 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 1, ***Uniform van die Staatspresidentswag***, 1972.

85 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 1, ***Uniform van die Staatspresidentswag***, 1972.

86 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 1, ***Uniform van die Staatspresidentswag***, 1972.

87 ***Die Transvaler***, 9 Julie 1985: berig.

Die helmet is behou, maar die bestaande kenteken word vervang met die embleem van die Staatspresident.[88] Die kenteken is groter gemaak en die blou agtergrond is weggelaat. Die skouerkentekens moes vervang word met die Nasionale Vlag kleure in drie horisontale, parallelle bane.[89] Die SP aan die ou skouerkenteken word behou en word op die wit baan aangebring. Beide die Suid-Afrikaanse Leër en Suid-Afrikaanse Polisie kontingente se lapelwapen by die kraag moes vervang word met 'n Staatspresidentsembleem soortgelyk in grootte as die op die krawat.

Die bruin leerskoene moes vervang word deur bruin stewels soortgelyk aan die swart stewels van die ou uniform. Die rede was dat die broekspype nie netjies afhang na voetbewegings nie omdat die pype vashaak en met stewels was dit moontlik om 'n rek onderaan die soom van die broek aan te bring wat onder die voet inhaak wat die broekspyp aftrek na 'n beweging.

Verskeie redes is aangegee waarom dit nodig was om die uniform te verander. Alhoewel die groen uniform histories en tradisioneel verantwoordbaar was, het die gevoel ontstaan om 'n meer funksionele uniform daar te stel.

In die eerste plek moes die groen uniform wat vyf jaar tevore vervaardig is, vervang word. Die geleentheid was dus daar om 'n nuwe en aansienlike goedkoper uniform te ontwerp en aan te skaf. Die ou groen uniform het net meer as R300 elk gekos, terwyl die prys van die nuwe ontwerp sowat R250 beloop het.[90]

Die vervaardiging van die groen uniform het 'n geweldige finansiële las teweeggebring. Die instandhouding van die nuwe uniform was makliker en goedkoper op die lang duur. Volgens E.M. Meyers in 'n artikel in ***Militaria*** het elke kleurmengsel van die groen materiaal ietwat van voriges verskil[91] en verstellings aan die uniforms was duur en tydrowend. Gevolglik was besluit om die Staatspresidentseenheid met standaard leëruniforms uit te reik, aangesien die eenheid op die Leër se sterkte was en normale infanterie opleiding ondergaan.

---

88 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 134, lêerno. 512/1, inlaag 4, ***Seremoniële uniform Staatspresidentseenheid***, 11 Julie 1986.

89 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 134, lêerno. 512/1, inlaag 4, ***Seremoniële uniform Staatspresidentseenheid***, 11 Julie 1986.

90 ***Die Transvaler***, 9 Julie 1985: berig.

91 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 1, ***Uniform van die Staatspresidentswag***, 1972; E.M. Meyers, ***Uniforms van die Staatspresidentswag ...***, p.9.

In die tweede plek is die gesondheidsaspek ondersoek en was besluit om die pet met die volstruisveer te vervang. Die pet waai maklik af omdat dit ongebalanseerd is. Die gevolg was dat die pet met 'n swart elastiese rek onderdeur die ken, op die kop gehou moes word. Die pet het geen ventilasie nie en het groot temperatuurstygings op die kopvel veroorsaak wat weer uitermatige sweet en floutes tot gevolg gehad het.[92]

Geskiedkundig gesproke was daar geen verband tussen dié pet en dié wat gebruik is deur die Transvaalse en Vrystaatse Artilleriekorps nie. Die pet sou deur 'n wit helmet vervang word. Die helmet sou 'n beter lugvloei rondom die draer se kop gee en die helmet was waarskynlik meer histories korrek. Die helmet as hoofdeksel was deur die weermagte van die Verenigde State van Amerika, Indië, Duitsland, België, Brittanje en in Suid-Afrika deur die Staatsartillerie van die Zuid-Afrikaansche Republiek[93] gebruik.

Laastens was die nuwe uniform meer gerieflik en prakties en was dit juis ontwerp vir Suid-Afrikaanse klimaat aangesien 'n ligter materiaal gebruik is vir die Suid-Afrikaanse weerstoestande. Op die buitenate van hul broeke was die kleure van die landsvlag aangebring wat die goue stroke koord van die ou uniform vervang het.

Die nuwe uniform maak voorsiening vir 'n winters- en somersuniform wat vir die Suid-Afrikaanse klimaat aangepas is. Al die bykomstighede was redelik beskikbaar en die koste daarvan was veel minder as die van dié groen uniform.

---

92 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 111, lêerno. 406/11/1/1, inlaag 6, ***Stafvereiste: voorgestelde nuwe seremoniële uniform vir SP-Wag***, 20 November 1980.

93 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 1, ***Uniform van Staatspresidentswag***, 1972.



Foto no. 18: Wit punthelmet met kenteken voorop (1985-1990).



Foto no. 19: Somersdrag van SP-eenheid (1985-1990).



Foto no. 20: SP-eenheid in seremoniële en paradedrag tydens opening van Parlement, Januarie 1986.

# 5. SAMEVATTING

Die pad wat die Staatspresidentseenheid gevolg het om by die uniform voor sy deaktivering uit te kom, was nie net veelbewoë nie, maar het langs vele historiese omweë geloop.[94] Met die instelling van die Staatspresidentseenheid in 1967 is 'n uniform, gebaseer op die Republikeinse uniforms van die twee 19de eeuse Boererepublieke, goedgekeur. Daardeur het 'n uniform wat deel was van 'n eg-Afrikaanse kultuurbesit, herlewe. Alhoewel sekere uniformstukke nie histories verantwoordbaar was nie, het die eenheid daarin geslaag om die beeld van die Staatspresident groter en waardiger te maak. Hierdie uniform kon dus gesien word as 'n reeks van erfdinge uit die Suid-Afrikaanse verlede wat weer bruikbaar gemaak is.

Alhoewel die ontwerp van die uniforms in verskillende stadiums nog steeds verander het, was die primêre vertrekpunt nog steeds dat dit eie aan die Suid-Afrikaanse verlede moes wees. In 1985 het die uniform heeltemal verander en is daar weg beweeg van die goue traseergalon op die bors, wat so sterk herinner het aan die Transvaalse Staatsartillerie.

Belangrik was dat hierdie nuwe uniform steeds histories verantwoordbaar moes wees, aangesien die helmet herinner aan die Unieverdedigingsmag. Die landsvlagmotief word duidelik in die nuwe uniform uitgebeeld.

---

94 E.M. Meyers, "*Uniforms van die Staatspresidentsweg ...*", p.17.

# HOOFSTUK 4

## *DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID IN SY KAPASITEIT AS SEREMONIëLE WAG ASOOK DIE HERALDIEK VERBONDE AAN DIE EENHEID*

## 1. INLEIDING

Die belangrikste funksies van die Staatspresidentseenheid was tweërlei van aard naamlik om op te tree as skildwagte vir die Staatspresident en tweedens om as erewag[1] by seremoniële geleenthede op te tree.

Die eenheid was verantwoordelik vir die seremoniële hysing van die Nasionale Vlag en die Staatspresidentsvlag. Hierdie seremonie is daagliks (Sondae en godsdienstige vakansiedae uitgesonder[2]) uitgevoer. Die eenheid was ook verantwoordelik vir die seremoniële stryking van die vlae. Voorts was die eenheid getaak om daagliks 'n seksie te verskaf wat as seremoniele skildwagte sou optree. Die eenheid was ook verantwoordelik vir die wagwisseling tussen die ou en die nuwe seremoniële wag[3] wat tydens die Parlementsitting op Vrydae by Tuynhuys in Kaapstad gehou was. Verder het die eenheid op 'n permanente grondslag agt ordonanse verskaf wat behulpsaam was met die administrasie in die kantoor van die Staatspresident.

## 2. STAATSPRESIDENTE EN SEREMONIëLE OPTREDES

Met inbegrip van die staatsbegrafnisse van die eerste Staatspresident, mnr. C.R. Swart en die van die aangewese president, dr. Eben Dönges, het die Staatspresidentseenheid diens bewys aan al die Staatspresidente van die Republiek van Suid-Afrika.[4]

---

1 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 170, ***Hoedanigheid as seremoniële wag***, 1986.

2 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 26, ***Funksionele take van die Staatspresidentseenheid***, 28 November 1985.

3 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 26, ***Funksionele take van die Staatspresidentseenheid***, 28 November 1985.

4 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 170, ***Hoedanigheid as seremoniële wag***, 1986.

Optredes van die eenheid in sy hoedanigheid as erewag het die volgende funksies behels: die inhuldiging van Staatspresidente,[5] ontvangs van belangrike buitelandse staatshoofde en besoekers, optredes tydens begrafnisse van Staatspresidente asook by sekere militêre begrafnisse.[6] By staatsbegrafnisse het die Staatspresidentseenheid die voorste afdeling tydens die seremoniële optrede gevorm.[7] Die eenheid was ook verantwoordelik om 'n halwe erewag te vorm[8] tydens die oorhandiging van geloofsbriewe deur buitelandse ambassadeurs. Verdere optredes was by geleenthede soos die onafhanklikheidswording van die Selfregerende State. Voorts was daar ook opgetree tydens die amptelike aankoms en vertrek van die Staatspresident vanaf Pretoria na Kaapstad[9] en omgekeerd. Die eenheid was ook betrokke by die inhuldiging van Stalplein[10] en die onthulling van die Vlam van Herinnering by die gedenktuin in Kaapstad[11] op 31 Mei 1986. Ander optredes was tydens die informele ontvangs van die Staatspresident met sy aankoms by die Uniegebou of Tuynhuys. Die Sekretaris-generaal in die kantoor van die Staatspresident was verantwoordelik om hierdie optredes te reël.

---

5 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 170, ***Hoedanigheid as seremoniële wag***, 1986.

6 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 170, ***Hoedanigheid as seremoniële wag***, 1986.

7 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 26, ***Funksionele take van die Staatspresidentseenheid***, 28 November 1985.

8 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 26, ***Funksionele take van die Staatspresidentseenheid***, 28 November 1985.

9 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 26, ***Funksionele take van die Staatspresidentseenheid***, 28 November 1985.

10 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 170, ***Hoedanigheid as seremoniële wag***, 1986.

11 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 134, lêerno. 512/1, inlaag 3, ***Seremoniële take van die SP-Wag***, 11 Julie 1986.

# 3. STAATSPRESIDENTE (SEREMONIëLE OPTREDES)

## 3.1 *C.R. SWART (1961 - 1967)*



Foto no. 21: Mnr. C.R. Swart, die eerste Staatspresident onder wie die Staatspresidentseenheid nie gedien het nie[12]

---

12 Outeur, "artikel", ***Militaria***, vol. 16, no.5, 1986, p.19.

In Januarie 1960 het mnr. C.R. Swart, advokaat E.G. Jansen opgevolg as die laaste Goewerneur-generaal en met Republiekwording op 31 Mei 1961 het hy die Republiek van Suid-Afrika se eerste Staatspresident geword.

Die Staatspresidentseenheid het nooit onder die eerste Staatspresident gedien nie, alhoewel daar 'n soortgelyke Wag was, wat as die Staatspresident se huiswagte bekend gestaan het. Die Staatspresidentseenheid het slegs by sy begrafnis opgetree.

## 3.2 T.E. DÖNGES

Die inhuldiging van dr. T.E. Dönges sou op 31 Mei 1967 plaasvind, waartydens die Staatspresidentseenheid vir die eerste keer sou deelneem aan 'n openbare optrede[13]. As gevolg van dr. Dönges se siekte moes hierdie optrede afgestel word en het die eenheid eers na sy dood agt maande later, vir die eerste keer tydens sy begrafnis opgetree.[14]

---

13 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, groep 10, houer 85, lêerno. A/CER/5/2/19, inlaag 37, ***Inhuldiging van die aangewese Staatspresident***, 2 Mei 1967.

14 SAW-Argief, Pretoria, MVB, houer 130, lêerno. MV/12/8/1 deel 2, inlaag 2, ***Inhuldiging van die aangewese Staatspresident***, 22 Februarie 1967.




Foto no. 22: Drie Staatspresidente in gesprek met mekaar. Mnr. C.R. Swart (middel), die eerste Staatspresident gesels met die aangewese Staatspresident, dr. Eben Dönges (regs), en met mnr. B.J. Vorster, 'n latere Staatspresident (links)[15]

15 Outeur, "artikel", *Militaria*, vol. 16, no.5, 1986, p.18.

## 3.3 J.J. FOUCHé (1968 - 1975)

Die Republiek van Suid-Afrika se tweede Staatspresident, mnr. J.J. Fouché was inderwaarheid die eerste president onder wie die Staatspresidentseenheid gedien het.[16] Op 10 April 1968[17] is hy ingehuldig as die tweede Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika.

Seremoniële optredes van die Staatspresidentseenheid in sy ampstermyn was tydens sy inhuldiging, by die besoeke van twee buitelandse staatshoofde naamlik president Banda van Malawi[18] in 1970 en president Stroessner van Paraguay op 2 April 1974.[19] In 1972 het die Staatspresidentseenheid opgetree toe die Opperbevelhebber van die Angolese magte, Generaal Joachim de Luz Cunha, die Staatspresident besoek het.[20]

Ander belangrike optredes was tydens die Republiekfees in 1971, die opening van die Atlas Militêre basis in 1972 en by Unisa in 1973.[21] Op 27 Januarie 1975 het die eenheid ook 'n halwe erewag verskaf tydens die oorhandiging van geloofsbriewe deur die Griekse Ambassadeur te Kaapstad.[22]

---

16 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 170, ***Hoedanigheid as seremoniële wag***, 1986.

17 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, groep 10, houer 85, lêerno. A/CER/5/2/19, inlaag 61a, ***Inhuldiging van die aangewese Staatspresident***, 27 Februarie 1968, p.1.

18 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 68, ***Hoedanigheid as seremoniële wag***, 1986.

19 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. A/ADM/6, vol. 1, inlaag 21, ***Seremoniële parades***, eenhangsel C, 2 April 1974.

20 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 168, ***Hoedanigheid as seremoniële wag***, 1986.

21 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 168, ***Hoedanigheid as seremoniële wag***, 1986.

22 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. A/ADM/6, Inlaag 27, ***Jaarlikse verslag tot 31 Desember 1975***, Aanhangsel B, 1975.



Foto no. 23: Mnr. J.J. Fouché, die RSA se tweede Staatspresident was inderwaarheid die eerste President onder wie die Staatspresidentseenheid gedien het[23]

23 Outeur, "artikel", *Militaria*, vol. 16, no.5, 1986, p.19.



Foto no. 24: Mnr. J.J. Fouché arriveer vir die opening by die parlement in 1968[24]

## 3.4 N. DIEDERICHS (1975 - 1978)



Foto no. 25: President N Diederichs neem die saluut tydens 'n parade in 1977.[25]

---

24 Outeur, "artikel", *Militaria*, vol. 16, no.5, 1986, p.20.

25 Outeur, "Artikel", *Militaria*, vol. 16, no. 5, p.21.

Die Staatspresidentseenheid se optredes tydens doktor N. Diederichs se ampstermyn, sluit onder andere sy inhuldiging op 19 April 1975 in, die oorhandiging van geloofsbriewe deur die Oostenrykse ambassadeur (26 Junie 1975), die Nederlandse ambassadeur (20 Augustus 1975), die Australiese ambassadeur (25 Augustus 1975) en die Italiaanse ambassadeur (29 September 1975) in.[26]

In die daaropvolgende jaar het die hoof van die Weermag, admiraal H.H. Bierman afgetree.[27] Hier het die eenheid op 30 Julie 1976 van hom afskeid geneem. 'n Verdere hoogtepunt in 1976 was baie beslis die Transkeise onafhanklikheidsfees.[28] Staf-sersant J.P. Steyn wat daardie aand op parade was, het getuig hoe 'n persoon in die skare die optrede van die Staatspresidentseenheid geprys het.[29]

In 1977 het die eenheid hul 10de verjaarsdag gevier en die geleentheid is gekenmerk deur uitstekende paradevertonings.[30] Later dieselfde jaar het die eenheid opgetree tydens die opening van die nuwe Loftus Versfeld[31] en die onthulling van die standbeeld van genl. J.M.B. Hertzog by die Uniegebou.

Een van die eenheid se uitstaande vertonings was onder minder gelukkige omstandighede tydens die staatsbegrafnis van die dienende Staatspresident, dr. Diederichs, op 25 Augustus 1978 in Bloemfontein.[32]

---

26 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. A/ADM/6, vol. 4, inlaag 27, ***Jaarverslag van seremoniële parades***, aanhangsel B, 1975.

27 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. A/ADM/6, vol. 2, inlaag 10, ***Special Commandorder no. 39/76: Farewell parade: admiral H.H. Bierman***, 7 July 1976.

28 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. A/ADM/6, vol. 2, inlaag 32, ***Onafhanklikheid van die Transkei***, Oktober 1976.

29 J.P. Steyn, ***Onderhoud***, 1994.

30 ***Die Transvaler***, 2 Mei 1977: berig.

31 ***Die Transvaler***, 26 Augustus 1977: berig.

32 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 3, inlaag DD929, ***Jaarlikse geskiedkundige verslag***, 31 Desember 1978.



Foto no. 26: Lid van die SP-Eenheid op diens voor die woning van die Staatspresident[33]

33 Outeur, "artikel", *Militaria*, vol. 16, no.5, 1986, p.27.

## 3.5 B.J. VORSTER (1978 - 1979)

Op 10 Oktober 1978 word hy ingehuldig as die vierde Staatspresident van die RSA.[34]



Foto no. 27: Adv. B.J. Vorster[35]

Die Staatspresidentseenheid het in 1978 tydens advokaat B.J. Vorster se inhuldiging opgetree by Kerkplein. Die laaste groot openbare optrede in 1978 was die afskeidsfunksie vir die uittredende Generaal-majoor H.K.J. van Noorden, by Leërkollege.[36] Op 23 April 1979[37] het die Kasteel driehonderd jaar oud geword. Om dit te vier, is 'n militêre taptoe gereël waartydens die eenheid opgetree het. By die onthulling van die Oorlogsmonument op

34 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 168, ***Hoedanigheid as seremoniële wag***, 1986.

35 F.A. van Jaarsveld, ***Van Van Riebeeck tot P.W. Botha***, p.522.

36 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 168, ***Hoedanigheid as seremoniële wag***, 1986.

37 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 3, inlaag DD929, ***Seremoniële optredes***, aanhangsel B, 14 Januarie 1980.

31 Mei 1979[38] te Fort Klapperkop het die Staatspresidentseenheid se deelname 'n beduidende bydrae gelewer.

## 3.6 M. VILJOEN (1979 - 1984)



Foto no. 28: Mnr. Marais Viljoen, Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika en mevrou Viljoen.[39]

Op 18 Junie 1979 is mnr. Marais Viljoen verkies tot vyfde Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, 'n amp wat hy beklee het tot en met die aanvang van 'n nuwe bedeling in Suid-Afrika na September 1984.[40]

Tydens mnr. Viljoen se ampstermyn is die eerste van die Durban Taptoes in 1979[41] gehou, waartydens die Staatspresidentseenheid homself onderskei het met drilvertonings en

---

38 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 3, inlaag DD929, ***Seremoniële optredes***, aanhangsel B, 14 Januarie 1980.

39 F.A. van Jaarsveld, ***Van Van Riebeeck tot ...***, p.586.

40 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 165, ***Hoedanigheid as seremoniële wag***, 1986.

41 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 3, inlaag DD929, ***Seremoniële optredes***, aanhangsel B, 14 Januarie 1980.

skynaanvalle. Op 13 September 1979[42] het Venda onafhanklik geword en hier het die eenheid homself weer eens onderskei met besondere optredes. Kaptein J.H. Nawn (tweede in bevel van die Staatspresidentseenheid) het getuig van die foutlose optrede van die eenheid die betrokke dag en volgens hom het die Staatspresident ook die eenheid geprys vir hul optrede.[43]



Foto no. 29: President M. Viljoen en President Mpephu stap in prosessie tydens die onafhanklikheidsvierings van Venda in 1981[44]

42 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 77, lêerno. 311/7/11, inlaag 14, ***Venda-onafhanklikheid***, 2 Augustus 1979.

43 J.H. Nawn, ***Onderhoud***, 1994.

44 Outeur, "artikel", ***Militaria***, vol. 16, no.5, 1986, p.22.

Op 28 Februarie 1980[45] het die eenheid opgetree by die Staatsbegrafnis van die uitgetrede Staatspresident, mnr. J.J. Fouché. Hier marsjeer die eenheid in Bloemfontein weer eens voor die kanonwa. Ander belangrike optredes was die oorhandiging van geloofsbriewe deur Wes-Duitsland (9 Mei 1980) en Argentinië (25 Junie 1980) te Pretoria.[46] Op 18 Augustus 1980 is generaal C. Wang van die Republiek van China by die Inligtingskool in Pretoria deur die Staatspresidentseenheid ontvang.[47] Op 25 Oktober 1980 is die Eerste Minister, mnr. Botha, na 'n ampsbesoek aan Taiwan, met sy terugkeer by Waterkloofllughawe deur die Staatspresidentseenheid ontvang.[48] Met die afsterwe van die voormalige hoof van die Leër, luitenant-generaal Willem Louw, neem die eenheid deel aan 'n erewag op 8 Julie 1980.[49] Op 4 Desember 1981 het Ciskei onafhanklik geword en tree die eenheid op by hierdie feesvieringe.[50] Afgesien van die ontvangsparade van die Staatspresident op 2 Januarie 1982 en die Parlementsopening op 29 Januarie 1982, het die Staatspresident ereburgerskap van die Stadsraad van Vryburg ontvang.[51]

Op 22 Julie 1982 het die eenheid opgetree by die begrafnis van mnr. Swart ('n afgetrede Staatspresident).

Die jaar 1984 was 'n groot jaar vir die eenheid. Hoogtepunte vir die eenheid was ongetwyfeld die opening van die Suiderkruisfonds Karnaval in die Kaap, 'n Leërdag in Barberton en die ondertekening van die Nkomati-verdrag.[52] Dieselfde jaar is ook gekenmerk deur 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika, 'n wegbeweeg van die Westministerstelsel.

---

45 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 3, inlaag DD929, ***Seremoniële parades en optredes***, aanhangsel A, 13 Februarie 1981.

46 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 3, inlaag DD929, ***Seremoniële parades en optredes***, aanhangsel A, 13 Februarie 1981.

47 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 3, inlaag DD929, ***Seremoniële parades en optredes***, aanhangsel A, 13 Februarie 1981.

48 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 3, inlaag DD929, ***Seremoniële parades en optredes***, aanhangsel A, 13 Februarie 1981.

49 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 3, inlaag DD929, ***Seremoniële parades en optredes***, aanhangsel A, 13 Februarie 1981.

50 SAW-Argief, Pratoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 165, ***Hoedanigheid as seremoniële wag***, 1986.

51 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 165, ***Hoedanigheid as seremoniële wag***, 1986.

52 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 165, ***Hoedanigheid as seremoniële wag***, 1986.

## 3.7 P.W. BOTHA (1984 - 1989)

Mnr. P.W. Botha het 'n nuwe tydvak ingelei met sy verkiesing as die sesde Staatspresident van Suid- Afrika.

Op 14 September 1984[53] is hy op luisterryke wyse ingehuldig as die sesde Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika. Die verskil tussen hom en die vorige Staatspresidente was dat die nuwe Staatspresident ook 'n regerende leier met uitvoerende magte was. Die daaropvolgende optrede van die eenheid in 1984, was die ontvangs van die Staatspresident in Pretoria, die inspeksieparade van die Ciskeise Minister van Verdediging asook optredes by Sebokeng.[54]



Foto no. 30: Inhuldigingseremonie van mnr. P.W. Botha, eerste president in die nuwe bedeling op 14 September 1984 in Kaapstad[55]

---

53 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 138, lêerno. 512/3/15, inlaag 15, ***Plegtige inhuldiging van die eerste Uitvoerende Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika***, 7 September 1984.

54 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 163, ***Hoedanigheid as seremoniële wag***, 1986.

55 Outeur, "artikel", ***Militaria***, vol. 16, no.5, 1986, p.24.

Ander optredes in 1985 was onder andere die opening van die Leërkollege se nuwe kompleks, 'n drilvertoning by Eldoraigneskool en optredes by die Pretoria Skou. Met die inwyding van die skouterrein in 1987 tree die eenheid op met 'n Vlagstrykingsparade. In daardie jaar is die land deur President Matanzima van Transkei en President Mpephu van Venda, besoek.[56] Beide is met 'n ontvangsparade deur die Staatspresidentseenheid vereer.

### *3.8 F.W. DE KLERK (1989-1994)*

Die tweede Staatspresident in die nuwe bedeling was mnr. F.W. de Klerk. Op 6 September 1989 is hy verkies tot Staatspresident nadat mnr. P.W. Botha bedank het. Op 20 September 1989 word hy as Staatspresident ingehuldig - 'n parade waartydens die Staatspresidentseenheid weer luister aan die geleentheid verleen het.[57]

## 4. HERALDIEK

### *4.1 DIE WAPEN VAN DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID*




Foto no. 31: Die wapen van die Staatspresidentseenheid

---

56 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 165, ***Hoedanigheid as seremoniële wag***, 1986.

57 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 163, ***Hoedanigheid as seremoniële wag***, 1986.

Die wapen van die Staatspresidentseenheid het 'n lang en roemryke geskiedenis. Met die ontstaan van die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910 was die amptelike wapen saamgestel uit die treffende embleme van die wapens van die Kaapkolonie, Natal en die voormalige twee Boererepublieke - die Republiek van die Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek.[58]

Die skild wat in vier dele verdeel was, het elkeen 'n provinsie uitgebeeld, naamlik die figuur van Hoop (Kaapprovinsie), twee swartwildebeeste (Natal), 'n boom met oranje vrugte (OVS) en 'n trekwa (Transvaal).[59] Die golwende horisontale snylyn op die skild stel die Oranjerivier voor wat deur die land vloei. Aan die bokant was 'n rooi leeu wat die vier saamgebinde stawe vashou[60] en daarmee die samebindende eenheid beklemtoon. Die leuse was gegrond op die Transvaalse leuse naamlik "Eendragt maakt Magt".[61] Twee bokke dien as skildhouers aan beide kante, aan die regterkant 'n gemsbok en die linkerkant 'n springbok.

Dié 1910 weergawe van die Uniewapen is tot 1930 gebruik toe 'n beter weergawe daarvan ontwerp is. Op 21 September 1932 het Kruger Gray 'n versierde weergawe van die wapenskild gemaak en hierdie wapen was by die "College of Arms" in Londen geregistreer.[62] Hierdie versierde weergawe is slegs gebruik vir seremoniële doeleindes. In 1987 is die "Coat-at-Arms"[63] weer eens gewysig

Die Staatspresidentseenheid het hierdie versierde weergawe gebruik en die letters SP aan weerskante van die leeu, bo-op die pluime, geplaas.[64] Hierdie vergulde wapen is op die helmet (voor) en op die gespe van die seremoniële uniform, gedra.]

---

58 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 149, ***Wapen van die Staatspresidentseenheid***, 1988.

59 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 149, ***Wapen van die Staatspresidentseenheid***, 1988.

60 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 149, ***Wapen van die Staatspresidentseenheid***, 1988.

61 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 107, lêerno. 406/3/38/4, inlaag 75, ***Besonderhede van kentekens, drag en regimentsvaandels***, 14 Oktober 1988.

62 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 149, ***Wapen van die Staatspresidentseenheid***, 1988.

63 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1. vol. 2, inlaag 149, ***Wapen van die Staatspresidentseenheid***, 1988.

64 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 107, lêerno. 406/3/38/4, inlaag 75, ***Besonderhede van kentekens, drag en regimentsvaandels***, 14 Oktober 1988.

## *4.2 DIE STAATSPRESIDENTSVLAG (14/9/1984 - 26/7/1990)*

Die Staatspresidentsvlag is as 'n heraldiese voorstelling kragtens die Heraldiekwet 1962 (Wet nr. 18 van 1962) geregistreer[65] en tydens die inhuldiging van mnr. P.W. Botha as Suid-Afrika se eerste uitvoerende Staatspresident op 14 September 1984, vir die eerste keer vertoon. Hierdie vlag was nie die amptelike vlag van die eenheid nie en het slegs die statuur van die Staatspresident gesimboliseer.

Die heraldiese beskrywing van die vlag is as volg: 'n reghoekige driekleur, verhouding drie by twee, vanaf die broeking deurlopend puntsgewys verdeel, bo na onder, oranje, wit en blou, die wit aan die broeksy belaai met die versierde wapen van die RSA van natuurlike kleur, getop met goue letters SP, swart omsoom, die figure een helfte van die vlaghoogte.[66]

Die Staatspresidentsvlag moes saam met die Nasionale Vlag vertoon word by die amptelike woning van die Staatspresident, afhangende van waar hy hom bevind het. Die vlag is ook in 'n kleiner vorm op die tafels van senior beamptes in die kantoor van die Staatspresident geplaas. Die vlag moes tydens die opening van die parlement vertoon word en ook by ander geleenthede waar die Staatspresident op amptelike besoek was. Dit was een van die primêre verantwoordelikhede van die eenheid om die hysing en vlagstryking te behartig.[67] Tydens vlaghysing en -stryking moes die Nasionale Vlag eerste gehys word en laaste gestryk word.

## *4.3 DIE INGEBRUIKNEMING VAN DIE NASIONALE VAANDEL OP 28 APRIL 1988*

### 4.3.1 AGTERGROND

Regimentsvaandels het ontwikkel uit die baniere van die Middeleeuse adellikes.[68] Hierdie baniere het op hulle beurt weer ontstaan uit die vlae en standaarde van die Romeine, Grieke

---

65 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 156, ***Staatspresidentsvlag vanaf 14 September 1984***, 1984.

66 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 156, ***Staatspresidentsvlag vanaf 14 September 1984***, 1984.

67 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 107, lêerno. 106/3/38/4, inlaag 75, ***Besonderhede van kentekens, vaandels en eenheidsvlae***, 14 Oktober 1988.

68 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 65, ***Die geskiedenis, beskrywing en hantering van vaandels***, 1988.

en Egiptenare. Hierdie vaandels was gebruik met die uitsluitlike doel om vriend en vyand tydens 'n veldslag uit mekaar te ken.

Die waardigheid waarmee vaandels vandag bejeen word, het ontstaan as 'n "gestadigde evolusie."[69] Selfs nog voor die Grieke, Romeine en Egiptenare vaandels gebruik het, het die primitiewe mens uitkentekens op sy lyf geverf om stamverband aan te dui.[70] Volgens oorlewering het Romeinse legioene 'n vaandel gehad wat deur 'n lid gedra is en as sodanig is dit as heilig beskou.[71] Selfs huursoldate, soos byvoorbeeld die Franse Legioen, het vlae gedra en eer daaraan betoon.

Die vaandel het egter as saamskaarpunt voor of tydens 'n geveg gedien en het ook 'n "simbool van regimentslewe en esprit de corps"[72] geword. By die soldaat wat sy opleiding in die regimentstelsel gehad het, ontstaan daar 'n lojaliteit teenoor diegene wat saam met hom leef en swaarkry.[73]

Aangesien die uniform eers later ontstaan het, het die vaandel hierdie samebindende gevoel aangewakker. Daardeur kon soldate hul self met 'n bepaalde karakter en regiment identifiseer wat hom trots laat voel het. In die regimentstelsel was die vaandel die sogenaamde grashalm waarna die soldaat kon gryp. Hulle sou alles in die stryd werp en verbete veg om nie hul identiteit prys te gee nie. Hulle sou bly vasklou aan hul herkoms, kultuur, godsdiens, lewensbeskouing om sodoende hul identiteit ten opsigte van die karakter van die regiment te behou. Waarskynlik het hierdie vaandel 'n soort ideologiese waarde verteenwoordig, wat enersyds 'n groepbesef en andersyds 'n gevoel van lotsverbondenheid geskep het. Om 'n vaandel tydens 'n veldslag te verloor, was ontoelaatbaar en het 'n onherstelbare verlies teweeggebring. Die dra van die vaandel tydens 'n veldslag was toegewys aan 'n verteenwoordiger van die adel of 'n vername persoon van burgerlike

69 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 65, ***Die geskiedenis, beskrywing en hantering van vaandels***, 1988.

70 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 65, ***Die geskiedenis, beskrywing en hantering van vaandels***, 1988.

71 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 65, ***Die geskiedenis, beskrywing en hantering van vaandels***, 1988.

72 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 65, ***Die geskiedenis, beskrywing en hantering van vaandels***, 1988.

73 D.F.S. Fourie,"***Waar ontstaan ons militêre ...***", pp.35-36.

afkoms.[74] Hierdie persoon moes bereid wees om sy lewe op te offer vir die behoud van die vaandel. Om hierdie rede was die sterftesyfer onder vaandeldraers baie hoog en na 1882 is besluit om nie meer vaandels na die slagveld te neem nie.[75] Deesdae word die gebruik van vaandels beperk tot slegs belangrike militêre parades. Dit bly egter steeds 'n besondere mylpaal vir 'n regiment om sy eie vaandel te bekom.

## 4.3.2 VAANDELS IN DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG

'n Resolusie van die Politieke Raad wat op 11 November 1664 vergader het, verwys na die eerste vaandel in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.[76] Hierdie Raad was die hoogste uitvoerende regeringsliggaam aan die Kaap die Goeie Hoop. Hierdie Resolusie het bepaal dat burgers en boere wat weg van die Fort gewoon het, 'n gewapende mag kan vorm. 'n Blou vlag het 'n spesifieke mag aan hom toegeken om 'n gewapende kompanje te vorm.[77] Hierdie was 'n poging van die Politieke Raad om gesindhede teenoor die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie positief te beïnvloed.

Die Britse besetting van die Kaap het 'n volgende fase in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse vaandel tot gevolg gehad toe koninklike vaandels en regimentsvaandels aan infanterie-eenhede toegeken is.[78] In Brittanje was daar hoofsaaklik drie soorte vaandels naamlik "die vaandel wat die volk verteenwoordig het, die vaandels van die adelstand wat hul private leërs aangevoer het en die vaandels van die kapteine en ridders."[79] In 1751 is bepaal dat daar voortaan slegs twee tipes vaandels sou wees naamlik 'n koninklike vaandel en 'n regimentsvaandel. Die rede was om weg te beweeg van die gebruik van private leërs en omdat die beskerming van 'n land die regerende party se verantwoordelikheid geword

---

74 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 65, ***Die geskiedenis, beskrywing en hantering van vaandels***, 1988.

75 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 65, ***Die geskiedenis, beskrywing en hantering van vaandels***, 1988.

76 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 65, ***Die geskiedenis, beskrywing en hantering van vaandels***, 1988.

77 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 65, ***Die geskiedenis, beskrywing en hantering van vaandels***, 1988.

78 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 65, ***Die geskiedenis, beskrywing en hantering van vaandels***, 1988.

79 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 65, ***Die geskiedenis, beskrywing en hantering van vaandels***, 1988.

het. Dit was dus essensieel vir die voortbestaan van 'n volk om sy Weermag onder een sentrale liggaam te beheer.

Op 31 Maart 1947 tydens 'n besoek van Koning George IV, is agt regiments- en ses koninklike vaandels aan Burgermageenhede van die Suid-Afrikaanse Weermag toegeken.[80] Met die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika op 31 Mei 1961 het hierdie Britse vaandels in verval geraak en is alle koninklike vaandels elkeen met 'n spesifieke seremonie weggebêre. Nuwe kultuurgoedere het nou ontstaan en die breër Suid-Afrikaner het meer sentiment begin openbaar teenoor dít waarmee hy homself kon identifiseer.

Sedert Republiekwording is regimentsvaandels toegeken aan twee Staandemageenhede naamlik die Spesiale Diensbataljon en die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege.[81] Dit is interessant om daarop te let dat die Springbok as Nasionale Embleem bo-op die vaandelstok aangebring is.

Republiekwording op 31 Mei 1961 was 'n nuwe tydsvak en het 'n algehele nuwe beleid tot gevolg gehad. Die geleentheid is geskep om duidelike didaktiese riglyne te formuleer en die oordraging van vaandels op 'n geordende grondslag te plaas. Soos voorheen is gehou by die gebruik dat regimentsvaandels slegs deur infanterie, panser en pantserkareenhede gebruik mag word.[82] Na 1970 is hierdie vergunning uitgebrei na alle weermagsdele. Die Staatspresident het op 8 Maart 1988 'n Nasionale Vaandel vir die gebruik deur die Suid-Afrikaanse Weermag goedgekeur.[83] Hierdie Nasionale Vaandel sou uiteindelik aan alle eenhede van die Suid-Afrikaanse Leër, Suid-Afrikaanse Lugmag, Suid-Afrikaanse Vloot en Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens toegeken word.[84]

---

80 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 65, ***Die geskiedenis, beskrywing en hantering van vaandels***, 1988.

81 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 65, ***Die geskiedenis, beskrywing en hantering van vaandels***, 1988.

82 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 4, inlaag DD929, aanhangsel A, ***Vaandels***, 1988.

83 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 135, lêerno. 512/2/1/3, inlaag 26, ***Hantering van die Nasionale Vaandel***, 8 Julie 1988.

84 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 135, lêerno. 512/2/1/3, inlaag 26, ***Hantering van die Nasionale Vaandel***, 8 Julie 1988.

Soos uit die geskiedenis duidelik blyk, was die gebruik van koninklike vaandels nie vir die Suid-Afrikaanse Weermag vreemd nie. Die koninklike vaandel wat met militêre seremonie weggebêre is, is vervang met die Nasionale Vlag[85], met die volgende verskille:[86]

Hierdie vaandel is van sy vervaardig en het twee goue koorde met tossels onderaan.[87] Die lengte van die Vaandel was 1150mm, die breedte 920mm en die fraaiingstrook 50mm. So 'n eenheidsvaandel word uit duursame materiaal, soos sy of satyn, vervaardig met 'n geborduurde embleem van goue, silwer of satynvoering. 'n Eenheidsvaandel bevat gewoonlik simbole wat eie aan die eenheid, gebied of streek is. Op die eenheidsvaandel word alle gevegsonderskeidings wat deur die eenheid tydens 'n gevegsveldtog, operasies, aksies of skermutselings verwerf is, aangetoon. Sodoende word 'n samebindende gevoel deur alle lede wat enigsins verbonde was aan die regiment, ontwikkel.

Met seremoniële parades word die Nasionale Vaandel deur eenhede aan wie dit toegeken is, te alle tye vertoon. Die Nasionale vaandel moes te alle tye die senior posisie beklee wanneer eenheidsvaandels saam met hom vertoon is.[88]

Slegs die Staatspresident, Minister van Verdediging, Adjunk-minister van Verdediging, Hoof van die Weermag asook hoofde van Weermagsdele mag die nasionale Vaandel oorhandig.[89]

### 4.3.3 DIE AANBIEDING VAN DIE NASIONALE VAANDEL EN EENHEIDSVAANDEL AAN DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID

Op 28 April 1988 is geskiedenis in Suid-Afrika gemaak toe 'n Nasionale Vaandel tesame met 'n eenheidsvaandel aan die Staatspresidentseenheid toegeken is. Die materiaal, fraaiingstrook, koord en tossels vir die eenheidsvaandel is van 'n Britse maatskappy, Toye,

---

85 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 135, lêerno. 512/2/1/3, inlaag 26, ***Hantering van die Nasionale Vaandel***, 8 Julie 1988.

86 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 914/2/9/1, vol. 1, inlaag 65, ***Die geskiedenis, beskrywing en hantering van vaandel***, 1988.

87 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 135, lêerno. 512/2/1/3, inlaag 26, ***Hantering van die Nasionale Vaandel***, 8 Julie 1988.

88 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 135, lêerno. 512/2/1/3, inlaag 26, ***Hantering van die Nasionale Vaandel***, 8 Julie 1988.

89 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 135, lêerno. 512/2/1/3, inlaag 26, ***Hantering van die Nasionale Vaandel***, 8 Julie 1988.

Kenning en Spencer, aangekoop vir die bedrag van £836,50.[90] Mev. R. van Niekerk was verantwoordelik vir die vervaardiging en borduurwerk van die eenheidsvaandel.[91] Die totale uitgawes was R9 521,52. Die bedrag is verhaal uit die Staatspresidentseenheid se regimentsfonds.

Die eenheidsvaandel is amptelik op 29 September 1987 goedgekeur.[92] Die agtergrond kleur van die vaandel was "rifle green taffera"[93] en die kwaste, koord en fraaiingstrook was swart en goud. Die sentrale motief was 'n embleem van die Republiek van Suid-Afrika wat in goud geborduur is. Aan die bokant is die letters SP weerskante van die leeu aangebring. Die pluime is met goud gebordeer.[94] Buite om die embleem van die Republiek van Suid-Afrika was 'n "lourier bestaande uit dertien proteas, eweredig, een onder in die middel en ses aan elke kant geborduur."[95] Die proteas was in goud terwyl die takke en blare in silwer geborduur is. Die lourierkrans strek tot teenaan die letters SP.[96] Alle borduurwerk op die vaandel was met swart omlyn.

Die oorhandiging van die Nasionale Vaandel en die eenheidsvaandel deur die Staatspresident, mnr. P.W. Botha, is aan die Staatspresidentseenheid op die eenheid se 21e verjaarsdag gedoen. Die Staatspresidentseenheid het weer eens beïndruk met hul netheid en presisie dril. Van orals is lof ontvang vir die eenheid se optrede die betrokke dag.

---

90 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 914/2/9/1 vol. 5, inlaag 152, ***Staatspresidents-eenheidvaandel***, 3 Mei 1988.

91 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 914/2/9/1 vol. 5, inlaag 152, ***Staatspresidentseenheidvaandel***, 3 Mei 1988.

92 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 107, lêerno. 406/3/38/4, inlaag 72, ***Goedkeuring van eenheidsvaandel***, 14 Oktober 1988.

93 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 107, lêerno. 406/3/38/4, inlaag 72, ***Goedkeuring van eenheidsvaandel***, 14 Oktober 1988.

94 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 107, lêerno. 406/3/38/4, inlaag 72, ***Goedkeuring van eenheidsvaandel***, 14 Oktober 1988.

95 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 107, lêerno. 406/3/38/4, inlaag 72, ***Goedkeuring van eenheidsvaandel***, 14 Oktober 1988.

96 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 107, lêerno. 406/3/38/4, inlaag 72, ***Goedkeuring van eenheidsvaandel***, 14 Oktober 1988.

Die verrigtinge het begin met die Nasionale Saluut wat deur mnr. Botha beantwoord is, waarna die eenheid op parade drie sye van 'n vierkant gevorm het wat sodoende die Nasionale Vaandel gesimboliseer het.[97]

Na Skriflesing en gebed het die Staatspresident die twee vaandels oorhandig. Die vaandels is ontbloot en op die tromme geplaas waarna hulle deur die eenheid se kapelaan geseën is. Die Staatspresident het toe die vaandels aan die vaandeldraers oorhandig. Daarna het die eenheid in kolomme gedefilieer en trots met hul nuwe vaandels voor die Staatspresident en ander hoogwaardigheidsbekleërs verbygemarsjeer.[98]

Volgens generaal-majoor Phil Pretorius was die oorhandiging van die Nasionale Vaandel aan die Staatspresidentseenheid, die voorloper van 'n reeks ander oorhandigings van vaandels wat later landswyd sou volg.[99] Daar moet egter vermeld word dat 'n totaal van 22 offisiere en 411 manskappe die vier kompanies en vaandeleskort gevorm het - waarskynlik die eerste en laaste keer dat soveel lede in die seremoniële uniform van die Staatspresidentseenheid gesien sou word.

### 4.3.4 INGEBRUIKNEMING VAN SABELS DEUR DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID

Alhoewel 'n tydperk van multi-megaton bomme beleef word,[100] was die swaard steeds die simboliek van die gewapende magte. Sedert die 17de eeu was die sabel by sommige infanterie eenhede uitgefaseer en by eenhede wat dit wel gebruik het, was dit slegs beperk tot offisiere en adjudant-offisiere. Hierdie gebruik is deur offisiere en adjudant-offisiere van die Suid-Afrikaanse Leër vanaf Europese leërs oorgeneem. Volgens kommandant C.V. Geldenhuys (bevelvoerder van die Staatspresidentseenheid in 1988) het die sabel nog altyd as 'n wapen van eer bekend gestaan.[101]

---

97 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 4, inlaag 25, ***Trotse wag maak militêre geskiedenis***, 1988.

98 A. Van de Venter, "Trotse wag maak militêre geskiedenis", ***Paratus***, Mei 1988, p.5.

99 A. Van de Venter, "Nasionale Vaandel vir alle eenhede", ***Paratus***, Mei 1988, p.7.

100 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 134, lêerno. 512/2, inlaag 35, ***Magtiging vir ingebruikneming van infanteriesabel as deel van die SP-eenheid offisiersuniform***, 8 Januarie 1988.

101 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 134, lêerno. 512/2, inlaag 35, ***Magtiging vir ingebruikneming van infanteriesabel as deel van die SP-eenheid offisiersuniform***, 8 Januarie 1988.

Om magtiging te verkry is aangevoer dat die oorsprong van die Staatspresidentseenheid teruggevoer kan word na die dae van die Vrystaatse en Zuid-Afrikaansche Staatsartillerie. Vir beide hierdie eenhede, sowel as die Unie-verdedigingsmag het die sabel 'n integrale deel uitgemaak van die seremoniële uniform.[102] In 1966 is die infanterie offisiersabel vir die eerste keer tydens die parlementsopening gedra.[103] In 1974 is die dra van sabels in die Suid-Afrikaanse Lëer gestaak. Die Staatspresidentseenheid het met die ontwikkeling van die seremoniële uniform in 1981 vier sabels ontwerp.[104] Op die swaardlem was die woorde SP-Wag ingegraveer en 'n gekleurde landswapen was op die beuel aangebring.[105]

Volgens kommandant Geldenhuys sou die ingebruikneming van die offisiersabel die geskiedkundige bande met die Vrystaatse en Zuid-Afrikaansche Staatsartillerie verder verstewig het.[106]

Waar offisiere aanvanklik lugmagdolke gedra het, is gevoel dat hierdie dolke geen historiese of tradisionele verband met die Zuid-Afrikaanse Staatsartillerie of Artillerie-Corps van den Oranjevrijstaat gehad het nie. Daar is verder aangevoer dat die sabelskede goed pas in die bajonetfrokkie wat deur alle manskappe op parade gedra is. Daarom sou dit nie nodig wees om 'n addisionele "Sam Brown"[107] te ontwerp om by die uniform te pas nie. Verder sou die gebruik van sabels verdere kleur aan seremoniële optredes verleen en terselfdertyd die tradisiebande verstewig.[108]

Alhoewel daar geen dokumentasie opgespoor kon word nie, kan die aanname gemaak word dat daar wel positief gereageer is op kommandant Geldenhuys se versoek. Met die opening van die parlement in 1989 is daar verwys na sabels wat deur offisiere en adjudant-offisiere

---

102 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 134, lêerno. 512/2, inlaag 35, ***Magtiging vir ingebruikneming van infanteriesabel as deel van die SP-eenheid offisiersuniform***, 8 Januarie 1988.

103 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 134, lêerno. 512/2, inlaag 35, ***Magtiging vir ingebruikneming van infanteriesabel as deel van die SP-eenheid offisiersuniform***, 8 Januarie 1988.

104 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 134, lêerno. 512/2, inlaag 35, ***Magtiging vir ingebruikneming van infanteriesabel as deel van die SP-eenheid offisiersuniform***, 8 Januarie 1988.

105 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 134, lêerno. 512/2, inlaag 35, ***Magtiging vir ingebruikneming van infanteriesabel as deel van die SP-eenheid offisiersuniform***, 8 Januarie 1988.

106 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 134, lêerno. 512/2, inlaag 35, ***Magtiging vir ingebruikneming van infanteriesabel as deel van die SP-eenheid offisiersuniform***, 8 Januarie 1988.

107 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 134, lêerno. 512/2, inlaag 35, ***Magtiging vir ingebruikneming van infanteriesabel as deel van die SP-eenheid offisiersuniform***, 8 Januarie 1988.

108 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 134, lêerno. 512/2, inlaag 35, ***Magtiging vir ingebruikneming van infanteriesabel as deel van die SP-eenheid offisiersuniform***, 8 Januarie 1988.

gedra is.[109] Tydens die deaktivering van die Staatspresidentseenheid (seremoniële been) is daar sabels aan die Minister van Verdediging, Hoof van die Leër en die Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag oorhandig.[110]

# 5. SAMEVATTING

Sedert hierdie eenheid se ontstaan het die eenheid, behalwe om swier en luister aan seremoniële geleenthede te verleen, ook sewe Staatspresidente bedien. Hul optredes tydens parlementsopeninge, Republiekfeesparades, die inhuldiging van Staatspresidente en staatsbegrafnisse het 'n onmisbare presisie en swier verleen, wat met enige van die bestes in die wêreld vergelyk kon word.[111] Die luisterryke wyse waarop die eenheid sy seremoniële take benader het, was 'n fees vir die oog en 'n bron van trots. Dit het definitief bygedra tot die uitbouing van die beeld van die Suid-Afrikaanse Weermag.

Volgens brig. J.P.M. Möller (bevelvoerder van Kommandement Westelike Provinsie) het die Staatspresidentseenheid homself onderskei as "the epitome of pomp and splendour, precision and dignity."[112] Hierdie presisie van die eenheid het meegebring dat die eenheid 'n groot toeriste aantreklikheid geword het.

Die primêre doel van die eenheid was nog steeds om as seremoniële eenheid totaal gededikeerd te wees aan die amp van die Staatspresident. Die Staatspresidentseenheid het reeds 'n instelling geword - 'n instelling ten nouste gekoppel aan die amp van die Staatspresident. Deur sy flink en indrukwekkende optrede, het die eenheid sinoniem geword met die land se trotse militêre tradisie. Oor die jare heen het die Staatspresidentseenheid 'n unieke tradisie ontwikkel. 'n Tradisie van diens aan die Republiek en die Staatspresidentsamp. Voorts het hierdie eenheid ook daarin geslaag om die Suid-Afrikaanse Weermag te help om sy trotse militêre tradisie uit te bou.

---

109 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenisleêr, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 2, ***Seremoniële opening van parlement: 3 Februarie 1989***, 30 Januarie 1989.

110 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 44, ***Program vir de-aktivering van Staatspresidentseenheid: 26 Julie 1990***, 30 Mei 1990.

111 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 62, ***Boodskap H-Leër by die de-aktiveringsfunksie, Staatspresidentseenheid***, 26 Julie 1990.

112 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenisleer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 16C, ***Boodskap van brig. J.P.M. Möller, 21ste herdenking van die Staatspresidentseenheid***, 1988.

Kyk 'n mens na die optredes van die Staatspresidentseenheid, die suksesse wat hulle behaal het en die wyse waarop hulle, hul van hul taak gekwyt het, kon dit nie betwyfel word, dat die eenheid wel voldoen het aan die eise wat aan hulle gestel is nie. Trouens alle weermagte van die beskaafde wêreld beskik immers oor prestige elemente wat aangewend word om hul staatshoofde te beskerm en wat daarbenewens hul rol speel in seremoniële parades en ander militêre aktiwiteite.

Die eenheid het deur die jare gestreef om die beste drilafdeling in Suid-Afrika te wees. Dit het tot gevolg gehad dat hierdie eenheid alle drilkompetisies waaraan hy deelgeneem het, gewen het.

Ten slotte, dr. Nic Diederichs se woorde aangaande die Staatspresidentseenheid: "telkens wanneer u my ontvang of wegsien en ook elke keer as u 'n buitelandse staatshoof ontvang, wel daar by my 'n gevoel van matelose trots op. U is verteenwoordigend van die jeug van Suid-Afrika en juis u netheid en flinke optrede laat my geruster voel in hierdie tyd van ideologiese en fisiese bedreiging."[113]

---

113 Anon., "Staatspresidentswag: 10 jaar van diens", *Paratus*, Junie 1977, pp.6-7.

# HOOFSTUK 5

## *DIE OPLEIDING, AANWENDING EN BETROKKENHEID VAN DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID TOT EN MET DIE DEAKTIVERING*

## 1. INLEIDING

Die primêre funksie van die Staatspresidentseenheid was eerstens om die Staatspresident te beskerm - nie sy persoon soos algemeen geglo is nie, maar wel sy outoriteit oor die staat.[1] 'n Wanindruk kon ontstaan omdat die algemene publiek hierdie eenheid slegs tydens seremoniële optredes sou sien. Daarom was daar 'n algemene gevoel by die publiek dat hierdie eenheid slegs opgelei is vir seremoniële geleenthede. Hierdie siening word versterk deur die feit dat hierdie eenheid ook die "vertoonvenster" van die Suid-Afrikaanse Weermag is.

Hierdie siening is so ver verwyderd van die waarheid en wanneer daar krities na die opleiding van die eenheid gekyk word, word 'n mens noodwendig tot ander insigte gedwing. Die skildwagte is opgelei as soldate wat hulle land kon verdedig teen invalle van buite en teen binnelandse onrus.[2] Soos reeds in hoofstuk 2 vermeld, was die doel van die eenheid tweeledig van aard naamlik om eer en kleur te verleen aan die amp van die Staatspresident en om tweedens parate infanterie soldate op te lei.[3] Dit impliseer die daarstelling van parate infanterie soldate om 'n totale nasionale aanslag af te weer. Die vraag ontstaan of hierdie eenheid wel deur sy opleiding voldoen het aan sy doelwit naamlik die daarstelling van effektiewe troepe. Hul opleiding moes dus gesien word as die fondament vir elke infanterie soldaat waarop enige faset van gevorderde gevegskuns gebaseer word.

Die seremoniële funksie van hierdie eenheid was ook van groot belang en 'n hoë standaard moes dus verwag word van hierdie eenheid om as huiswag en erewag op te tree.[4]

---

1 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 4, ***Opleiding van die Staatspresidentseenheid***, 1988.

2 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 4, ***Opleiding van die Staatspresidentseenheid***, 1988.

3 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 189, lêerno. 502/1/1, inlaag 9, ***Oorsig van die Staatspresidentseenheid***, 1987.

4 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 163, ***Opleiding in die SP-eenheid***, 1988.

## *1.1 DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID IN SY HOEDANIGHEID AS HUISWAG*

Hierdie aspek van seremoniële optrede het die meeste tyd van hierdie eenheid in beslag geneem wanneer die wagte onophoudelik aan diens was tydens die Staatspresidentswonings in Pretoria of Kaapstad. Addisionele seremoniële take by Westbrook en Libertas het die volgende behels: die daaglikse groet en verwelkoming van die Staatspresident met 'n wagseksie.[5] 'n Wagseksie het bestaan uit agt wagte, twee trompetters en een drommer. Dan was daar ook 'n daaglikse vlaghysing om 07:30 en 'n vlagstryking met sonsondergang met 'n volledige wagseksie.

Verdere pligte behels die daaglikse wagwisseling tussen wagseksie om 08:30. Voorts was daar 'n weeklikse wagwisselingsparade op Vrydae om 10:00 by Stalplein of Uniegebou met twee erewagseksies.[6] Die hele gedagte agter hierdie wagwisseling was om die beeld van hierdie eenheid te bevorder. Verder het hierdie eenheid, op 'n permanente grondslag agt ordonnanse verskaf, wat behulpsaam was met die administrasie in die kantoor van die Staatspresident verskaf.

## *1.2 DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID IN SY HOEDANIGHEID AS EREWAG*

Sedert die instelling van die Staatspresidentseenheid het hierdie eenheid goed bekend geword aan die publiek deur middel van sy talle suksesvolle optredes as persoonlike seremoniële Wag van die Staatspresident.[7]

Hierdie eenheid het dan ook onder al die Staatspresidente van Suid-Afrika gedien buiten president C.R. Swart. Alhoewel daar 'n soortgelyke Wag wel bestaan het, het die Staatspresidentseenheid eers aan die einde van president C.R. Swart se ampstermyn begin funksioneer.

---

5 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 189, lêerno. 502/1/1, inlaag 5, ***Addisionele seremoniële take***, 1987.

6 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 189, lêerno. 502/1/1, inlaag 5, ***Addisionele seremoniële take***, 1987.

7 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêernr.514/2/9/1, vol. 1, inlaag 161, ***Opleiding van die Staatspresidentswag***, 1988.

Hierdie seremoniële optredes was gekenmerk deur presisie en absolute gededikeerdheid tot die amp van die Staatspresident. Juis as gevolg van hul optredes het 'n wanindruk by die publiek ontstaan dat hierdie eenheid net op drilwerk konsentreer.[8]

Die teendeel was egter waar as 'n mens kyk na hul opleiding.

Daar moet egter nooit vergeet word dat tradisie by hierdie eenheid 'n besondere samebindende faktor was. Tradisie was inderdaad nou verweef met die uniform, opleiding en optrede van die Staatspresidentseenheid.

## 2. OPLEIDING VAN DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID

Omdat die Staatspresidentseenheid 'n infanterie eenheid was, is hulle as volbloed voetsoldate opgelei.[9] Reeds met die stigting van die eenheid in 1967 het die Hoof van die Leër opgemerk dat hy graag ook sou wou sien dat die eenheid genoeg tyd gelaat word om as behoorlike vegsoldate opgelei te word.[10] Aanvanklik was dit die gedagte dat lede van die eenheid vir ses maande in die eenheid sou dien en dan uitgeruil sou word sodat daar voldoende tyd vir militêre opleiding sou wees.[11] Hierdie idee het nooit 'n werklikheid geword nie, omdat dit 'n enorme taak sou wees om elke ses maande skildwagte van hoogstaande gehalte te voorsien.

Dit was die gebruik om uit die Februarie inname een volledige kompanie te keur vir die eenheid se doeleindes. Direk nadat die rekrute aangemeld het, stuur die eenheid keuringspanne na die onderskeie aanmeldingseenhede deur die land. Voor die aanvang van basiese opleiding is die rekrute na die Staatspresidentseenheid geroteer vir opleiding. Hierdie reëling het eers gegeld nadat die tweejaar Dienspligstelsel ingestel is. Voor 1977 is daar gebruik gemaak van twee innames per jaar.

Reeds in 1967 het die Hoof van die Leër die doel van opleiding as volg gestel: die uiteindelike doel was om Nasionale Dienspligtiges op te lei om hul plek in Burgermageenhede

8 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêernr.514/2/9/1, vol. 1, inlaag 161, ***Opleiding van die Staatspresidentswag***, 1988.

9 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêernr.514/2/9/1, vol. 1, inlaag 161, ***Opleiding van die Staatspresidentswag***, 1988.

10 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, houer 4, lêerno. G/SD/3/0, inlaag 63, ***Uittreksel van notule van vergaderings van die Opperbevel gehou te Pretoria***, 7 en 8 Augustus 1967.

11 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, houer 4, lêerno. G/SD/3/0, inlaag 63, ***Uittreksel van notule van vergaderings van die Opperbevel gehou te Pretoria***, 7 en 8 Augustus 1967.

in hul onderskeie korpse te kon volstaan.[12] Hierdie rekrute moes egter so gou as moontlik (beslis na 6 maande) as garnisoentroepe vir binnelandse operasies aangewend kon word.[13] Hieruit blyk dit dat die Hoof van die Leër effektiewe leerplanne wou bekom en daardeur uitstekende soldate vir operasies wou aanwend. Veral by die Suid-Afrikaanse Infanteriekorps is nuwe leerplanne opgestel om progressief meer tyd in die veld deur te bring.

Weens die tydsfaktor was dit uiters noodsaaklik om slegs die beste rekrute vir die Staatspresidentseenheid te werf. Hierdie unieke taak van die eenheid en noue skakeling met hooggeplaaste burgers en diplomate was daar van eenheidslede verwag om hulself aan 'n keuringsprofiel te onderwerp. Tydens basiese opleiding is 'n verdere siftingsproses gedoen. Vir effektiewe beheer moes die eenheid oor tweehonderd manskappe beskik.

Die volgende afdelings kon in opleiding onderskei word, naamlik: vaklopleiding, teeninsurgensie-operasies, konvensionele oorlogvoering en seremoniële opleiding.[14] Nadat die rekruut basiese opleiding ontvang het, wat aan hom die elementêre vaardighede, die noodsaaklike basiese militêre kennis asook 'n positiewe houding teenoor militêre diens besorg het, was die infanteris nou gereed vir meer gevorderde geweerskutteropleiding, wat hom daartoe in staat sou stel om in seksie- en pelotonverband opleiding te ondergaan.[15]

Van die infanteris is verwag om eers volledig as geweerskutter in seksie- en pelotonverband opgelei te word, om sodoende te verseker dat elke vegvaardige skutter wel oor die kennis, gesindheid en vaardigheid beskik om aan 'n geveg deel te neem. Die doel van vakopleiding vir infanteriste was om die geweerskutter op te lei sodat hy binne agt weke as lid van 'n sub eenheid, operasioneel aangewend kon word.[16]

---

12 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, groep 4, houer 4, lêerno. G/SD/3/, deel 2, inlaag 7, ***Notule van 'n konferensie gehou te SA Militêre Kollege op 13 Oktober 1967 om 08:30 om opleidingsbeleid te bespreek***, 13 Oktober 1967.

13 SAW-Argief, Pretoria, H-Leër, groep 4, houer 4, lêerno. G/SD/3, deel 2, inlaag 7, ***Notule van 'n konferensie gehou te SA Militêre Kollege op 13 Oktober 1967 om 08:30 om opleidingsbeleid te bespreek***, 13 Oktober 1976.

14 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêernr.514/2/9/1, vol. 1, inlaag 161, ***Opleiding van die Staatspresidentswag***, 1988.

15 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 11, lêerno. 103/1/10, inlaag 1.1, ***Doelwitleerplan: vakopleiding Geweerskutter (NDP)***, Februarie 1987.

16 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 11, lêerno. 103/1/10, inlaag 1.1, ***Doelwitleerplan: vakopleiding Geweerskutter (NDP)***, Februarie 1987.

Die dienspligtige moes aan die volgende toetredingsvereistes voldoen alvorens hy die vakopleiding vir geweerskutters kon meemaak:[17]

(a) Hy moes aan die mediese kategorie van G1, G2 en G3 voldoen.

(b) Verder moes die basiese opleiding suksesvol voltooi wees.

(c) Ten slotte moes sy skolastiese prestasie aan die vereistes vir opleibaarheid voldoen.

Hierdie vakopleiding was baie prakties georiënteerd en aspekte wat by vakopleiding aandag geniet het was onder meer pirotegnieke, mynbewustheid, sein, nagsig, gevegsprosedures, 7,62 LMG, 40mm granaatwerper, makkerhulp, kaartlees en navigasie, oorlewing, liggaamlike en rekreatiewe opleiding.[18]

Na voltooiing van die opleiding kon die infanteris operasioneel aangewend word. Die infanteris was nou in staat om as 'n lid van 'n seksie of peloton, die vyande gedurende die dag of nag op te spoor, met hom kontak te maak en die verowerde grondgebied te beset. As individu moes hy sy optredes rig op pro-aktiewe (voorkomende) mynoptredes eerder as reaktiewe optredes.[19] So 'n dienspligtige sou gedurende noodsituasies vir 'n beperkte tyd kon oorleef deur die toepassing van die basiese beginsels van oorlewing, kaartlees kon doen, in staat sou wees om te kon navigeer en makkerhulp onder alle omstandighede te kon toepas.

Die vakopleiding duur gewoonlik agt weke. Dit was dus 'n enorme taak om die infanteris binne agt weke operasioneel gereed te maak. By die Staatspresidentseenheid is daar egter sestien weke[20] aan vakopleiding gespandeer. Dit kon toegeskryf word aan die feit dat die eenheid nog steeds hul primêre funksie moes vervul. By vakopleiding is bepaalde doelwitte gestel. Hierdie doelwitte was daarop gerig om die dienspligtige op te lei om in

---

17 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 11, lêerno. 103/1/10, inlaag 1.1, ***Doelwitleerplan: vakopleiding Geweerskutter (NDP)***, Februarie 1987.

18 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 11, lêerno. 103/1/10, inlaag 1.1, ***Doelwitleerplan: vakopleiding Geweerskutter (NDP)***, Februarie 1987.

19 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 11, lêerno. 103/1/10, inlaag 1.1, ***Doelwitleerplan: vakopleiding Geweerskutter (NDP)***, Februarie 1987.

20 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 40, lêerno. 104/10/14/6, inlaag 67, ***Staatspresidentseenheid: jaarprogram***, 1989.

pelotonverband te kon optree. Verder het dit die infanteris voorberei vir die volgende fase wat na vakopleiding gevolg het.[21]

'n Ander komponent wat baie aandag geniet het, was wapenopleiding. Hierdie opleiding het die hantering en gebruik van alle pelotonwapens asook vyandelike wapens ingesluit. Die doel van hierdie opleiding was om die skutter in staat te stel om vyandelike wapens beperk te kon aanwend tydens noodsituasies. Van die skutters is ook opgelei in die gebruik van mortiere en ander gespesialiseerde wapens.[22] Wapens wat veral hier aandag geniet het, was die 60mm en 81mm patrolliemortier. Die doel is om die skutter toe te rus met die nodige kennis, vaardighede en gesindhede sodat hulle tydens operasionele ontplooiing met sukses aangewend kon word. Hierdie fase is ook die konvensionele fase genoem en by die Staatspresidentseenheid word dertien weke daaraan spandeer.

Na die konvensionele fase moes Tein stedelik en die plattelandse fase begin word en twintig weke[23] is hieraan by die eenheid gespandeer. Die finale fase was om die soldaat militêr voor te berei vir operasionele ontplooiing. Gedurende hierdie fase het die skutter Tein opleiding op pelotonvlak ontvang.[24]

Die infanteris is geskool in stedelike operasies soos terroristetaktiek, die onderdrukking van onwettige byeenkomste, kordonne en soektogte, beskerming van sleutelpunte, voertuighinderlae en die hantering van krygsgevangenis.[25]

By plattelandse operasies is die skutter opgelei in patrollies, tydelike basisse, aanvalle op vyandelike basisse, opvolgoperasie, spoorsny, nagsiguitrusting, kaartlees en navigasie, samewerking met honde, motorfietse en berede infanteriste.[26]

---

21 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 11, lêerno. 103/1/10, inlaag 1.1, ***Doelwitleerplan: vakopleiding. Geweerskutter: Nasionale Diensplgtiges (NDP)***, Februarie 1987.

22 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêernr.514/2/9/1, vol. 1, inlaag 161, ***Opleiding van die Staatspresidentswag***, 1988.

23 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 189, lêerno. 502/1/1, inlaag 7, ***Siklus van aanwending***, 1987.

24 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 73, leêrno. 305/1/1/5, inlaag 11, ***Doelwitleerplan vir Tein-opleiding, SAIK. NDP***, 28 Junie 1983.

25 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 73, leêrno. 305/1/1/5, inlaag 11, ***Doelwitleerplan vir Tein-opleiding, SAIK. NDP***, 28 Junie 1983.

26 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 73, leêrno. 305/1/1/5, inlaag 11, ***Doelwitleerplan vir Tein-opleiding, SAIK. NDP***, 28 Junie 1983.

Alle infanteriste is as geweerskutters opgelei. Na die suksesvolle voltooiing van opleiding, kon 'n lid van 'n seksie aan pelotonoperasies deelgeneem het.[27] Hierdie aanname was baie beslis van toepassing op die Staatspresidentseenheid. Wanneer daar na al die fasette van hul opleiding gekyk word, ontstaan die gedagte dat die Staatspresidentseenheid nie net 'n vertooneenheid was nie, maar 'n eenheid waar liggaamlike fiksheid, uithouvermoë en opleiding 'n belangrike rol in hulle daaglikse opset gespeel het. Dat die opleiding straf was, kon nie betwyfel word nie, want opleiding en paradegrondwerk het liggaamlike sowel as geestelike uithouvermoë vereis.[28]

Alhoewel die Staatspresidentseenheid as die persoonlike erewag en huiswag van die Staatpresident opgetree het, was hierdie eenheid nogtans 'n integrale deel van die Infanteriekorps en het hulle dieselfde opleiding as enige ander Infanteriebataljon ondergaan.[29] Uit bogenoemde gegewens blyk dit dat die Staatspresidentseenheid nie net blote paradepoppe was nie. Beide *Die Transvaler* en *Oggendblad* het na lede van die eenheid as geharde krygsmanne verwys, wat deeglik opgelei was in alle fasette van oorlogvoering.[30]

Baie tyd moes ook spandeer word aan godsdienstige weerbaarheid en burgerlike opleiding.[31] Daar is daagliks met 'n gebedsparade begin. Omdat dit die Staatshoof van die Republiek van Suid-Afrika was wat gedien is, was slegs die beste skildwagte goed genoeg.

Gegewe bovermelde inligting was dit uiters noodsaaklik dat slegs die beste kandidate vir die eenheid gekeur moes word.[32]

Die samestelling van die Staatspresidentseenheid verskil egter met die samestelling van 'n infanterie-eenhede. Waar infanterie-eenheid normaalweg uit drie pelotons van drie seksies elk bestaan het, het die Staatspresidentseenheid ses pelotons gehad, elk bestaande uit vier

---

27 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 11, lêerno. 103/1/10, inlaag 1.1, ***Doelwitleerplan: vakopleiding Geweerskutter (NDP)***, Februarie 1987.

28 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêernr.514/2/9/1, vol. 1, inlaag 156, ***Opleiding van die Staatspresidentswag***, 1988.

29 Anon., "Staatspresidentswag", ***Paratus***, November 1970, pp.18-21.

30 Vergelyk ***Die Beeld***, 12 Mei 1979: berig; ***Oggendblad***, 14 April 1977: berig.

31 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêernr.514/2/9/1, vol. 1, inlaag 156, ***Opleiding van die Staatspresidentswag***, 1988.

32 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêernr.514/2/9/1, vol. 1, inlaag 156, ***Opleiding van die Staatspresidentswag***, 1988.

seksies.[33] Die rede hiervoor was voor die handliggend. Deur van hierdie stelsel gebruik te maak, was dit moontlik om lede op te lei terwyl die wagstaan verpligtinge steeds nagekom kon word.

Omdat die Staatspresidentseenheid 'n gekose eenheid was, was dit ook noodsaaklik dat die eenheid uitgesoekte instrukteurs moes hê.[34] Daar bestaan dus geen twyfel dat die opleiding wat lede van die eenheid ontvang, streng was nie.

## 3. AANSPORING TEN OPSIGTE VAN OPLEIDING

Die Staatspresidentseenheid het sekere doelwitte ten opsigte van opleiding aan hulself gestel en is deur die rekrute nagestreef. Dit behels die volgende: 'n gemiddeld van 85 % moes behaal word vir die Hoof van die Leër se skietkompetisie; 'n fiksheidstandaard van 85 % is nagestreef; die maksimum ongeluksvrye kilometers moes gehandhaaf word; onbesproke lojaliteit teenoor die Suid-Afrikaanse Weermag is vereis en 'n uitstaande standaard moes gehandhaaf word ten opsigte van die seremoniële aspekte van die eenheid.[35]

Ten opsigte van individuele doelwitte is daar aansporingsmaatreëls ingestel om mense te motiveer om goeie resultate te behaal. Eerstens word 'n Opleidingsdiploma van die eenheid, na voltooiing van diensplig aan lede toegeken.[36]

Tweedens moes die dienspligtige ten minste een keer kwalifiseer vir 'n skietbalkie met die R4 geweer.[37] Dit het behels 'n gemiddeld van 190 punte in die Hoof van die Lëer se skietkompetisie. 'n Jaarlikse trofee is aan die beste junior en seniorskut oorhandig.[38] Na voltooiing van Nasionale Diensplig is 'n eenheidsbaadjie ook aan lede toegeken.

---

33 Anon., "Samestelling van 'n SP-kompanie", ***Paratus***, 1977, p.8.

34 Anon., "Samestelling van 'n SP-kompanie", ***Paratus***, 1977, p.8.

35 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêernr.514/2/9/1, vol. 1, inlaag 156, ***Opleiding van die Staatspresidentswag***, 1988.

36 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêernr.514/2/9/1, vol. 1, inlaag 156, ***Opleiding van die Staatspresidentswag***, 1988.

37 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêernr.514/2/9/1, vol. 1, inlaag 156, ***Opleiding van die Staatspresidentswag***, 1988.

38 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 13, ***Trofeë: Staatspresidentseenheid***, 7 November 1986.

Trofeë is ook uitgegee vir prestasies as die beste sportman, die beste drilpeloton, die fikste troep, die beste seksieleier, die beste pelotonsersant, die beste pelotonbevelvoerder, die beste adjudant-offisier, die beste kompaniebevelvoerder en die beste peloton.[39] Volgens kommandant J.F. Weilbach (bevelvoerder van die eenheid) was die doel van die trofeë deel van die Weermag se "ondertoe kyk" -beleid, om iets fisies daar te stel ter motivering van presteerders en ter aanskoue van lede van die eenheid by die toekenning daarvan.[40]

## 4. VEREISTES VIR 'N INFANTERIE-INSTRUKTEUR IN DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID

Volgens luitenant H.B.D. Steyn (dienspligtige in 1983 by die eenheid) was dit al 'n cliché om te sê dat dieselfde vereistes aan 'n infanterie offisier-instrukteur gestel word as die wat aan 'n baie goeie leier gestel word.[41] Tog bly dit die grootste geldende waarheid omtrent die infanteris.

Dit was ook so dat die moderne infanterie-instrukteur homself in 'n dilemma bevind dat hy 'n spesialis op sy eie vakterrein moes wees. Daarteenoor, kon hy nie vir 'n oomblik in sy vakgebied verstar nie, want dan verloor hy voeling met die snel veranderde wêreld.

Van elke infanteris-instrukteur word leierskap verwag en dit was die eienskap wat aan deurdringende toetse onderwerp word.[42] Vir die instrukteur was sy moeilikste vuurdoop seersekerlik onkonvensionele oorlogvoering. Hier maak die vyand van subtiele metodes gebruik om die staat te ondermyn. As 'n vertoonstuk van leierskap en staatsgesag was hy direk 'n teiken vir die vyand omdat hy met en vir mense werk, waar sy invloed 'n faktor was waarmee rekening gehou moes word.

---

39 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 13, ***Trofeë: Staatspresidentseenheid***, 7 November 1986.

40 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 13, ***Trofeë: Staatspresidentseenheid***, 7 November 1986.

41 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 7, ***Vereistes vir 'n infanterie-instrukteur***, 1988.

42 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 7, ***Vereistes vir 'n infanterie-instrukteur***, 1988.

Daar is van die instrukteur verwag om standvastig van karakter te wees om sodoende 'n onberispelike lewe te lei. Onder alle omstandighede is 'n gesonde verhouding met sy God, die infanteris se grootste bate.[43]

Dit sou 'n gesonde en aangename verhouding teenoor sy medemens en ondergeskiktes teweegbring. Deur 'n onwrikbare geloof sou die infanteris die beproewings en ontberings van die slagveld en isolasie wat soms daarmee gepaard gegaan het, sonder oormatige vrees en paniek oorkom.[44]

Die suksesse van die Staatspresidentseenheid kon in 'n groot mate aan sy instrukteurs en bevelvoerders toegeskryf word. Vir hulle was die infanteris nie 'n gewone werk nie, maar 'n leefwyse met 'n groot aanvraag vir liggaamlike fiksheid, nougesette uitvoering van opdragte, deursettingsvermoë, entoesiasme, ywer, ondernemingsgees en baie inisiatief.

## 5. OPERASIONELE AANWENDING VAN DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID

Die eenheid was getaak om operasionele diens te verrig, soos enige ander infanterie eenheid. Na die kompanie se agtiende maand van opleiding is die opleidingsillabus asook die seremoniële fase, voltooi. Dan was die kompanie gereed vir operasionele aanwending. Tydens die operasionele fase is die kompanie onder die naam van 'n ander infanterie eenheid aangewend.[45] Dit is gedoen as gevolg van die sensitiwiteit, veral in die geval van Tein stedelik, waar die Staatspresident se naam in die gedrang sou kom.[46] Die operasionele kompanie het onder 4 Suid-Afrikaanse Infanterie Bataljon en 7 Suid-Afrikaanse Infanterie Bataljon onderskeidelik geresorteer. Die dienspligtiges van die eenheid is verplaas terwyl die Staandemag personeel op afgedeelde diens oorgeplaas is na die eenheid.[47] Die operasionele fase het ses maande geduur.

---

43 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 7, *Vereistes vir 'n infanterie-instrukteur*, 1988.

44 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 1, inlaag 7, *Vereistes vir 'n infanterie-instrukteur*, 1988.

45 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 189, lêerno. 502/1/1, inlaag 7, *Oorsig van die Staatspresidentseenheid*, 1981.

46 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 189, lêerno. 502/1/1, inlaag 7, *Oorsig van die Staatspresidentseenheid*, 1981.

47 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 189, lêerno. 502/1/1, inlaag 7, *Oorsig van die Staatspresidentseenheid*, 1981.

Op 22 Oktober 1977 het die Staatspresidentseenheid vir die eerste keer na die operasionele gebied vertrek onder leiding van kaptein J.H. Nawn. Die volgende dag is kaptein Nawn en vyf lede van die eenheid in 'n landmyn ongeluk beseer.[48] Daar moet egter gemeld word dat volgens Salo 7/77 is die seremoniële funksie van die eenheid as die hoogste prioriteit gestel[49] en lede van die eenheid het sedert die ontstaan tot en met 1977 geen operasionele diens verrig nie. Verskeie skrywes in die verband is tot die Leër Hoofkwartier gerig om uitsluitsel oor hierdie verband te verkry. Eers na 1978 is besluit dat die seremoniële funksie en operasionele aanwending ewe belangrik geword het.

In 1978 is die eenheid as volg georganiseer: een geweerpeloton en mortierpeloton was ontplooi by Beitbrug.[50] Twee geweerpelotons is na Amsterdam gestuur vir die projek "Target area - race relations."[51] Die uitsluitlike doel van hierdie pelotonne was om menseverhoudings te verbeter met anderskleuriges omdat daar 'n algemene gevoel van vyandigheid op die platteland ondervind is. Die Januarie-inname van 1977 het tien maande grensdiens verrig, waartydens hulle in kontak met die vyand by Elundi en Katimu Mulilo was.[52] Dit blyk dus duidelik dat hierdie eenheid wel 'n operasionele eenheid was wat ook diens verrig het as die seremoniële Wag van die Staatshoof. 'n Paar groot eksterne operasies waaraan lede van die eenheid volgens E.M. Meyers in 'n artikel in die tydskrif ***Militaria*** deelgeneem het, was die aanval op 'Moskou' en 'Vietnam' in Mei 1979, asook die mortieraanval op Katima Mulilo in 1978 tydens die hakkejagoperasie.[53] E.M. Meyers beweer voorts in die tydskrif ***Militaria*** dat elke keer wat 'n afdeling van die eenheid na die operasionele gebied gegaan het, het hulle kontak met SWAPO gehad.[54]

Aangesien die Staatspresidentseenheid die enigste infanterie-eenheid in die Pretoria omgewing was, is dit as die reaksiemag van Kommandement Noord-Transvaal aangewend.

48 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêernr.514/2/9/1, vol. 1, inlaag 156, ***Grensdiens van die Staatspresidentswag***, 1988.

49 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 115, lêerno. 501/3, inlaag 2, ***Informasievoorligting aan bevelvoerder Kommandement Noord-Transvaal tydens wisseling van bevel***, 8 Desember 1978.

50 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 115, lêerno. 501/3, inlaag 2, ***Informasievoorligting aan bevelvoerder Kommandement Noord-Transvaal tydens wisseling van bevel***, 8 Desember 1978.

51 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 115, lêerno. 501/3, inlaag 2, ***Informasievoorligting aan bevelvoerder Kommandement Noord-Transvaal tydens wisseling van bevel***, 8 Desember 1978.

52 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 115, lêerno. 501/3, inlaag 2, ***Informasievoorligting aan bevelvoerder Kommandement Noord-Transvaal tydens wisseling van bevel***, 8 Desember 1978.

53 E.M. Meyers, "***Die ontstaan en ontwikkeling van die Staatspresidentswag***", p.27.

54 E.M. Meyers, "***Die ontstaan en ontwikkeling van ...***", p.28.

Hier het die Staatspresidentseenheid hom ook as 'n prestige gevegseenheid bewys. Daar was heel dikwels na die eenheid as die spesialis mortiergroep verwys.[55] Uit evaluasieverslae kon 'n mens verstaan waarom die eenheid so hoog aangeslaan is. 'n Gemiddeld van 78,8% was deur die Staatspresidentseenheid in 1985 vir Tein stedelik behaal.[56]

Uit soortgelyke verslae is dit duidelik dat 'n hoë standaard van opleiding gehandhaaf is en dat hierdie eenheid met vrug in die operasionele gebiede aangewend kon word. Die eenheid het daarin geslaag om sy primêre doel te verwesenlik, naamlik die daarstelling van weerbare en parate soldate. Evaluasies moes gereeld op alle vlakke gedoen word om knelpunte in opleiding bloot te lê en regstellende aksies is geneem om te verseker dat goedopgeleide en gemotiveerde troepe daargestel word.

In uitsonderlike gevalle is die eenheid in die Tein stedelike rol aangewend. Hiervan getuig Operasionele voorskrifte Reindeer, Operasionele voorskrifte Shutter[57] en Operasionele voorskrifte Palmiet[58] om onrus in swart woongebiede te bekamp. Hier het die eenheid homself onderskei om die rewolusionêre klimaat te bekamp deur in swart woonbuurtes orde en stabiliteit te bewerkstellig. Soos reeds vermeld, was die Staatspresidentseenheid die noodmag van Kommandement Noord-Transvaal. Volgens operasievoorskrifte 1/84 moes die Staatspresidentseenheid die kommandementsgebied beveilig teen dade van terreur.[59] In die lig van bogenoemde feite kon met reg na die eenheid verwys word as die prestige eenheid in die Suid-Afrikaanse Weermag, wat deur sy seremoniële optredes en sy prestasies op die Suidwes-Afrika (Namibië) grens steeds 'n navolgenswaardige voorbeeld gestel het.

---

55 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 133, lêerno. 511/3/8/1, inlaag 2, ***Geskiedenis: Staatspresidentswag***, 16 September 1982.

56 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 74, lêerno. 305/3, inlaag 9, ***Evaluasieverslag: tein stedelik: A Komp. SP-Wag***, 7 Junie 1985.

57 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 115, lêerno. 501/3, inlaag 2, ***Informasievoorligting aan bevelvoerder Kommandement Noord-Transvaal tydens wisseling van bevel***, 8 Desember 1978.

58 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 64, lêerno. 209/1, vol 1, inlaag 34, ***Operasieorder Palmiet***, 21 Oktober 1984.

59 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 76, lêerno. 309/1, vol. 1, inlaag 13, ***Operasieorder 1/84: gesamentlike operasieorder***, 20 Augustus 1984.

## 5.1 BETROKKENHEID BY OEFENINGE

Gedurende Augustus 1975 het ongeveer 100 lede van die Staatspresidentseenheid te Magaliesoord in Cullinan, gehelp met die opslaan van tente en die nodige voorbereidingswerk gedoen vir vlugtelinge uit Angola.[60] Die taak is op 'n operasionele grondslag beplan en 'n totaal van 500 Markeetente moes deur die eenheid opgerig word. Daar is vanaf 3 tot 24 Desember 1976 'n veldoefening te Letaba gehou om die troepe beter toe te rus in hul rol van ondersteuning en die gebruik van pelotonwapens.[61]

In 1978 het B-kompanie van die Staatspresidentseenheid aan 'n oefening bekend as "Huckleberry Finn"[62] deelgeneem. Die doel van die oefening was om troepe die geleentheid te bied om sekere aspekte in te oefen ten opsigte van waterhindernisse en kleinboothantering. Die oefening moes aan die troepe opleiding bied in die hantering van aanvalsbote, die oorsteek van waterhindernisse en navigasie oorlewing. [63]

Om effektiwiteit en paraatheid by die Staatspresidentseenheid te bevorder, het die eenheid deur die jare aan heelwat oefeninge deelgeneem. Volgens die bevelvoerder, majoor J.H. Nawn, van die eenheid het geen troep 'n begrip van konvensionele oorlogvoering, alvorens hy nie praktiese opleiding en ondervinding opgedoen het nie.[64] Verdere oefeninge waaraan die eenheid deelgeneem het, was Thunderbolt[65], Ysblok[66], Kanni Klani[67] en andere.

---

60 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. A/ADM/6, vol. 2, inlaag DD929, ***Eenheidsgebeure***, aanhangsel D, 23 Augustus 1975.

61 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. A/ADM/6, vol. 2, inlaag DD929, ***Jaarlikse verslag (DD929) tot 31 Desember 1976***, Desember 1976.

62 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 3, inlaag DD929, ***Jaarlikse geskiedkundige verslag***, aanhangsel C, 31 Desember 1978.

63 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 3, inlaag DD929, ***Jaarlikse geskiedkundige verslag***, aanhangsel C, 31 Desember 1978.

64 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 75, lêerno. 308/4/1, inlaag 8, ***Spesiale eenheidsorder 39/87 vir oefening Thunderbolt***, 26 Julie 1987.

65 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 75, lêerno. 308/4/1, inlaag 8, ***Spesiale eenheidsorder 39/87 vir oefening Thunderbolt***, 26 Julie 1987.

66 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 4, inlaag 29, ***Spesiale eenheidsorder 29/88 vir veldoefening Ysblok***, 27 Mei 1988.

67 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 21, ***Spesiale eenheidsorder 77/88 vir oefening Kanni Klani***, 26 Mei 1988.

Die doel van hierdie oefeninge was om gevegsparate lede daar te stel, wat met vrug in operasionele gebiede aangewend kon word. Deur soortgelyke oefening is gepoog om die standaard van opleiding en beplanning te verbeter. Om dit te kon vermag, moes die opleiding baie prakties georiënteerd wees. Volgens maj. Nawn (bevelvoerder van die Staatspresidentseenheid) kon selfs lesingkamerteorie in die meeste gevalle in die veld aangebied word.[68]

Vir effektiewe opleiding is 'n opleidingsentrum by die eenheid se hoofkwartier ingerig.[69] Dit sou verseker dat die beplanning gesentraliseer word onder direkte toesig van die tweede in bevel. Optredes deur vyandelike magte in die operasionele gebiede en in buurstate van die Republiek van Suid-Afrika sou selektief onder die lede se aandag gebring word.

## 6. BETROKKENHEID BY SPORTAANGELEENTHEDE

Sport is baie belangrik binne die Suid-Afrikaanse Weermag en vir die beeld na buite. Landsveiligheid was vir die Weermag 'n voorvereiste en 'n oorlewingstryd moes op talle terreine gevoer word.[70] Een van die terreine waarop die Weermag gekonsentreer het, was sport. Sport is gesien as 'n metode om die beeld van die Suid-Afrikaanse Weermag uit te bou. In oorlogtye is daar geen plaasvervanger vir 'n wenner nie. Hierdie wengees moes by lede van die Suid-Afrikaanse Weermag bevorder word omdat lede asook die publiek ander positiewe aspekte aan wenners in sport gekoppel het.[71]

Die doel van sport in die Weermag was drieledig van aard om die beeld van die Suid-Afrikaanse Weermag uit te bou, die moreel van Suid-Afrikaanse Weermaglede moes bevorder word en sport moes doelmatig bestuur en bedryf word.[72] Daar moet egter gemeld word dat sport 'n amptelike aktiwiteit was en steeds is.

---

68 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 116, lêerno. 501/4/1, inlaag 4, ***SP-Wag doelwitte vir volgende ses maande***, 24 Junie 1980.

69 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 116, lêerno. 501/4/1, inlaag 4, ***SP-Wag doelwitte vir volgende ses maande***, 24 Junie 1980.

70 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 17, lêerno. 103/13/B, inlaag 82, ***SAW-sportbeleid***, 8 Junie 1988.

71 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 17, lêerno. 103/13/B, inlaag 82, ***SAW-sportbeleid***, 8 Junie 1988.

72 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 19, lêerno. 103/13/1/7, inlaag 60, ***Konstitusie van die Weermagsportklub***, Pretoria, 1983.

Omdat die hoofkwartier van die Staatspresidentseenheid in Pretoria geleë was, het die eenheid dan ook onder die Weermagsportklub Pretoria geval. Hierdie Weermagsportklub Pretoria, is gestig ooreenkomstig die bepalings van Artikel 149 van die Verdedigingswet, No.44, van 1957.[73] Daar was 'n klousule wat bepaal het dat alle Nasionale Dienspligtige lede wat besig was met diensplig, lid van sodanige klub moes wees en dienooreenkomstig sportgelde moes betaal.

Alle fasiliteite was tot die beskikking van dienspligtiges. Die Staatspresidentseenheid het hom ook beywer om sport onder sy lede te bevorder. Vir hulle was sport ook 'n middel om 'n rekruut op 'n informele wyse te leer ken. Die eenheid het dan ook heelwat provinsiale sportmanne en selfs Springbokke opgelewer.

In 1974 het korporaal P. de Greef Springbokkleure in moderne vyfkamp verwerf en hy het Suid-Afrika verteenwoordig tydens 'n internasionale kragmeting teen Switserland, Holland en Wes-Duitsland.[74] Luitenant B. van der Merwe is ook gekies as kaptein van die Suid-Afrikaanse Weermag O/20 rugbyspan.[75] Laasgenoemde het Transvaal in meer as vyftig wedstryde verteenwoordig.

In 1976 het skutter M. van Schlehenried deelgeneem aan die Suid-Afrikaanse Junior karate kampioenskappe. Korporaal C van Wyk het aan die Noord-Transvaalse Senior Atletiekbyeenkoms deelgeneem.[76] In die daaropvolgende jaar het skutter C. von Schleydenreich die titel verwerf as die Suid-Afrikaanse kampioen in karate. Gedurende dié jaar was die eenheid se rugbyspan ook die wenners in die Noord-Transvaal O/20 liga.[77]

In 1978 het korporaal B. Peters tydens die Suid-Afrikaanse snelroei 'n tweede plek in die 1000 meter en 'n derde plek in die 5000 meter, verower.[78] Skutter G. de Lange het 'n

---

73 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 19, lêerno. 103/13/1/7, inlaag 69, ***Konstitusie van die Weermagsportklub***, Pretoria, 1983.

74 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. A/ADM/6, vol. 1, inlaag DD929, ***Jaarlikse verslag tot 31 Desember 1974***, aanhangsel B, 31 Desember 1974.

75 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. A/ADM/6, vol. 1, inlaag DD929, ***Jaarlikse verslag tot 31 Desember 1974***, aanhangsel B, 31 Desember 1974.

76 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. A/ADM/6, vol. 2, inlaag DD929, ***Jaarlikse verslag tot 31 Desember 1976***, 31 Desember 1976.

77 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 3, inlaag DD929, ***Jaarlikse verslag (DD929) tot 31 Desember 1977***, 31 Desember 1977.

78 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 3, inlaag DD929, ***Jaarlikse geskiedkundige verslag***, aanhangsel E, 31 Desember 1978.

goue medalje verwerf tydens die Junior Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe met 'n hoogte van 2,05 meter.[79]

In 1983 is luitenant H.N.J. Ferreira as sportman van die jaar benoem.[80]

Laasgenoemde is vir die Suid-Afrikaanse Weermag rugbyspan in 1982 en 1983 gekies. Hy is dan ook gekies vir die Noord-Transvaalse O/25 rugbyspan. In 1984 was skutter I. Cook benoem as sportman van die jaar omdat hy Springbokkleure verwerf het in kleingeweer skiet.[81]

Nog 'n persoon wat sy stempel afgedruk het, was baie beslis luitenant P. Frielick. Hy het op twee terreine, naamlik sokker en krieket onderskeidelik uitgeblink. Hy was kaptein en afrigter van die beroepssokkerspan, Arcadia, en het ook die Suid-Afrikaanse Weermagspan in 1983 op die krieketveld verteenwoordig.[82]

Die jaar 1987 was baie beslis 'n hoogtepunt. Nie net is hul twintigjarige bestaan herdenk nie, maar op sportterrein het die eenheid baie goed presteer. Skutter W. Mulder het Springbokkleure vir boks in die ligwelter gewig verwerf. Die eenheid se sokkerspan het vir die eerste keer die beker in die kommandement Noord-Transvaal, verower.[83]

Dit was dan ook die uitgangspunt van hierdie eenheid dat sport op 'n georganiseerde grondslag beoefen moes word. Deelname aan sport sou volgens die bevelvoerder, majoor H.G. de Witt, slegs op 'n georganiseerde grondslag toegelaat word.[84] Dit was belangrik dat die troepe hulself asook hul fisiese vermoëns moes ken. Buitengewone prestasies deur lede is op die paradegrond en in eenheidsorders vermeld. Aan die einde van elke jaar is 'n trofeë

---

79 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 103/13/1/2, vol. 5, Inlaag 17, ***Nominasies vir benoeming as Sportman van die jaar***, 12 September 1983.

80 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 103/13/1/2, vol. 5, Inlaag 17, ***Nominasies vir benoeming as Sportman van die jaar***, 12 September 1983.

81 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 19, lêerno. 103/13/1/2, inlaag 43, ***Nominasies vir benoeming as Sportman van die jaar***, 7 Oktober 1984.

82 SAW-Argrief, Pretoria, SP-eenheid, houer 19, lêerno. 103/13/1/2, inlaag 42, ***Nominasies vir benoeming as Sportman van die jaar***, 3 November 1983.

83 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/1, vol. 1, inlaag 42, ***Sportaktiwiteite en prestasies***, 17 Oktober 1988.

84 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 116, lêerno. 501/4/1, inlaag 13, ***Doelwitte in die SAW: motiveringsplan***, 9 September 1983.

aan die beste sportman oorhandig. Individuele presteerders het 'n eenheidsaanpryssings-diploma of 'n eenheidsskild ontvang.[85]

Om sportbeoefening te bevorder, het die bevelvoerder en staflede deur motivering, entoesiasme en toewyding die voorbeeld gestel.[86] Prestasies was vir die eenheid van groot belang en daardeur is die beeld na buite verbeter.

## 7. LIEF EN LEED VAN DIE EENHEID

Sedert die ontstaan van hierdie eenheid in 1967 het vyf dienspligtiges gesterf. In 1978 het drie lede gesterf, naamlik skutter J.H.N. Kruger, skutter W.D.N. Meyers en skutter M. van Zyl.

Uit 'n jaarverslag in 1978 blyk dit dat skutter Kruger dood is aan voedselvergiftiging by die huis.[87] Skutter Meyers en skutter van Zyl, albei lede van die Staatspresidentseenheid, wat opleiding by die militêre basis Doornkop, naby Middelburg in Transvaal ontvang het, het in 1978 tragies in die Olifantsrivier verdrink.[88] Albei genoemde lede is onderskeidelik in Pretoria[89] en Okahandja[90] met volle militêre eerbewys begrawe.

In 'n skrywe gedateer op 20 Desember 1977 is 'n brief van medelye gerig aan die Van den Berg-gesin met die afsterwe van hul seun, skutter M.J. van den Berg.[91] Die presiese oorsaak of omstandighede is nie bekend nie, maar dat hierdie lid wel besig was met diensplig, kon nie betwyfel word nie. Die brief is dan ook onderteken deur die bevelvoerder van die eenheid.

---

85 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 116, lêerno. 501/4/1, inlaag 13, ***Doelwitte in die SAW: motiveringsplan***, 9 September 1983.

86 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 116, lêerno. 501/4/1, inlaag 13, ***Doelwitte in die SAW: motiveringsplan***, 9 September 1983.

87 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 3, inlaag DD929, ***Jaarlikse geskiedkundige verslag***, 31 Desember 1978.

88 Vergelyk ***Die Transvaler***, 6 April 1978: berig; en ***Die Beeld***, 6 April 1978: berig.

89 ***Eastern-Province-Herald***, 6 April 1978: report.

90 ***Hoofstad***, 7 April 1978: berig.

91 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 142, lêerno. 513/8, inlaag 1, ***Brief: afsterwe van u seun: sktr. M.J. van den Berg***, 20 Desember 1977.

In 1990 het nog 'n skutter tydens Paasnaweek in 'n motorongeluk gesterf. Hy was skutter G. Strydom van Westonaria.[92] Uit hierdie gegewens blyk dit duidelik dat hierdie eenheid in sy drie en twintigjarige bestaan geen lid in operasionele gevegsteaters verloor het nie.[93] Dit is 'n pluimpie vir die eenheid en getuig van absolute gededikeerdheid ten opsigte van sy opleiding en seremoniële funksie.

## 8. MEDALJES EN DEKORASIES

In 1977 het die Staatspresidentseenheid vir die eerste keer na die operasionele gebied vertrek. 'n Totaal van honderd sewe en sewentig Pro-Patria medaljes is in 1977 aan lede van die eenheid toegeken. Om te kwalifiseer vir sodanige medalje moes 'n persoon diens gedoen het ter verdediging van die Republiek van Suid-Afrika of ter voorkoming van terrorisme. Hierdie medaljes is dan ook tot en met die deaktivering van die eenheid, jaarliks toegeken.

In onderstaande grafiese voorstelling kon die hoeveelheid Pro-Patria medaljes duidelik gesien word. Vanaf 1980 het die toekenning van die medaljes afgeneem. Dit kon toegeskryf word aan die feit dat hierdie eenheid slegs een kompanie vir operasionele aanwending, gestuur het. Hierdie operasionele kompanie het onder 'n ander eenheid geresorteer. Staflede wat op 'n afgedeelde basis na ander eenhede oorgeplaas is vir operasionele aanwending, het ook Pro-Patria medaljes by hul afgedeelde eenhede ontvang.


---

92 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 39, lêerno. 103/14/2/, inlaag 91, ***Brief: betuiging van meegevoel***, 5 Maart 1990.

93 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 119, lêerno. 513/8, inlaag 62, ***Boodskap H-Leër by die deaktivering***, 26 Julie 1990.

Hier volg 'n diagramatiese uiteensetting van medaljes en dekorasies wat aan Staandemaglede vanaf 1978 toegeken is.

Grafiek no. 1[94]




94 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêers, vol. 1-3, ***Jaarlikse verslae vanaf 1978-1983***, p.3.

Grafiek no. 2[95]

| JAAR | DIENS, 10 JAAR Brons | DIENS, 20 JAAR Silver | PRO PATRIA | H/SAW | H-LEËR AAN-PRYSING | KMDMT. AAN-PRYSING | EENHEIDS-AANPRY-SING |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1978 | | | 4 | | | | |
| 1979 | 4 | | | | | | |
| 1980 | 3 | | | | | | |
| 1981 | | | 1 | | | | |
| 1982 | | | 1 | 1 | | | |
| 1983 | | | 1 | | | | |
| 1984 | | | 10 | 1 | | | |
| 1985 | | | | | 1 | 1 | |
| 1986 | 1 | | | | | 1 | |
| 1987 | | 2 | | | | 1 | 1 |
| 1988 | | 1 | | 1 | 4 | | 1 |
| 1989 | | | | | | | |
| 1990 | 3 | | | 5 | 2 | 6 | 4 |
| TOT | 11 | 3 | 17 | 8 | 7 | 9 | 6 |

Medaljes vir troue diens in die Suid-Afrikaanse Weermag is toegeken aan lede, ongeag hul rang, na voltooiing van die volgende tydperke van kwalifiserende diens soos in die regulasies voorgeskryf naamlik "10 jaar diens - brons; 20 jaar diens - silwer: 30 jaar diens - goud en 40 jaar diens - gespe."[96] Die eenheid het dan ook onderskeidelik elf brons medaljes en drie silwer medaljes ontvang.

---

95 Vergelyk SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 199, lêerno. 502/1/1. inlae 89-72, ***Medaljes/Aanprysings: SP-eenheid***, 26 Julie 1990; SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 43, lêerno. 104/13, inlee 54-98, ***Medals and commendations: SP-unit***, 13 June 1990; SAW-Argief, Pretoria, ***Eenheidsgeskiedenislêer***, vol. 1, 2 en 3, ***Jaarlikse verslae vanaf 1978 tot 1990***,

96 SAW-Argief, Pretoria, Kmdt. N.T. HK-eenheid, groep 5, houer 646, lêerno. A/Pers/42, vol. 1, inlaag 14, ***Prosedures vir die toekenning van SAW ordes, dekorasies en medaljes***, 1976.

Die Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag (H-SAW) aanprysingsmedalje is toegeken aan lede van die Suid-Afrikaanse Weermag en die Hulpdienste ter erkenning van diens van 'n hoë gehalte. Aanbevelings vir die toekenning van die H-SAW aanprysingsmedalje kon slegs gedoen word, indien die bevelvoerder opreg daarvan oortuig was dat die aspirantontvanger die hoë prestasies, wat deur die onderskeie bevelskrifte vereis word, behaal het.[97] Opmerklik is dat daar agt toekennings aan die Staatspresidentseenheid toegestaan is. Dit getuig dat die lede hulself onderskei het en dienooreenkomstig beloon was.

Die Hoof van die Leër (H-Leër) aanprysingsmedalje was 'n soortgelyke medalje as die Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag (H-SAW) vir diens van hoogstaande gehalte. Ook hier het die eenheid 'n totaal van sewe medaljes verwerf. Kommandement Noord-Transvaal het op sy beurt 'n aanprysingsertifikaat begin om lede te motiveer om te streef na die beste. Om te kwalifiseer moes 'n sitaatvorm ingevul word met die nodige motivering.[98] Ook hier het Staandemaglede hulself onderskei en vanaf 1985 tot 1990, 'n totaal van nege sertifikate verwerf.

Lede van die eenheid wat bovermelde toekennings ontvang het, het eienskappe soos werkywer, motivering, spontaniteit, aktiewe meelewing, absolute deelname en intense belangstelling in hul daaglikse lewe geopenbaar. Hierdie lede moes hulself onderskei en die blote nakoming van hul pligte was op sigself geen regverdiging vir die ontvangs van 'n toekenning nie.

## 9. VRYHEID VAN STEDE EN DORPE

In 1982 het 'n besondere eer die eenheid te beurt geval. Die Staatspresidentseenheid het die toekenning van die reg van vrye toegang tot Vryburg ontvang.[99]

Op 31 Mei 1989 het die Staatspresidentseenheid die Vryheid van Pretoria ontvang, gesamentlik met ander eenhede.[100] Die parade was geskiedkundig uniek. Dit was dan ook

---

97 SAW-Argief, Pretoria, Kmdt. N.T. HK-eenheid, groep 5, houer 646, lêerno. A/Pers/42, vol. 1, inlaag 14, ***Prosedures vir die toekenning van SAW ordes, dekorasies en medaljes***, 1976.

98 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 57, ***Voorbeeld van 'n sitaatvorm met motivering***, 5 Junie 1990.

99 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenisleer, lêerno. 514/2/9/1, inlaag 19, ***Annual report tot 31 December 1982***, 18 November 1988.

100 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 135, lêerno. 512/2/1/5, inlaag 32, ***Spesiale eenheidsorder no.58/89***, 30 Mei 1989.

die eerste keer waar meer as een eenheid die reg van vrye toegang tot 'n dorp of stad ontvang het en waarskynlik die enigste van sy soort.

Volgens eenheidsorder nr. 58/89 moes die Staatspresidentseenheid, 45 lede met 'n volledige vaandelafdeling verskaf, om deel te neem aan die parade in Pretoria, voor Munitoriagebou in Vermeulenstraat.[101] Die eenheid was besonder trots om die reg van vrye toegang te kon ontvang.

## 10. DEAKTIVERING VAN DIE STAATSPRESIDENTSEENHEID OP 26 JULIE 1990

Die behoefte aan veranderings in die magsontwerp van die Leër moes oordeelkundig beplan word en daar moes in 'n vroeë stadium onderskei word tussen behoeftes wat noodsaaklik was om die Leër in staat te stel om sy funksie te kon verrig, naamlik om stabiliteit in die binneland te bewerkstellig. In terme van Artikel 75 en 77 van die Verdedigingswet was die Minister van Verdediging die enigste persoon wat magtiging kon verleen om eenhede te stig, te ontbind, te herbenaam of te verskuif.[102]

Die prosedures wat gevolg was by die ontbinding van 'n eenheid was dieselfde as vir die stigting van 'n eenheid. Aspekte wat in ag geneem moes word, was:[103]

1. redes wat aangevoer was waarom 'n eenheid ontbind;

2. hoe dit ander bestaande eenhede sou beïnvloed;

3. hoe die funksies van die eenheid verder bedryf sou word nadat die eenheid ontbind het;

4. wat die finansiële implikasies met die ontbinding van die eenheid was.

Volgens die bevelvoerder van die Staatspresidentseenheid, kommandant J.H.S. Pretorius in 1989, het dr. J.P. Roux, Sekretaris-Generaal in die kantoor van die Staatspresident, opgemerk dat mnr. F.W. de Klerk (in sy amp as uitvoerende Staatshoof), nie te vinde was vir

---

101 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 135, lêerno. 512/2/1/5, inlaag 32, ***Spesiale eenheidsorder no.58/89***, 30 Mei 1989.

102 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 28, ***Aanvullende instruksies: die stigting, benaming, ontbinding, verskuiwing of herbenaming van formasies***, November 1989.

103 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 119, Lêerno. 502/1/1, inlaag 25, ***Aanvullende instruksies: die stigting, benaming, ontbinding, verskuiwing of herbenaming van formasies***, November 1989.

die seremoniële dienste by die ampswoning of by die kantoor nie.[104] Hierdie stelling het 'n definitiewe invloed op die werking van die eenheid gehad.

Bogenoemde opmerking deur mnr. de Klerk het die vraag laat ontstaan of die eenheid nog steeds sou voortbestaan en indien wel, sou dit nog dieselfde naam geregverdig het. In die lig van bogenoemde het die volgende alternatiewe bestaan:[105]

(a) Indien die eenheid se naam wel verander, sou dit noodwendig beteken dat die eenheid geherstruktureer moes word soos 'n normale infanteriebataljon, met normale infanterie operasionele take.

(b) As die eenheid sou verander na 'n normale infanterie-bataljon, sou die eenheid van standplaas moes verwissel, omrede die huidige huisvesting nie voldoende was om 'n normale bataljon te huisves nie.

(c) 'n Verdere opsie was om die eenheid in totaliteit te ontbind. Vir die moontlike seremoniële take wat mag ontstaan het, sou ander eenhede in 'n ad hoc grondslag getaak word.

Hierdie aangeleentheid is in 1990 tot 'n punt gedryf toe pres. de Klerk, aangekondig het dat die eenheid gaan ontbind. Dit sou die Staatspresident se bydrae tot die besnoeiing van staatsbesteding wees. In 'n uiteensetting van benaderde besparing met die deaktivering van die Staatspresidentseenheid, het dit 'n besparing van R158 000,00 per jaar teweeggebring.[106] Daar is van die uitgangspunt uitgegaan dat manskapsterkte nie 'n besparing is nie, omdat hulle elders opgelei moes word.

Alhoewel die amptelike deaktivering van die eenheid op 1 Julie 1990 sou wees, is dit tot 'n latere datum verskuif sodat dienspligtiges dadelik daarna kon uitklaar. Op 26 Julie 1990, te Voortrekkerhoogte, is daar op 'n luisterryke wyse afskeid geneem van 'n eenheid met besondere tradisies.

---

104 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 189, lêerno. 502/1/1, inlaag 2, ***Afskaling van take vir SP-eenheid***, 1989.

105 SAW-Afgief, Pretoria, SP-eenheid, houer 189, lêerno. 502/1/1 inlaag 2, ***Voortbestaan van Staatspresidentseenheid***, 1990.

106 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 119, lêerno. 503/1/1, inlaag 59, ***Benaderde besparing met die de-aktivering SP-eenheid***, 18 Julie 1990.

Die volgende program is goedgekeur vir die deaktivering van die Staatspresidentseenheid:[107]

| | | |
|---|---|---|
| 09:30 | : | Vlaghysing- en medaljeparades te Voortrekkerhoogte |
| 10:30 | : | Tee en verversings vir gaste |
| 11:00 - 12:00 | : | Vertonings vir ouers en ander genooide gaste |
| 15:30 - 16:30 | : | Mars deur die strate van Voortrekkerhoogte om van ander eenhede afskeid te neem |
| 16:30 - 17:30 | : | Vaandelwegbêre - seremonie te Nederduits Gereformeerde Moedergemeente, Voortrekkerhoogte |
| 18:00 - 20:00 | : | Skemeronthaal te Suid-Afrikaanse Leërkollege. |

Tydens hierdie geleentheid is sabels aan die Minister van Verdediging, Hoof van die Leër en Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag oorhandig.[108] Die vaandel waarop die eenheid besonder trots was, is tydens 'n kerkdiens in die NG Moedergemeente, te Voortrekkerhoogte, met volle militêre eerbewys, weggebêre.[109]

Die Hoof van die Leër, generaal G.L. Meiring se boodskap aan alle gaste teenwoordig was: "Ons sal die trotse eenheid mis. Dit is egter vertroostend om te weet dat die Staatspresidentseenheid nie finaal ontbind nie, maar as't ware vir 'n onbepaalde tyd rus tot tyd en wyl die mannekrag en finansiële toestand sy heraktivering moontlik sal kan maak."[110]

Ten opsigte van die mediadekking tydens die deaktiveringsprogram was die uitgangspunt van die bevelvoerder Kommandement Noord-Transvaal, brigadier G.N. Opperman, dat die deaktivering van die eenheid positief bemark moes word.[111]

---

107 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 45, ***De-aktivering van die Staatspresidentseenheid***, 30 Mei 1990.

108 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 44, ***De-aktivering van die Staatspresidentseenheid***, 30 Mei 1990.

109 SAW-Argief, SP-eenheid, houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 65, ***Vaandelbewaringseremonie en skemeronthaal***, 26 Julie 1990.

110 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 62, ***Boodskap H-Leër by die de-aktiveringsfunksie SP-eenheid***, 26 Julie 1990.

111 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 44, ***De-aktivering van die Staatspresidentseenheid***, 30 Mei 1990.

# HOOFSTUK 6

## *SLOT*

Dit is die primêre taak van elke staatsowerheid om wet en orde binnelands te handhaaf en die soewereiniteit van die staat teen buitelandse aggressie te beskerm. Gevolglik het elke staatsowerheid 'n militêre mag op die been gebring, wat hom in die uitvoering van hierdie lewensbelangrike taak behulpsaam kon wees. Die samestelling en grootte van hierdie mag het ten nouste saam gehang met die tegnologiese ontwikkeling van die staat en die middele tot sy beskikking.

Het Suid-Afrika oor die infrastruktuur beskik om 'n eenheid soos die Staatspresidentseenheid in die lewe te roep? Alvorens hierdie vraag beantwoord kon word, moes daar eers gekyk word of daar wel so 'n behoefte bestaan het en waar sodanige wagte vandaan kom.

Die oorsprong van 'n Wag vir die staatshoof het uit die dae van die ou konings ontstaan. Gewoonlik was die Wag in volle gevegsmondering en veral met parlementêre sittings het die uitgelese groep 'n groot rol gespeel, want in die verlede het dit woes in die parlement gegaan en gevegte het maklik uitgebreek.

Later toe dit nie meer nodig was vir die Wag om die koning liggaamlik te beskerm nie, het die Wag net as 'n simbool van mag en gesag gedien.

Deur die jare het daar aanpassings gekom, byvoorbeeld die een enkele Wag van toentertyd is versterk tot 'n hele eenheid, soos tans met die Koninklike Wag in Engeland en die Staatspresidentseenheid die geval is.

Dat die Switserse Wag, Koninklike Wag en ander 'n invloed op die Suid-Afrikaanse eweknie gehad het, kon nie betwyfel word nie. In 'n dokument is daar aanbeveel dat die Staatspresidentseenheid film- of videomateriaal van buitelandse seremoniële vertonings moes bekom soos deur die VSA se Marinierskorps, die Franse Presidensiële Wag, die Britse 'Household of guardsdivisie' en presisiedrilvertonings soos gelewer deur die Taiwanese Weermag by geleenthede van volksfeeste en die Britse Koningin se "Colour Guard" by die Edinburgse Taptoe. Hieruit blyk dit duidelik dat soortgelyke eenhede 'n groot rol in hierdie eenheid se ontstaan gespeel het.

In die onderskeie oorlogsteaters waaraan die Staatspresidentseenheid deelgeneem het, het hulle hulself onderskei as parate, gevegsopgeleide soldate. In hierdie proses het hulle ook die agting van ander Weermagvertakkinge afgedwing, soos duidelik deur die volgende

woorde van brigadier A.K. de Jager (bevelvoerder, kommandement Westelike Provinsie) weerspiëel word: "The State President's Unit has achieved high standards both in their ceremonial and lesser-known operational functions. All of this has contributed to promote the image of the South African Army."[1]

Verder was dit uit hierdie ondersoek duidelik dat hierdie eenheid nie alleen 'n belangrike rol ten opsigte van seremoniële aspekte gespeel het nie, maar ook betreffende hulle ondersteuning aan ander eenhede ten opsigte van onlusbekampingsoperasies, isolering en visentering van verdagte gebiede, noodleniging en beperkte onkonvensionele aksies.[2]

Die ontstaan van die eenheid moes ook gesien word teen die agtergrond van mobilisasie in die Weermag gedurende die sestigerjare. Hierdie mobilisering is in omstandighede van hoë druk ingestel en het beoog om die Weermag van Suid-Afrika in die kortste moontlike tyd tot die maksimum sterkte op te bou. Dit het meegebring dat daar weg beweeg is van die lotingstelsel, 'n stelsel volgens mnr. P.W. Botha (minister van Verdediging), van toevallige diskriminasie. Hier het dit dus gegaan om die herorganisering van alle fasette van die Weermag. Die Weermag is planmatig uitgebou, 'n doeltreffende bevelstruktuur is geskep om sodoende sy slaggereedheid so doeltreffend moontlik te maak, om enige aggressie na die beste van sy vermoë te bekamp.

Gesien teen hierdie agtergrond ontstaan die vraag of die stigting van hierdie eenheid 'n besliste bydrae sou kon lewer tot die herbewapening van die Suid-Afrikaanse Weermag. Hierdie eenheid het 'n besliste bydrae gelewer as in ag geneem word dat hierdie eenheid in werklikheid ook getaak was om doeltreffende, parate infanteriesoldate daar te stel. Hierdie dekade is dus gekenmerk enersyds om die verkryging van moderne tegnologie en wapentuig en andersyds die daarstelling van parate, weerbare manskappe. Van lede van hierdie eenheid was verwag: lojaliteit, inisiatief, liggaamlike fiksheid en uithouvermoë, 'n hoë standaard van selfdissipline en 'n trots op hulle voorkoms en eenheid. Kombineer bovermelde eienskappe van hierdie eenheid met die daarstelling van effektiewe infanteriesoldate en die eindresultaat is 'n wenkombinasie.

Dat die Staatspresidentseenheid 'n ten volle opgeleide infanterie-eenheid was, is nie 'n algemene bekende feit nie. Wat die opleidingsprogramme en fasiliteite betref, is daar reeds in 'n vroeë wordingsfase tot die besef gekom dat hierdie aspek van die

1 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenisléer, léerno. 514/2/9/1, vol. 2, inlaag 43, ***Staatspresidentseenheid-jaarboek: gedenkuitgawe vir 21 jarige bestaan***, 1988.

2 SAW-Argief, Pretoria, Kmdt. N.T. HK-eenheid, groep 5, houer 693, léerno. G/OPS/1/1, inlaag 2, ***Bevel en beheer van die SAW***, 1984.

Staatspresidentseenheid ten alle koste ontwikkel en uitgebrei moes word. Derhalwe is daar op dinamiese opleidingsprogramme in samewerking met ander Weermagvertakkinge besluit. Hierdie opleidingsprogram het ooreengestem met ander infanterie-eenhede. Dat die opleiding wat die eenheid aanvanklik in sy beginjare ontvang het, nie heeltemal aan die vereistes wat aan hulle onder operasionele omstandighede gestel was, voldoen het nie, ly geen twyfel nie. Hierdie feit word duidelik onderstreep in doelwitte wat deur die eenheid vir homself gestel is, naamlik: die standaard van opleiding en die beplanning daarvan was nie na wense nie,[3] en die produk wat die eenheid verlaat as infanteris, moes tot eer van die eenheid strek.[4]

Volgens hierdie doelwitformulering, was die belangrikste tekortkominge in die Staatspresidentseenheid se mondering, die gebrek aan 'n Opleidingsbeplanningsentrum, die bekomming van 'n nabygeleë terrein waar skerppuntammunisie-opleiding gedoen kon word; te veel klem op teoretiese in plaas van praktiese opleiding en om junior staflede deur middel van indiensopleiding te bekwaam. Hierdie tekortkominge het egter, namate meer fasiliteite vir opleiding beskikbaar geword het, in so 'n mate verbeter dat kaptein H.J. Vermeulen (tweede in bevel by Staatspresidentseenheid) in 'n skrywe met genoegdoening kon verklaar dat die Staatspresidentseenheid hom ook as 'n prestige gevegseenheid bewys het.[5]

Ook die Hoof van die Leër het by die deaktiveringsfunksie van die eenheid, nostalgies die volgende verklaar: dat sedert die eenheid se ontstaan 23 jaar gelede, het die eenheid, behalwe om swier en luister aan seremoniële geleenthede te verleen ook ses Staatspresidente bedien en terselfdertyd sy effektiwiteit op die slagveld bewys. Die eenheid se bydrae tot die vernietiging van Swapo basisse, Moskou en Viëtnam, in Mei 1979 was blywende getuienis van hul operasionele gedugtheid. Die feit dat hulle in die drie en twintig jaar diens in die Suid-Afrikaanse gevegsteaters geen man verloor het nie, spreek boekdele.[6]

Wanneer al die genoemde feite van die Staatspresidentseenheid se optredes in ag geneem word, is dit duidelik dat die eenheid daarin geslaag het om lede totaal weerbaar te maak; om doelgerigte opleiding aan te bied ten einde goed toegeruste soldate vir die Suid-Afrikaanse

---

3 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 118, lêerno. 501/4/1, inlaag 4, ***Wag doelwitte vir volgende ses maande***, 24 Junie 1984.

4 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 9, lêerno. 103/1/8, inlaag 36, ***Doelwitte: SP-Wag***, 29 Mei 1981.

5 SAW-Argief, Pretoria, houer 133, lêerno. 511/3/8/1, inlaag 2, ***Briefwisseling: SP-Wag geskiedenis***, 16 September 1982.

6 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 62, ***Boodskap H-Leër by die deaktiveringsfunksie: Staatspresidentseenheid***, 26 Julie 1990.

Leër te bied en by taking van operasies, dit professioneel goed te beplan en doelgerig binne die spektrum van die opdrag uit te voer.[7]

Voorts het die Staatspresidentseenheid daarin geslaag om binne die konsep van groepdinamika in 'n hegte eenheid saam te bind. Seker een van die vernaamste eienskappe van die eenheid was om vermoëns en prioriteite as integrale deel ter bereiking van die doel toe te pas en te beplan.[8]

Die Staatspresidentseenheid was 'n eg-Afrikaanse kultuurbesit, wat met die deaktivering, verlore geraak het in hierdie kulturele verskeidenheid van Suid-Afrika. Die ontstaan en inisiëring is deur 'n Afrikaanse kultuurorganisasie geloods. Waarskynlik het die deaktivering van die eenheid, nog 'n hoofstuk in Suid-Afrika se militêre geskiedenis afgesluit.

Die vraag kan egter gevra word of die Staatspresidentseenheid wel voldoen het aan die eise wat aan hom gestel is. Kyk ons na die eise soos in sy doelwitte uiteengesit naamlik: om deur middel van seremoniële optredes totaal toegewyd te wees aan die amp van die Staatspresident en om alle lede doeltreffend op te lei in die infanterierol,[9] was die antwoord onteenseglik "JA". Enigiemand wat dalk dink dat die Wag bestaan het uit 'n klomp opgesmukte poppe, begaan 'n groot fout. Hierdie eenheid het bestaan uit deeglik opgeleide infanteriste wat nog die bykomende taak moes verrig om op te tree as een van die vertoonvensters van die Suid-Afrikaanse Weermag.

Hul deelname aan oorlogsteaters het die grondslag vir toekomstige troepe, beheer en bevel gelê. Die manne se moreel was staalhard gesmee en 'n mens sidder om te dink wat in die stryd teen Swapo sou gebeur het, indien daar nie 'n effektiewe opleidingsprogram gevolg is nie.

In die studie is gewys op die organisatoriese struktuur van die Staatspresidentseenheid. Die onvermoë of onwilligheid om selfrekenpligtige status aan die eenheid te verleen, het meegebring dat daar 'n strakke en lompe struktuur bestaan het en dat daar weinig sprake van soepelheid was. Daarteenoor het ander eenhede duidelik gedefinieerde substrukture van

7 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, ***Doelstellings van die Staatspresidentseenheid***, 1987.

8 SAW-Argief, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer, lêerno. 514/2/9/1, vol. 2, ***Doelstellings van die Staatspresidentseenheid***, 1987.

9 SAW-Argief, Pretoria, SP-eenheid, houer 11, lêerno. 103/1/10, inlaag 19, ***Opleiding, riglyne vir basiese opleiding***, 5 Januarie 1989.

administratiewe, finansiële en logistieke afdelings gehad, wat aan hulle 'n doeltreffende infrastruktuur besorg het.

Namate die eenheid ontwikkel het, het 'n totale transformasie in die organisatoriese opset van die eenheid ingetree om sodoende 'n meer effektiewer struktuur te skep. Die eenheid het nie in grootte gestagneer nie, maar eerder op hierdie gebied 'n geweldige ontwikkeling getoon.

Ook die kwessie dat die Staatspresidentseenheid as loseereenheid by ander eenhede ingedeel was, het heelwat kritiek uitgelok. Dit het meegebring dat bepaalde kultuurgoedere van 'n eenheid, sy tradisionele gebruike, drag en ander voorwerpe in hierdie saamgroepering, verlore geraak het.

Heelwat leemtes is waargeneem wat die effektiwiteit van die eenheid kon benadeel. Sake soos 'n tekort aan personeel, veral op die logistieke gebied, die kort waarskuwingstyd vir eksterne aktiwiteite met ander woorde die verlenging en opskorting van Parlementêre sittings het heelwat probleme geskep. Dit het ook meegebring dat die eenheidsbevelvoerder vir lang tydperke van die jaar afwesig was. Ondanks baie ongeskeduleerde aktiwiteite was die eenheid in staat om buigsaam op te tree.

In die lig van bogenoemde feite kon met reg na die Staatspresidentseenheid verwys word as die prestige eenheid (voor deaktivering) in die Suid-Afrikaanse Weermag, wat deur sy seremoniële optredes en sy prestasies op die Namibiese grens altyd 'n navolgenswaardige voorbeeld gestel het. Daardeur het die eenheid homself ook bewys as 'n onafhanklike infanterie eenheid met die hooftaak om totaal toegewyd te wees aan die amp van die Staatspresident.

# BRONNELYS

## 1. ONGEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

### *1.1 SUID-AFRIKAANSE WEERMAG (SAW) - ARGIEF*


**1.1.1 Adjudant-generaal/Hoof van Weermag - Administrasie (AG/HWA)**

Houer 118, lêerno. AG/508/2/3, inlaag 28a.

Houer 118, lêerno. AG/508/2/3, inlaag 28b.

Houer 118, lêerno. AG/508/2/3, inlaag 28c.

Houer 118, lêerno. A/Vis/2, inlaag 64.

Houer 119, lêerno. AG/508/3/2, inlaag 17.

Houer 179, lêerno. AG/538/1, vol. 3, inlaag 1.

Houer 179, lêerno. AG/538/1, vol. 3, inlaag 111.

**1.1.2 Dokumentasiediens**

Houer 177, lêerno. 514/3/4/10/10 MIB, inlaag 48.

**1.1.3 Eenheidsgeskiedenislêers**

**1.1.4 Hoof van die Leër: H-Leër, groep 3**

Houer 4, lêerno. G/SD/25/5/1, inlaag 69.

**1.1.5 Hoof van die Leër: H-Leër, groep 4**

Houer 4, lêerno. G/SD/3/0, inlaag 7.

Houer 4, lêerno. G/SD/3/0, inlaag 9.

Houer 4, lêerno. G/SD/3/0, inlaag 27.

Houer 4, lêerno. G/SD/3/0, inlaag 63.

Houer 11, lêerno. G/SD/3, inlaag 19.

Houer 57, lêerno. G/SD/25/1, inlaag 11.

Houer 57, lêerno. G/SD/25/1, inlaag 15.

Houer 120, lêerno. G/SD/3/6, inlaag 4.

Houer 120, lêerno. G/SD/3/6, inlaag 6.

Houer 120, lêerno. G/SD/3/6, inlaag 15.

Houer 361, lêerno. A/Vis/1/2, inlaag 1.

Houer 361, lêerno. A/Vis/1/1, inlaag 92.

Houer 561, lêerno. G/SD/20, deel 2, inlaag 5C.

1.1.6 **Hoof van die Leër: H-Leër, groep 10**

Houer 85, lêerno. A/Cer/5/2/19, inlaag 37.

Houer 85, lêerno. A/Cer/5/2/19, inlaag 61A.

Houer 85, lêerno. A/Cer/5/2/19, inlaag 92.

1.1.7 **Kommandant-Generaal, Groep 1: KG-groep**

Houer 57, lêerno. GISD/10/1, inlaag 6.

1.1.8 **Kommandement Noord-Transvaal Groep 4: Kmdt. N.T.**

Houer 47, lêerno. A/Vis/2, inlaag 17.

Houer 47, lêerno. A/Vis/2, inlaag 19.

Houer 47, lêerno. A/Vis/2, inlaag 82.

Houer 47, lêerno. A/Vis/2, inlaag 107.

1.1.9 **Kommandement Noord-Transvaal Groep 5: Kmdt. N.T. HK-eenheid**

Houer 16, lêerno. A/ADM/5/0, inlaag 27.

Houer 393, lêerno. G/OPS/1/1, inlaag 2.

Houer 646, lêerno. A/Pers/42, inlaag 14.

Houer 1011, lêerno. A/ADM/9/15 inlaag 12.

1.1.10 **Minister van Verdediging, P.W. Botha-groep MVB**

Houer 48, lêerno. 42/8, inlaag 17.

Houer 48, lêerno. 42/8, inlaag 27.

Houer 48, lêerno. 42/8, inlaag 29.

Houer 69, lêerno. 70/4, deel 1, inlaag 18.

Houer 130, lêerno. MV/12/8/1, inlaag 2.

1.1.11 SP-eenheid

Houer 5, lêerno. 102/5/3, inlaag 11.

Houer 7, lêerno. 102/12/B, inlaag 4.

Houer 9, lêerno. 103/1/B, inlaag 36.

Houer 11, lêerno. 103/1/10, inlaag 1.1.

Houer 11, lêerno. 103/1/10, inlaag 19.

Houer 17, lêerno. 103/13/B, inlaag 82.

Houer 19, lêerno. 103/13/1/7, inlaag 17.

Houer 19, lêerno. 103/13/1/7, inlaag 42.

Houer 19, lêerno. 103/13/1/7, inlaag 43.

Houer 19, lêerno. 103/13/1/7, inlaag 60.

Houer 19, lêerno. 103/13/1/7, inlaag 69.

Houer 39, lêerno. 103/14/2, inlaag 91.

Houer 40, lêerno. 104/10/14/6, inlaag 67.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 13.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 54.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 55.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 56.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 57.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 58.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 59.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 60.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 61.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 62.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 63.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 64.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 65.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 66.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 67.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 68.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 69.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 70.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 71.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 72.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 73.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 74.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 75.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 76.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 77.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 78.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 79.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 80.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 81.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 82.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 83.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 84.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 85.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 86.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 87.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 88.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 89.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 90.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 91.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 92.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 93.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 94.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 95.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 96.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 97.

Houer 43, lêerno. 104/13, inlaag 98.

Houer 54, lêerno. 106/1/1, inlaag 12B.

Houer 54, lêerno. 106/1/1, inlaag 15.

Houer 64, lêerno. 209/1, inlaag 13.

Houer 73, lêerno. 305/1/1/5, inlaag 11.

Houer 74, lêerno. 305/3, inlaag 9.

Houer 75, lêerno. 308/4/1, inlaag 8.

Houer 76, lêerno. 309/1, inlaag 13.

Houer 77, lêerno. 311/7/11, inlaag 14.

Houer 107, lêerno. 406/3/38/4, inlaag 72.

Houer 107, lêerno. 406/3/38/4, inlaag 74.

Houer 107, lêerno. 406/3/38/4, inlaag 75.

Houer 111, lêerno. 406/11/1/1, inlaag 6.

Houer 115, lêerno. 501/3, inlaag 2.

Houer 115, lêerno. 501/3, inlaag 40.

Houer 115, lêerno. 501/3, inlaag 53.

Houer 115, lêerno. 501/3, inlaag 82.

Houer 116, lêerno. 501/3, inlaag 4.

Houer 116, lêerno. 501/3, inlaag 13.

Houer 116, lêerno. 501/3, inlaag 17.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 1.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 2.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 9.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 44.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 45.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 59.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 62.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 65.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 72.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 73.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 74.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 75.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 76.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 77.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 78.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 79.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 80.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 81.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 82.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 83.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 84.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 85.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 86.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 87.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 88.

Houer 119, lêerno. 502/1/1, inlaag 89.

Houer 120, lêerno. 502/6, inlaag 7.

Houer 133, lêerno. 511/3/8/1, inlaag 2.

Houer 134, lêerno. 512/2, inlaag 3.

Houer 134, lêerno. 512/2, inlaag 4.

Houer 134, lêerno. 512/2, inlaag 6.

Houer 134, lêerno. 512/2, inlaag 35.

Houer 134, lêerno. 512/2, inlaag 46.

Houer 135, lêerno. 512/2/1/3, inlaag 23.

Houer 135, lêerno. 512/2/1/3, inlaag 26.

Houer 135, lêerno. 512/2/1/3, inlaag 32.

Houer 138, lêerno. 512/3/15, inlaag 15.

Houer 142, lêerno. 514/10/12, inlaag 91.

Houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 10.

Houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 19.

Houer 155, lêerno. 520/1, inlaag 34.

### 1.1.12 Verslae groep

Houer 58, lêerno. HSP/DBD/503/2/1.

## 2. REGERINGSPUBLIKASIES

Suid-Afrika (Republiek), Volksraad, ***Debatte***, 20 Januarie 1967 tot 15 Junie 1967, kolom 2804.

## 3. ONDERHOUDE

Nawn, J.H., Onderhoud, 1994.

Steyn, J.P. Onderhoud, 1994.

Van der Merwe, P.P., Onderhoud, 1994.

Wandrag, N., Onderhoud, 1991.

## 4. PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGE

Haupt, D.J., ***Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse Republiek*** (ongep. akademiese verhandeling, UP, 1946).

Steenkamp, J.A., ***Die verdedigingstelsel van die Vrystaatse Republiek, 1854 - 1899*** (ongep. akademiese verhandeling, UOVS, 1976).

Swemmer, T.P.E., ***Die geskiedenis van die Vrystaatse Artillerie*** (ongep. akademiese verhandeling, UOVS, 1953).

Wessels, F.J.H., ***Die owerheidstaak*** (ongep. D.Phil.-proefskrif, UOVS, 1957).

# 5. KOERANTE EN TYDSKRIFTE

## 5.1 *KOERANTE*


***Beeld***, 1978, 1979.

***Die Hoofstad***, 1978.

***Die Transvaler***, 1977, 1978, 1985.

***Eastern-Province-Herald***, 1978.

***Oggendblad***, 1977.

***Sunday Express***, 1963.


## 5.2 *TYDSKRIFTE*


Anon., "Samestelling van 'n kompanie" ***Paratus***, 1977, p.8.

Anon., "Staatspresidentswag: 10 jaar van diens", ***Paratus***, Junie 1977, pp.6-7.

Barnard, C., "Ons eie Presidentswag", ***Huisgenoot***, 22 Maart 1968, p.15.

Botha, H.J. en Ploeger, J., "Die Duitse aandeel in die militêre geskiedenis van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika", ***Militaria***, vol. 2, no.4, 1970, pp.8-16.

Bouch, R.J., "Die uniform van die Transvaalse Staatsartillerie", ***Militaria***, vol. 4, no.3, 1974, pp.24-27.

Ferreira, O.J.O., "Die Staatsartillerie van die ZAR", ***Militaria***, vol. 6, no.2, 1976, pp.1-15.

Fourie, D.F.S., "Waar ontstaan ons militêre tradisies dan"? ***Militaria***, vol. 11, no.3, 1891, pp.35-37.

Meyers, E.M., "Die ontstaan en ontwikkeling van die Staatspresidentswag", ***Militaria***, vol. 16, no.5, 1986, pp.1-32.

Ploeger, J., "Uit die geskiedenis van die 'Corps Staatsartillerie' van die ZAR", ***Militaria***, vol. 15, no.4, 1985, pp.1-10.

Smith, G., "Guards of the smallest state", ***Soldier***, vol. 39, no.17, September 1893, pp.22-24.

Van de Venter, A., "Nasionale vaandel vir alle eenhede", ***Paratus***, Mei 1988, p.7.

Van de Venter, A., "Trotse wag maak militêre geskiedenis", ***Paratus***, Mei 1988, pp.5-7.

# 6. LETTERKUNDIGE BRONNE


Brackenbury, H., ***The nearest guard: a history of Her Majesty's Body Guard of the honourable Corps of Gentlemen-at-Arms***. (London, Harrison and Sons, 1892).

Breytenbach, J.H., ***Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902***, deel 1 (Pretoria, Staatsdrukkery, 1969).

Henderson, J.L., ***Since 1945 Aspects of Contemporary World History*** (....)

Laffin, J., ***Women in battle*** (Londen, Abeland Schuman, 1967).

Schoonees, P.C. e.a. (reds.), ***HAT: verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*** (Klerksdorp, Voortrekkerpers, 1965).

Van Aswegen, H.J., ***Geskiedenis van Afrika*** (Johannesburg, 1980).

Van Jaarsveld, F.A., ***'n Inleiding tot die studie van geskiedenis*** (Johannesburg, Nasou Beperk, s.j.).

Van Jaarsveld, F.A., ***Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*** (Johannesburg, Perskor uitgewery, 1982).

Venter, E.A., ***400 Leiers in Suid-Afrika oor vier eeue*** (Potchefstroom, skrywer, 1980).

# BYLAE A

In die verhandeling word verskillende begrippe en woordbepalings gebruik.

| | |
|---|---|
| Ad hoc: | vir 'n bepaalde doel of omstandighede.[1] |
| Administratiewe: | die beheer- of bestuursfunksie. |
| Bevelaffiliasies: | die samewerking onder aanvoering van verskillende vertakkinge in die Weermag. |
| Degen: | 'n reguit steekwapen. |
| Dissiplinêre beheer: | maatreëls wat toegepas word om orde en tug te handhaaf. |
| Esprit de corps: | gees van kameraadskap.[2] |
| Groepkohesie: | die aantrekking van 'n aantal persone wat bymekaar pas en apart van andere is. Daar is 'n samebindende faktor wat die groep met mekaar identifiseer. |
| Gimnasia: | die versamelnaam vir die Leërgimnasium, Lugmaggimnasium en Vlootgimnasium. |
| Kampkommandant: | persoon met die hoogste militêre rang in 'n kamp, wat dan ook die bevelvoerder was. |
| Koerier: | boodskapper wat belangrike staatdokumente persoonlik aflewer. |
| Kommandant-generaal: | hoewel die meeste van ons stamlande die samestellings "generaal-majoor, Luitenant-generaal en die Duitsers "Generaloberst" (kolonel-generaal) en Generalfeldmarschall gebruik kom die Kommandant-generaal of 'n ekwivalent daarvan nêrens as 'n rang voor nie. Die Britte gebruik dit wel as 'n ampstitel, Commandant-general vir die bevelhebber van die Royal Marines. In die geskiedenis van die Kaapkolonie (tot 1910) en Natal (ook tot 1910) sowel as in die Republieke van Transvaal en die Vrystaat is die woord ook as 'n ampstitel gebruik. Die Kommandant-generaal in Transvaal het ook benewens sy militêre funksies siviele funksies gehad. Uit argiefstukke is dit duidelik dat die term Kommandant-generaal deur die Boererepublieke as 'n ampstitel aangevoel is, net soos Prokureur-generaal, en nie as 'n suiwer militêre rang nie.[3] |
| Kontingent: | is die aandeel, bydrae in 'n bepaalde funksie. |

---

1 P.C. Schoonees e.a. (reds.), ***HAT: verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal,*** p.17.

2 P.C. Schoonees e.a. (reds.), ***HAT ...,*** p.209.

3 Suid-Afrikaanse Weermag (SAW)-Argief, Pretoria, Kommandant-generaal, (KG-groep) groep 1, houer 57, Lêerno. G/SD/10/1; inlaag 6, ***Geskiedkundige agtergrond van militêre woordgebruike en range***, 1961.

Logistiek: wetenskap wat hom besighou met beplanning, teenuitvoerbringing, berekening van militêre aksies, voorsiening van voorrade op die doeltreffendste wyse sodat troepe onder gunstige omstandighede kan veg; berekening in verband met die verplasing en inkwartiering van troepe.[4]

Militêr: van die latyns "militaris" wat op sy beurt van die woord "miles" (soldaat) afkomstig is. "Miles" stam weer af van 'n woord wat 'n klomp beteken. Dus miles - iemand wat in 'n klomp marsjeer. Militêr is dus marsjerende mensemassa, 'n woord dus wat as versamelwoord vir alle persone wat in die gewapende magte dien, gebruik kon word.[5]

Rekenpligtige: verplig om verantwoording te doen van inkomstes en uitgawes, verantwoordelik vir geldelike beheer.

Staatspresidentseenheid: die samevoeging van die Staatspresidentswag (Suid-Afrikaanse Weermag) en die Presidentseenheid (Suid-Afrikaanse Polisie) in 1986.

Staatspresidentswag: die eenheid is amptelik in 1967 gestig en sou die naam dra tot die amalgamering van bovermelde eenhede.

Sabel: geboë swaard waarvan die een kant skerp is.

Veldkornet: 'n kornet is histories die laagste offisiersrang in 'n ruitery-eenheid - dus gelykstaande aan 'n vaandrig of tweede luitenant. Herlei van Spaans Corneta wat in Spanje as militêre rang gebruik is. Met die stigting van die Voortrekkerrepublieke het die "Boere" die sivielmilitêre stelsel wat hulle in die kaapkolonie ontwikkel het verder uitgebou en het die veldkornetsamp 'n belangriker burgerli-administratiewe insig verkry as in die Kaapkolonie. Die rang is nooit in die Boererepublieke as suiwer militêre rang gebruik nie. Dit is duidelik dat die titel veldkornet in Suid-Afrika deur eie ontwikkeling 'n veel belangriker aansien verwerf het as die oorspronklike rang van kornet in Nederland, 'n rang wat feitlik nooit as sulks in die Suid-Afrikaanse geskiedenis voorkom nie.

---

4 P.C. Schoonees e.a. (reds.), *HAT: ...*, p.658.

5 SAW-Argief; Pretoria, Kommandant-generaal. (KG-groep), groep 1, houer 57, lêerno. G/SD/10/1; inlaag 6, *Geskiedkundige agtergrond ...*, 1961.

# BYLAE B

## FOTO'S

Bladsy

Foto no. 1: President T.F. Burgers, stigter van die Transvaalse Staatsartillerie ............ 51

Foto no. 2: Henning Pretorius (1844-1897) vader en eerste Kommandant van die Staatsartillerie ........................................................................ 54

Foto no. 3: Winter- of parade uniform van 'n korporaal. ........................................ 58

Foto no. 4: Winteruniform. ............................................................................ 59

Foto no. 5: Somer velddiensuniform van 'n offisier in die Staatsartillerie. ................. 60

Foto no. 6: Winteruniform van 'n offisier. Let op pet as hoofbedekking. .................. 61

Foto no. 7: Variasie van manskap se uniform. ................................................... 62

Foto no. 8: Adjudant in 'n variasie van uniform met pet as hoofbedekking. ................ 62

Foto no. 9: Burgerlike klere wat deur die Staatsartillerie gedra is. .......................... 63

Foto no. 10: Parade uniform met meer versierings. .............................................. 64

Foto no. 11: Genl. Piet Joubert. ........................................................................ 65

Foto no. 12: Kapt. R.F.W. Albrecht, bevelvoerder van die Vrystaatse Artillerie. ........... 68

Foto no. 13: 'n Luitenant van die OVS Staatsartillerie in 1870 in die eerste uniform. ...... 71

Foto no. 14: 'n Luitenant in die Velddrag van die OVS Staatsartillerie. Die tweede patroon is in 1980-90 gedra. ............................................................ 72

Foto no. 15: 'n Sersant dra die ou republikeinse velddrag tussen 1880-1890. .............. 73

Foto no. 16: 'n OVS Staatsartillerie artilleris in volle mondering aangeneem. ............... 74

Foto no. 17: Staatspresidentseenheid lede besig om te masjeer tydens die opening van die parlement (1967-1984). ............................................................ 77

Foto no. 18: Wit punthelmet met penteken voorop (1985-1990). ................................ 84

Foto no. 19: Somersdrag van SP-eenheid (1985-1990). ........................................... 84

Foto no. 20: SP-eenheid in seremoniële en paradedrag tydens opening van Parlement, Januarie 1986. ..................................................................... 84

Foto no. 21: Mnr. C.R. Swart, die eerste Staatspresident onder wie die Staatspresidentseenheid nie gedien het nie. ........................................ 88

Foto no. 22: Drie Staatspresidente in gesprek met mekaar. Mnr. C.R. Swart (middel), die eerste Staatspresident gesels met die aangewese Staatspresident, dr. Eben Dönges (regs), en met mnr. B.J. Vorster, 'n latere Staatspresident (links) ............................................................ 90

Foto no. 23: Mnr. J.J. Fouché, die RSA se tweede Staatspresident was inderwaarheid die eerste President onder wie die Staatspresidentseenheid gedien het...... 92

Foto no. 24: Mnr. J.J. Fouché arriveer vir die opening by die parlement in 1968 .......... 93

Foto no. 25: President N. Diederichs neem die saluut tydens 'n parade in 1977. .......... 93

Foto no. 26: Lid van die SP-Eenheid op diens voor die woning van die Staatspresident.. 95

Foto no. 27: Adv. B.J. Vorster .................................................................. 96

Foto no. 28: Mnr. Marais Viljoen, Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika en mevrou Viljoen............................................................................ 97

Foto no. 29: President M. Viljoen en President Mpephu stap in prosessie tydens die onafhanklikheidsvierings van Venda in 1981 ........................................ 98

Foto no. 30: Inhuldigingseremonie van mnr. P.W. Botha, eerste president in die nuwe bedeling op 14 September 1984 in Kaapstad .................................... 100

Foto no. 31: Die wapen van die Staatspresidentseenheid ....................................... 101

## GRAFIEKE

Grafiek no. 1: .................................................................................. 131

Grafiek no. 2: .................................................................................. 132

## FIGURE

Figuur no. 1: 'n Organogram van die SP Eenheid as loseerdereenheid .......................... 35

Firuur no. 2: Hoofkwartier .................................................................... 36